# Lesing 1 - 15 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

Intrede in die kinderryk. Praktiese metode tot selfontwikkeling van die kinders

**Hoofstuk 67** Hier voor ons is die poort reeds; laat ons dus maar dapper na binne gaan! Ons is in die tuin. Kyk hoe pragtig en mooi geordend alles uitgelê is. Klein boomlanings deurkruis die groot tuin en by elke kruising sien ons `n klein versierde pilaar van bome wat in die middel versier is met `n klein tempeltjie. Die weë is met die mooiste grassoort bedek, waardeur hulle `n buitengewone sagte bewandelbare weg vorm. Tussen die lane ontdek ons vry ruimtes waarop `n oorvloed van die mooiste blommetjies groei, ongeveer soos in `n goeie voorjaar op die weivelde van julle aarde.

2 Julle vra nou hoe dit is dat hierdie blomme nie vakkundig gerangskik is nie, maar eenvoudigweg bont deurmekaar uit die aarde opgroei. Dit is omdat dit hier al `n volmaakte wêreld is en al die gewasse dus op elke plek volkome **ooreenstem met die geestelike begripsvermoë wat eie aan die bewoners van so 'n plek is.**

3 **Hier woon nou juis die siele van die jongste kindertjies wat op aarde, kort na hulle geboorte, liggaamlik gesterwe het**. Hierdie kindertjies kan tog onmoontlik al ietwat geordende begrippe en voorstellinge van die Heer en Sy woorde hê; daarom sien julle hier ook alles jonk, klein en bont deurmekaar.

4 Kyk maar net voor julle. Daar in die middel van hierdie groot tuin sal julle `n gebou ontdek wat nagenoeg die **vorm het van `n groot broeikas** by julle. Wat sou dit wel wees? Wel nou, ons sal daarheen gaan en dadelik sien wat dit is.

5 Kyk, ons is al daar; laat ons deur die deur, wat vir ons geopen is na binne gaan, en dan sal dit dadelik duidelik word wat ons daarbinne sal aantref. Ons is binne en ons sien `n lang, byna onafsienbaar deurlopende ry klein bedjies, wat as`t ware op `n terras ongeveer drie voet bokant die vloer geplaas is. Kyk net verder! Agter die voorste ry is daar, deur `n paadjie geskei, nog `n tweede, vervolgens `n derde, vierde, vyfde, ensovoorts tot `n tiende ry te siene. En kyk, in elke klein bedjie sien ons `n kindjie rus en oor alle paadjies gaan honderde versorgers en versorgsters voortdurend op en af en hulle let sorgvuldig op of die een of ander kindjie iets nodig het.

6 Hoeveel sulke bedjies sal daar wel in hierdie ruimte voorhande wees? Dit kan ons maklik bereken. In één ry is 10 000 sulke bedjies en ons het op hierdie afdeling 10 rye getel; dan sou daar dus 100 000 wees. Hoeveel van sulke afdelings is daar egter wel in die gebou? Daar is tien en dus moet daar **in die hele gebou 1 000 000 sulke bedjies** voorhande wees. Volgens julle berekening neem die aantal kinders van dag tot dag toe en die kindertjies wat vandag in hierdie afdeling in hierdie wonderbare lewensbedjies volgroei word, sal spoedig na die volgende afdeling gebring word.

7 As die kindertjies op hierdie manier in al die tien afdelings van die gebou tot volle ontwikkeling gekom het, kom hulle weer in `n ander gebou, waar hulle nie meer in sulke bedjies hoef te rus nie, want daar is vir hulle rye **spesiale sagte looprekke** opgestel, waarin hulle leer om te **staan en te loop**. Die gebou het ook tien afdelings, waarin die lopery voortdurend ontwikkel word. As die kindertjies die lopery volkome bemeester het, dan is daar weer `n ander gebou met tien afdelings. In die gebou leer die kindertjies om te **praat** en dit word so verstandig aangepak dat dit beslis die moeite werd is om daarheen te gaan om hierdie onderrig instelling van naderby in oënskou te neem.

8 Bowendien is daar nie meer veel vir ons in die gebou te leer nie, want dit spreek tog vanself dat hierdie kindertjies, wat **baie voortydig vanaf die wêreld hierheen oorgebring word**, uitsluitlik deur die liefde van die Heer rypgemaak word en **dat die oppassers in die gebou engelegeeste is wat ook groot kindervriende op aarde was**. En aangesien ons dit nou weet, sal ons onsself na die derde gebou begewe.

9 Kyk, dit staan daar in die rigting van die middag en het `n aansienlike uitgestrekte vorm. Laat ons dus daarheen gaan en dadelik binne tree! Ons is al in `n afdeling, en wel die eerste. Merk julle nie hoe dit daar wemel van klein leerlinge en tussen hulle in, vriendelike en geduldige meesters en juffroue nie? En kyk hoe hierdie kindertjies voorsien is van **die mees verskillende speletjies in allerlei soorte en kleure**. Waarvoor het hulle dit dan nodig? In die eerste plek om in alle stilte begrippe te versamel in hulle siel, wat eintlik hulle wese is hier. Hier hoor ons nog geen gepraat nie, maar laat ons na `n tweede afdeling gaan.

10 Kyk, hier loop die kindertjies nie meer so wemelend deurmekaar nie, maar sit op lang rye sagte lae bankies. Voor elke tien kindertjies sien ons één leraar, wat `n voorwerp in die hand hou, en dit `n naam gee en die kindjies daardeur so goed as moontlik en vrywillig laat nasê. Die voorwerpe word altyd so gekies dat dit die aandag van die kindjies trek.

11 Bowendien sien julle ook, steeds groepies van tien kinders op die lang rye banke wat onderling deur skeidingswande afgeskerm is. Dit word so gedoen, sodat die aandag van die volgende groep kindertjies nie deur die toon van `n voorwerp versteur word nie.

12 In hierdie afdeling leer die kindertjies maar net om eenvoudige voorwerpe op te noem. In die volgende afdeling word hulle al na die benoeming van saamgestelde begrippe gelei, waarby die een begrip naamlik as grondslag dien en die bestemming in die ander lê. In die vierde afdeling leer hulle al om die begrippe vanself te verbind en leer hulle ook die woorde ken

waardeur handelinge en werksaamhede, net soos toestande, hoedanighede en eienskappe, uitgedruk word.

13 In die vyfde afdeling begin hulle as`t ware al `n bietjie te babbel. Dit word bewerkstellig deurdat die leraars aanskoulike onderrig gee, deur allerlei voorwerpe op spesiale skoolborde te toon en klein teaterstukkies op te voer, waarna hulle hulle deur die kindertjies laat vertel wat hulle nou net gesien en wat daar gebeur het.

14 In die sesde afdeling word hierdie take van onderrig al op `n ietwat uitgebreide en meer sinvolle manier voortgesit. Daar word al ietwat groter skeidingsplakkate getoon en toneelstukkies opgevoer wat betrekking het op die Heer. Hier word die kinders nog niks anders daaroor meegedeel nie as slegs die uiterlike beeld en hulle moet dan weer in die daartoe bepaalde leertyd navertel, wat hulle gesien het.

15 In die sewende afdeling, waar die kinders al behoorlik kan praat en hulle bevattingsvermoë `n merkbare hoër graad bereik het, word al beduidend groot, op die Heer betrekkende, geskiedkundige voorstellinge, nie slegs in die vorm van skeidingsplate nie, maar veral dramaties weergegee, en wat gewoonlik op so `n aantreklike manier vir die kinders aangebied word, dat hulle daar as`t ware so onder die indruk daarvan raak, dat hulle daardeur die gehoorde en gesiene meer bewustelik in hulleself opneem.

16 In die agtste afdeling laat die leraars die kinders al self klein stukkies opvoer en laat hulle dan weer vertel wat deur so 'n lewendige voorstelling uitgebeeld word.

17 Daardeur word die kindertjies op die doelmatigste manier tot selfwerksaamheid en selfstandige denke aangespoor.

18 In die negende afdeling moet die kindertjies al begin om self nuwe toneelstukkies te bedink, natuurlik onder leiding van hulle wyse leraars en die resultaat moet hulle dan ook uitbeeld, eers sonder, daarna ook met woorde.

19 In die tiende afdeling sal ons al `n hele klomp toneelspelers en toneelskrywers sien en hulle taalgebruik sal so goed ontwikkel wees, dat julle sal moet sê: Waarlik, so goed kan menigeen nie op aarde spreek nie, ook al het hy `n universiteit deurloop. `n Mens moet inderdaad hier sê:

20 As gees leer mens vinniger as in die materiële liggaam, wat dikwels met groot swakhede en onhandigheid behep is. Dit is sekerlik waar. Sou dieselfde leermetode ook daar op aarde gehandhaaf word, dan sou die lewende en opgroeiende kinders daar ook onvergelykbaar vinniger die doel van hulle geestelike ontwikkeling bereik as op die manier waarby die kind eers met allerlei onsinnige dinge volgestop word, wat later by die meer volwasse vorming eers weer moeisaam afgeleer moet word, voordat die kind in staat sal wees om iets beters op te neem.

21 Om julle `n voorbeeld ter verduideliking te gee, wil ek julle attent maak op iets wat julle al self dikwels ondervind het. Stel jou `n kind voor wat musikaal begaafd is; hoe kan hy in die vroegste stadium onder die korrekte leiding presteer? As mens egter so 'n kind, in plaas van aan `n deeglike leraar, aan `n egte knoeier toevertrou, wat self in `n sekere sin oral meer verstand het, as van dit waarin hy onderrig gee en hy die leerling bowendien `n slegte instrument gee, wat weinig of glad geen toon het nie en bowendien voortdurend ontstem is, alles onder die voorwendsel dat dit vir die eerste begin goed genoeg is, sal daar dan ooit iets van so 'n begaafde leerling kom? Ons sal net sien.

22 Na drie onnodige verspeelde jare kry ons leerling eindelik `n heelwat beter leraar. Maar hy het minstens drie jaar nodig om alles wat die leerling tot dan toe verkeerd aangeleer het, weer af te leer. Inmiddels het daar ses jaar verstryk en ons leerling kan nog niks speel nie. Mens wil nou die eerste fout goedmaak deur dadelik `n uitstekende meester aan die leerling te gee, om die musikale ontwikkeling van die kind weer so in goeie bane te lei. Hierdie meester het egter geen geduld nie en die leerling het nie veel meer plesier daarin nie. So gaan daar weer drie jaar verby en ons begaafde leerling het hoogstens `n baie middelmatige knoeier geword, terwyl hy met `n korrekte basisopleiding al iets besonders na die eerste drie jare kon gepresteer het.

23 Kyk, so gaan dit met al die onderrig op aarde en daarom verloop die vooruitgang in die ontwikkeling ook so langsaam. Maar hier is als uiters doelmatig gereël, waardeur alle vorming ook met rasse skrede vooruitgaan. Die vervolg sal ons nog pragtiger resultate laat sien.

# Lesing 2 - 16 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

Aanskoulike onderwys in trapsgewyse afdelings

**Hoofstuk 68** Julle het nou gesien hoe die onmondige kindertjies daar leer praat; maar wat volg na die praat? Kyk, daar voor ons lê al `n ander gebou. Daar sal ons binnegaan en dit sal daar onmiddellik duidelik word wat verder met hierdie kinders gebeur. Ons is al in die gebou, wat werklik skitterend is, en ontdek hier nie meer die vroeëre afdelings nie, maar die hele gebou bestaan uit `n baie groot saal. Soos wat julle julleself met die innerlike gesigsvermoë daarvan kan oortuig, het hierdie saal genoeg ruimte om aan een miljoen sulke leerlinge plek te bied, waarby bowendien nog vir elke tien kinders `n leraar aanwesig is.

2 Wat gebeur egter hier? Kyk, daar voor ons is al so 'n groepie. Julle sien `n ronde tafel, waaromheen tien klein leerlinge, saam met hulle leraar, gerieflik `n plek het. Wat het die leerlinge voor hulle, wat op die tafel lê? Ons sien boeke met nogal stewige bladsye en op die bladsye staan `n reeks klein, maar meesterlik getekende plaatjies.

3 Wat doen die leerlinge met hierdie plaatjies? Eers kyk hulle daarna en praat daaroor en vertel daarna aan die leraar hulle eie verhaal oor die deur hulle bekykte plaatjie. Dit is die eerste aanhef tot die lees; hier word maar net uitgewerkte plaatjies gelees.

4 Kyk, daar is `n hele spul tafels op die voorgrond in `n reguit lyn oor die breedte van die saal geplaas. Daar is, soos wat julle kan sien, suiwer beginners in die lees beginsel. Julle sê nou weliswaar: Dit is alles goed en wel as dit slegs om die lees van suiwer beeldskrif gaan, maar as dit hier ook gebruiklik is om deur middel van stom tekens, of sogenaamde letters te lees, dan sien ons nog nie so goed in hoe dit moontlik is dat hierdie tekens, wat slegs `n klank aangee, uit hierdie lieflike plaatjies tevoorskyn sal kom nie.

5 My liewe broeders en vriende, laat dit maar net rus! Hoe dit hier met die werk gaan, sal vir julle al by die volgende rye tafels duidelik word en julle sal julle daarvan kan oortuig dat die mens hier langs `n geheel natuurlike weg, sonder om vooraf te spel en lettergrepe te vorm, baie voortreflik kan leer lees.

6 Kyk, daar is die tweede ry al; wat sien julle hier? Julle sê: Eintlik niks anders nie as dieselfde boeke, die plaatjies is net nie meer volledig uitgewerk nie, maar slegs met sogenaamde kontoerlyne aangegee. Kyk, daar is al meer dinkwerk voor nodig, om uit die verbinding van die lyne, weer die vooraf goed uitgewerkte beeld terug te vind. Tewens kan julle daaruit aflei dat die gemoed des te meer tot aktiwiteit aangemoedig word, namate daar vir die uiterlike beskouing van `n beeld, meer weggelaat word; die gemoed word aangespoor om die ontbrekende fragmente self aan te vul. Wat die leerlinge van hierdie tweede ry doen, het ons nou gesien.

7 Laat ons na die derde gaan: Ons is daar. Wat sien julle hier? Julle sê: Weer dieselfde boeke, maar hier sien ons slegs basislyne; die kontoerlyne daaromheen is slegs met puntjies aangegee. Kyk, hier is dit al moeiliker om die eintlike plaatjie te ontdek. Dat mens daarby reeds meer na die wesenlike betekenis, in `n sekere sin na die basis van die plaatjie teruggebring word, is duidelik. Tewens word die betekenis van die plaatjies al grondiger hier uitgesoek en die lyne op sigself begin belangriker te word.

8 Daar word bowendien uitgelê wat `n reguit, `n krom en `n sirkelvormige lyn is.

9 Ons gaan na die vierde ry: Wat sien julle daar? Eweneens weer boeke, waarin die basislyne weliswaar ook nog voorkom, maar hier word hulle meer deur kontoerpunte omgewe. Aangesien die gegewe plaatjies egter `n hele spul historiese situasies voorstel, wat meestal op die Heer betrekking het, en daar dus by elke afbeelding een, of ook verskeie menslike figure voorkom, word alle dele en aansluitings van die mens duidelik deur hierdie basislyne uitgebeeld, sodat die leerlinge maklik daaruit kan aflei hoe die dele van die mens georden is en watter betekenis die eenvoudige lyne, met betrekking tot die verskillende dele en aansluitings van die mens het.

10 Wat volg egter hieruit? Dit sal ons dadelik by die volgende ry sien.

11 Kyk, ons is al daar. Hier sien ons dieselfde lyne wat kleiner en nader aaneen geryg is, terwyl die uiteinde van die lyne hier en daar op bepaalde punte uitkom. Wat beteken dit? Dit is nog steeds die eerste afbeelding, maar die lyne gaan al min of meer in leestekens oor en die leerlinge moet hierdie tekens herken asof hulle die volledige afbeelding voor hulle sou hê.

12 Laat ons nou egter na die volgende ry gaan. Daar sien julle in die boeke slegs een, twee of drie hooflyne, maar wel in baie kleiner afmetings. Hierdie afsonderlike hooflyne word hier en daar deur klein bogies met mekaar verbind om daardeur aan te gee dat hulle bymekaar hoort. Die bylyne word hier en daar slegs deur enkele kort strepies of puntjies aangegee.

13 Kyk, is dit nie al `n egte skrif nie? Ja verseker is dit so: Dit is die geheel eintlike, oorspronklike, of oerskrif, wat met die hele wese van die mens korrespondeer. Julle sê en vra: Dit is korrek, maar hoe is dit dan met die afsonderlike klinkers, of met die sogenaamde abc? Ek sê vir julle: Dit lê alles daarin beslote, want die sogenaamde klinkers word deur die puntjies en strepies aangegee, die medeklinkers word egter deur die hooflyne en hulle verbindinge uitgebeeld. Verder lees mens hier nooit deur middel van die afsonderlike letters nie en daarom leer mens ook nie eers om daarvolgens te lees nie, maar gaan dit net omgekeerd. Soos wat julle gesien het, leer mens hier om te lees,

eerstens met behulp van hierdie algemene tekens en daaruit leer mens eers naderhand die afsonderlike grondlettertipes herken en samevoeging en uit die saamgevoegde weer die algemene tekens ontdek.

14 Kyk, dit is hier die manier, om die leerlinge via die kortste en doelmatigste weg die lees by te bring.

15 Dat die vooraf geleerde spraak buitengewoon baie bydra tot die leer om te lees, hoef nouliks vermeld te word, want dit is sondermeer voor die hand liggend. Die verskil tussen die middele bestaan naamlik slegs daaruit, dat dit wat by die leer gespreek word, plasties en dramaties is, maar by die leer lees vlak geteken en verklein uitgebeeld word.

16 Ons sien egter nog meer rye; wat gebeur dan daar? Daar word voortdurend nog volmaakter lees geleer, dit beteken dat die leerlinge uit die vorm van die innerlike skrif, wat geestelik is, ten slotte deur middel van ooreenstemming, ook elke wêreldlike, uiterlike skrif leer ontdek en herken; mense in die gebou is maar net besig met lees. Dat die leerlinge in `n sekere sin vanself leer om daarby te skryf, hoef nouliks vermeld te word, want met hierdie metode slaan mens, soos julle gewoonlik sê, twee vlieë met één klap.

17 Julle sê en vra nou wel: Ja, as volgens aardse maatstawwe miskien nouliks vyf- tot sewejarige kindertjies dit alles leer, wat bly daar dan nog verder vir hulle oor om te leer? Want soos ons dit gesien het, het hulle hulle gedurende die leer praat, deur middel van die tallose, veelsoortige prente, tog al byna alles eie gemaak wat die mens maar vir hom in sy gees kan voorstel. En nog baie meer het die leer lees hulle gebied, want in hulle prente kom tog so buitengewoon baie en veelsoortige situasies voor, dat `n mens, om dit te verwesenlik, `n hele oneindigheid nodig sou hê. Daarom is dit werklik nie maklik om in te sien, wat se hoër skool daar nog hier sou wees nie.

18 Laat dit maar ewe rus; die vervolg sal julle toon wat mens nog alles hier moet leer. Julle moet veral nie dink dat mens in die ryk van die geeste as gees al in `n sekere sin, soos julle gewoond is om te sê, alle wysheid van die hemel in pag het nie, en dan nog `n skeppie daar boonop. Dit sou werklik `n buitengewone eentonige lewe wees, as mens hom in `n situasie sou bevind wat nie vervolmaak sou kan word nie. Wanneer die Heer egter Self, wat julle weliswaar nie heeltemal sal begryp nie, steeds in die ontwikkeling van Sy oneindige krag voortskry, dit wat julle maklik kan aflei uit die voortdurende skep en die voortplanting van alle dinge, hoe sou daar dan vir Sy kinders ooit een of ander stilstand kan bestaan? - Hoe sulke verdere ontwikkelinge egter gebeur, sal die vervolg toon.

# Lesing 3 - 21 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

## Hemelse skoolgebou vir aardrykskunde en wêreldgeskiedenis

Hfs 69 Kyk, hier voor ons staan alweer `n ander en verreweg groter gebou; wat word dan hier onderrig? Ons sal gou daaragter kom. Julle weet dat hierdie kindertjies hulle geboorteplek, die aarde, nooit kon leer ken nie, omdat hulle te vroeg, naamlik direk na hulle geboorte, liggaamlik gesterwe het. Maar om die Heer goed te leer ken, is dit ook noodsaaklik om die plek wat Hy as belangrikste plek vir sy erbarming gekies het, van naderby te leer ken. Daarom moet hierdie kindertjies ook juis hierdie plek van naderby leer ken om daardeur te kan begryp hoe en waar die Heer mens geword het, om die hele menslike geslag te verlos en die aarde as leerhuis vir Sy kinders in te rig. So word die geografie van die aarde hier op heel oorspronklike wyse onderrig en verseker op `n meer doelmatige manier as wat dit by julle die geval is.

2 Ons sal ons dadelik daarvan oortuig hoe hierdie geografie van die aarde hier aangebied word. In die middel van die groot saal waarin ons nou is, is `n aardbol op `n groot, pragtige voetstuk, byna gemaak op die manier soos by julle op aarde. Julle moet dit nie sondermeer aanneem nie, maar vas daarvan oortuig wees dat daar op aarde op geen gebied iets bestaan, wat nie reeds lankal vantevore in ooreenstemmende vorm in die gees aanwesig was nie. Daarom is `n atlas op aarde, ook volstrek geen uitvinding wat nie vantevore in die suiwer gebied van die gees reeds lank, ja ewig lankal beskikbaar was nie.

3 Dit kan julle ook baie goed insien, as julle die vraag aan julleself stel; wat was eerste daar, die aarde of `n deur mense gemaakte sfeer, wat die teenwoordige vorm van die aarde maar hoogs gebrekkig en skamel weergee?

4 Ek is egter van mening, omdat die aarde in die gees van die Heer sekerlik al baie lank al bestaan het, dat daar ook gegronde redes vir die bestaan van die afbeelding van die aarde sal wees. Daarom kan hierdie sfeer hier immers ook geestelik gesien, baie goed op sy plek wees, en is hy waaragtig van beduidende groter omvang as wat hy ooit by julle op aarde sal kan wees.

5 Gaan maar nader en bekyk hom. Sy oppervlak is nie so geteken soos wat dit gebruiklik is op julle aarde nie, maar dit is as`t ware `n plastiese beeldprojeksie, te vergelyk met julle sogenaamde ligbeelde, wat ook weer die allernietigste voorwerp op die kleinste skaal tevoorskyn bring. Die groot verskil egter tussen die aardse, uiterlike beeldprojeksie en hierdie innerlike, geestelike, is onberekenbaar groot, want hier mag naamlik by die noukeurigste beskouing, ook nie één atoom ontbreek nie en moet die hele natuur van die aarde volkome noukeurig uitgebeeld wees.

6 Dat dit hier gerealiseer is, kan julle alreeds by die eerste aanblik van baie naby sien; want kyk, die spruitjies, riviere en oseane is hier baie natuurlik; die spruitjies en riviere stroom en die see neem hulle op.

7 Kyk net verder! Die berge, wat die van die aarde baie getrou in die kleine voorstel, is duidelik van dieselfde materie. Die gletsers het hulle sneeu en ys, die kalkgebergtes hulle kalk, die laere alpe hulle weivelde en verder na benede hulle bebossing. En kyk net baie goed, elke stad en elke dorp is presies weergegee.

8 Daar lê byvoorbeeld juis julle stad. Bekyk haar maar en dan sal julle sien dat nie die geringste daaraan ontbreek nie. Maar kyk ook net hoe selfs wolke en newels verby trek, presies in die rigtings en in dieselfde vorme soos wat hulle hulleself altyd gelyktydig op die werklike aarde bevind. Kyk, dit is tog sekerlik `n perfekte sfeer. Hy is weliswaar taamlike groot; sy deursnee sal volgens julle maatstawwe ongeveer twintig klafter wees. (38 meter in deursnee)

9 Maar hoe kan hy dan aan alle kante oorsien word? Heel maklik, want kyk, in die eerste plek hang, of beter gesê, rus hy op die groot voetstuk deur middel van `n kolossale spil, volkome parallel aan `n ronde galery, wat presies tot by die hoogte van die pole reik. Op hierdie galery bevind ons leerlinge hulle, saam met hulle leraars, en bekyk `n hele meridiaan sorgvuldig. As hulle dit goed in hulle opgeneem het, dan word die sfeer een meridiaan verder gedraai en somaar deur, totdat die hele aarde op hierdie manier bestudeer is.

10 Maar is dit die enigste sfeer en het die leerlinge met hierdie studie die geografiese leervak beëindig? O nee! Kyk, daar ietwat verder voor ons lê alweer `n groot saal. Daarin is `n gelyksoortige sfeer, wat die aarde voorstel soos wat hy duisend jaar gelede was, en weer in `n aangrensende groot saal een, wat die aarde nog eens `n duisend jaar gelede voorstel en so gaan dit deur tot by Adam.

11 Op hierdie manier leer die leerlinge tydens die geografie, ook tegelykertyd die wêreldgeskiedenis, hulle gaan altyd net die omgekeerde weg. Hulle begin by die teenswoordige tyd en gaan sodoende van die verskynsels terug na die oorsaak, dit wat soveel wil sê as van buite na binne gaan.

12 Julle vra nou: Op aarde vind enorme veranderinge egter van jaar tot jaar plaas; hoe kan mens dit dan wel op die groot, steeds duisend jaar omvattende sfere bestudeer? Daarop sê ek niks anders nie as: Kyk net ietwat om jou heen en neem alles wat hom in so 'n groot saal bevind, in oënskou. Kyk, op `n afstand staan daar in elke saal nog tien ietwat kleiner sfere. Hulle stel die aarde van eeu tot eeu voor en wel ewe lewenseg soos wat op die grote te siene is. Agter hierdie tien sfere sal julle weer in goeie orde `n nog groter aantal ontdek, waarop die veranderinge op die aarde van jaar tot jaar aangegee word, en daaragter, die vêrste weg, in die laaste ry, sal julle baie klein sfere

ontdek met `n deursnee van nouliks drie voet, waarop die veranderinge op aarde van dag tot dag aangegee word.

13 In die eerste saal kan julle sien, dat daar, volgens julle berekening, `n nuwe sfeer elke dag aan hierdie laaste ry toegevoeg word, dit wil sê in die saal wat julle huidige millennium voorstel. Sodat die leerlinge nie te veel met die klein sfere te doen het nie, word hulle vooraf deur die leraars op die groot sfere reeds aangegee watter veranderinge hom hier of daar op aarde voorgedoen het. Daardeur leer die leerlinge alles ken en kan hom later, ter eie bevestiging, self van dit alles op die klein sfere oortuig.

14 Aan die einde van die laaste saal, waarin die aarde ten tye van Adam uitgebeeld word, is daar ook `n opening, waardeur ons leerlinge die werklike aarde, soos deur `n soort verkyker, kan bekyk, waardeur hulle hulle volkome kan oortuig van alles wat hulle in hierdie sale oor die aarde geleer het.

15 Hoe lank duur so `n leerproses egter volgens julle tydrekening? Hoogstens ses na sewe dae, want julle moet hier `n verreweg groter en meer onbelemmerde, suiwer geestelike bevattings-vermoë in aanmerking neem, waardeur so 'n geestelik gewekte kind in één minuut meer begryp as julle op aarde in één jaar. Daarenteen doen situasies hulle in die ryk van die onvolmaakte geeste voor, waarby `n gees in honderd jaar minder vooruit gaan as `n mens op aarde in één minuut.

16 So is daar ook op julle ooreenstemmende aarde en in die besonder ook op die maan, onderrig- en verbeteringsinstellinge vir geeste, waarin hulle waarlik erbarmlik sleg vooruitgaan. Maar dit hoort nie hier tuis nie, omdat die geeste hulle hier in hulle volmaaktheid en oorspronklike suiwerheid bevind.

17 Wat leer die kinders egter na hierdie kursus? Kyk, voor ons, verder na die middag, staan alweer `n enorme groot gebou. Wat word daar onderrig? Ek sê vir julle; niks anders nie as die natuurlike samestelling van die uiterlike wese van die aarde, dus die natuurlike geologie en die ontstaan van die aarde. Eers as dit alles aanskoulik en terdeë opgeneem is, gaan mens oor na die geskiedkundige, en van daaruit na die geestelike aarde. Julle sal julle egter ter plaatse daarvan kan oortuig hoe dit alles aangebied word, net soos julle dit tot nou toe gedoen het.

## Onderrig oor die wese en die ontstaan van die aarde

Hfs 70 Die nuwe gebou lê voor ons en ons gaan na binne. Wat sien julle hier in die groot saal? Klaarblyklik niks anders nie as alweer `n opgestelde sfeer, wat hom in niks onderskei van die vorige nie. Hoe sou mens egter geologie moet bestudeer met behulp van hierdie sfeer? Laat ons maar nader gaan, dan sal dit ook dadelik duideliker word.

2 Kyk, om te begin gaan hierdie sfeer presies in die middel, van pool tot pool in twee dele uitmekaar. Daarvoor is maar een duwweltjie nodig om die hele inwendige bou van die aarde van pool tot pool sigbaar te maak. Die struktuur en die bou is noukeurig weergegee volgens die werklike aarde; ja, selfs die mineraal, soos dit hier te siene is, is volkome dieselfde. As julle nou die in twee gedeelde bal bekyk, sal julle sien dat daar in die aarde, in `n sekere sin nog `n aarde van `n kleiner afmeting is, wat egter tog `n samehangende geheel met die buitenste aarde vorm, deur middel van stewige organiese bande.

3 In hierdie kleiner aarde sien julle, meer na die noordpool toe, nog een, natuurlik ook in twee gedeel, maar `n meer ovaal bal wat binne-in vol sit met are en kanale. Presies onder die ewenaar sien julle `n groot hol ruimte, wat skynbaar met `n massa opgevul is wat soos vuur lyk. Vanuit hierdie vuurmassa sien julle, via tallose organe, die vuur na die oppervlak van die aarde opstyg en van hierdie inwendige vuurholte sien julle ook, veral na die suidpool toe, verskeie groot spiraalvormige buise, waardeur julle `n groot hoeveelheid brandende dampe sien stroom. Hierdie dampe word voortdurend deur die binnestromende water vanaf die oppervlak van die aarde in hierdie vuurholte gevorm, terwyl, deur die kragtige na buite stroming daarvan in die rigting van die suidpool, die daaglikse omwenteling van die aarde bewerkstellig word.

4 Dit is nie nou die oomblik om die hele wese van die aarde vir julle uit te lê nie, maar ek wil julle net laat sien op watter manier ons meer gevorderde geestelike leerlinge hier die innerlike wese van die aarde leer ken. Ek is van mening dat ons dit verder kan laat rus, omdat elkeen van julle tog met die eerste oogopslag kan sien dat die geologie, of die bou van die gehele wese van die aarde, nie verstandiger en sinvoller onderrig en deur die leerlinge begryp sou kan word, as juis op hierdie manier nie.

5 Tewens word hier egter, naas die materiële geologie, ook nog uitgelê hoe die hele materie en die uit haar gevormde organe in wese niks anders is nie as geestelik ooreenstemmende vorme, waarin `n gevange geestelike lewe op sy verlossing voorberei word. Daar word hulle ook die trapsgewyse vooruitgang getoon, volgens wat die gevange lewe van die sentrum van die aarde uitgaan en via tallose trappe opstyg en haarself dan op die oppervlakte van die aarde weer in tallose nuwe vorme manifesteer en verder ontwikkel. Kyk, dit alles leer die leerlinge in hierdie saal.

# Lesing 4 - 22 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

Hemelse skoolgebou vir aardrykskunde en wêreldgeskiedenis

(***VERVOLG)***

6 Julle vra nou; vir soveel geestelike leerlinge sal een so 'n sfeer tog nie voldoende wees nie. O, kyk maar net rondom in hierdie saal, dan sal julle nog `n baie groot aantal sodanige apparate sien, deels in ewe groot vorme en deels in kleiner vorme. En al hierdie sfere is so gemaak, dat hulle in alle moontlike dele uiteengehaal kan word. Nadat ons dit ook gesien het, kan ons onsself weer na `n volgende saal begewe.

7 Ons bevind ons in die tweede aangrensende saal. Kyk, dit het die vorm van `n buitengewone ruie en hoë ronde saal, wat rondom ingedeel is in duisend aansienlik groot en taamlike diep, deur pilare gevormde nisse, oftewel `n soort kapel. Julle sien hier in die middel van hierdie saal niks anders nie as vlugtige wit en liggrys wolke bokant `n groot tafel.

8 Wat beteken dit? Kyk maar net in alle rigtings na die ronde vensters. Elk venster van elke kapel werp sy lig presies op hierdie tafel.

9 Deur die saamval van die strale ontstaan hierdie oënskynlike wolk nou juis. Wat kan die leerlinge egter daaruit leer? Niks anders nie as die sistematiese ontstaan van `n wêreld. Hoe, volgens die wil van die Heer, daar `n wêreld uit so 'n stralekonflik moet ontstaan, is te sien in hierdie duisend aangebringde kapelle rondom.

10 In die eerste kapel sien ons op ietwat kleiner skaal dieselfde fenomeen, wat ons al in die middel van die saal gesien het. In die volgende kapel het die ongeordende wolk al `n meer ovaal vorm, wat egter nog buitengewoon onvas is.

11 In elke daaropvolgende kapel word hierdie vorm steeds bestendiger en in `n sekere sin ook solieder. So deurloop ons honderd kapelle. Na die honderdste sien ons deur die lig deursigtige newelbal heen al `n kristalheldere waterdruppel swewe. As ons dan weer `n paar honderd kapelle deurloop het, sien ons, dat die water-bal in elke volgende kapel groter is, totdat hy uiteindelik die omvang van die vroeëre newelbal kry.

12 Vanaf dié oomblik ontdek ons in die middel van die waterbal klein deursigtige kristalletjies, wat `n bietjie lyk soos die glad gevormde sneeuvlokke, wat by `n deeglike koue dikwels soos klein diamantplaatjies rondvlieg.

13 In die daaropvolgende kapelle ontdek ons steeds meer sulke kristalle, waaromheen `n soort blouagtige vlegwerk homself na die sentrum toe begin te wikkel, waardeur die voorheen los kristalletjies met mekaar verbind word.

14 By die voortgaan deur hierdie kapelle ontdek ons in die middel van die waterbal al geleidelik aan `n grysagtige, ondeursigtige klont, waaromheen, soos in `n koue winter rondom `n boomtak, weer nuwe, helder kristalle vassit, wat soos diamante deur die waterbal heen glinster.

15 Gaan ons verder, dan sien ons ook dat hierdie nuut gevormde kristalle alweer deur `n nuwe, blouagtige weefsel, so te sê vasgebind is, en ook dat daar vanuit die steeds donker wordende klont, nog `n hele spul lugbelletjies na alle kante opstyg, waardeur daar reeds `n soort atmosferiese lug homself bokant die waterbal begin te ontwikkel. En julle sien dat hierdie ontwikkeling, namate ons verder gaan, steeds groter en duideliker word.

16 Nadat ons weer by hierdie langsaam voortgaande ontwikkeling `n paar honderd kapelle deurloop het, word hier in die eersvolgende al `n geweldige bruisende klont in die middel van `n taamlike groot waterbal sigbaar. Vinnige belle styg voortdurend daaruit omhoog en is hier al draers van `n soort newel-agtige substansie, wat hom bokant die oppervlak van die waterbal, by die uitmekaar spat van die opstygende belle, soos `n ligte newel bokant die wateroppervlak versprei. En kyk, hierdie aktiwiteite word hewiger van kapel tot kapel. By die honderdste kapel sien ons hier en daar al deur die sterk gekristalliseerde waterbal heen `n gloeiende plek van waaruit voortdurend, net soos by kokende water, dampe opstyg in die vorm van ontelbare baie belle en belletjies.

17 Verderaan sien ons al aansienlike kristalle se pieke bokant die wateroppervlak uitsteek en die waterbal is slegs hier en daar nog vry van die dampe wat bo hom sweef.

18 Nog verderaan sien ons reeds aansienlike vuurstrale wat van binne uit die wateroppervlak uiteen skeur, waardeur geweldige golwe ontstaan; deur die golwe spoel nuut gevormde klein kristal-letjies in die binneste gleuwe en op hierdie manier word die binneste, ondeursigtige bal steeds stewiger en ook ronder soos die oppervlak van die water.

19 Weer verder van kapel tot kapel voortgaande, kom ons al bliksemstrale teë wat, uiteraard op klein skaal, ontstaan in die dampe, wat die eintlike bal al soseer bedek, dat `n mens dit nog net met moeite kan waarneem.

20 Teen die einde van die museum vir wêreldvorming sien ons baie geweldige, vurige uitbarstings, wat die binnenste, vaste substansie bo die oppervlak uitspuit en daardeur berge en ander, droë vastelande vorm. By die voortgaan ontdek ons dat die kaal, vaste gesteentes hier en daar reeds met mos bedek is en in die dieper geleë streke sien ons sagter grond, wat uit die moslaag op die gesteentes en deur die invloed van die vuur in uiteengevalle gesteentes ontwikkel het.

21 In die verdere verloop ontdek ons dat die water al vol sit met infusiediertjies en dat die vorming van die

vegetatiewe aardryk vlotter verloop. By `n volgende kapel sien ons al `n soort wurm in die water. Weer verderaan word die vorming van dierlike lewe in die water steeds sterker en oorvloediger; en so sien julle deur die voortstap van kapel tot kapel, dat die aarde hom uiteindelik ontwikkel het tot die toestand waarin die skepping van die mens begin. Dit is egter nie meer hier nie, maar in `n volgende saal te sien.

22 Hoevêr sou hierdie kapelle, in die tyd gesien, egter uitmekaar lê? Ek sê vir julle: Hoewel die tydruimtes nie heeltemal gelyk is nie, sal julle nie ver verkeerd wees wanneer julle aanneem dat dit wel miljoene jare van kapel tot kapel geduur het. Want as julle die grootte van die aarde in aanmerking neem, sal julle ook kan begryp watter tydsfaktore daarvoor nodig is om een doudruppel uit die volkome nietige ligeter te wen, en dit daarna deur gestadige en steeds verder toenemende groei tot die teenwoordige omvang van die aarde te sien uitdy en ten slotte vaste vorm te sien aanneem. Meer hoef ek julle nouliks te sê.

23 Dat die leerlinge op hierdie manier, die ontstaan van `n wêreld en hier veral van die aarde, so prakties moontlik leer langs die weg van die leersame aanskouing, spreek vanself. So kan ons dus verder gaan na die volgende saal, waar die skepping van die mens uitgebeeld word en waarmee dus ook die historiese en geestelike ontwikkeling van die aarde begin.

# Lesing 5 - 23 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

Oor die heilige skool van die lewe

**Hoofstuk 71** Dit is natuurlik nie die plek hier, om die hele **skeppingsgeskiedenis van die mens**, net soos sy geskiedenis tot aan die teenwoordige tyd, in `n sekere sin van punt tot punt uit te beeld nie: Ons beskou hier slegs die manier, waarop ons die klein geestelike pupille almal bygebring word.

2 Julle kan om te begin as voldoende bekend aanneem dat hier in die ryk van die volmaakte geeste, om een of ander goeie einddoel te bereik, alles op ooreenstemmende wyse, onnoemlik wyser en verstandiger aangepak word as op aarde. Dit gebeur om die baie eenvoudige rede dat mens hier nie by een tot in die oneindige begin te tel nie, maar die mens hier in `n sekere sin by die oneindige begin en van daaruit na `n terugtel of, wat dieselfde is, mens gaan hier nie van binne na buite nie, maar van buite na binne, dit wat trouens op aarde ook die beste weg sou wees, as die mense maar nie so ydel, dwaas en dom sou gewees het nie!

3 Maar omdat die mense op aarde maar net na die mees nietige en ydele dinge strewe, glo en vertrou hulle die Heer slegs solank (wel te verstaan volgens die beste menslike maatstawwe) dit hulle liggaamlik aan niks ontbreek nie. Kom daar egter `n klein beproewing op hulle af, dan val hulle dadelik in hulle ou vertwyfeling terug en werp homself, in plaas van in die arms van die Heer, in die van `n weinig batende en baie sleg helpende wêreld. **So is dit gesteld met die beste mense, waaruit egter blyk dat hulle denke gladnie na binne nie, maar slegs na buite gekeer is.**

4 Maar waar dit met die geloof, die vertroue en die liefde vir die Heer so besonder armsalig gesteld is, dan is daar ook **geen geestelike ontwikkeling** te verwag waarby die mens in een minuut meer vooruitgang sou boek as op die gewone, hoogs miserabele wêreldse manier in twintig, ja soms selfs nouliks in honderd jaar, as die lewe van `n mens so lank sou duur.

5 Alle mense is trouens deur die Heer daarop gewys, om uitsluitlik hierdie ontwikkeling en geen ander te volg nie. Maar hulle laat die heilige skool van die lewe rus, weet absoluut nie wat hulle daaraan het nie en tob hulle liewer hulle hele lewe af met onbeduidende kennis oor die dooie natuur en haar verhoudinge. En as hulle hulleself dan aan die einde van hulle lewe afvra: Wat het ons nou eintlik met ons moeisame studie as belangrik of groots bereik, dan sal hulle eie gevoel hulle as antwoord gee: Ons het dit sovêr gebring dat ons nou op die allerbelangrikste oomblik van ons lewe nie eens in alle erns weet waaraan ons toe is nie: Ons weet nie of ons nou nog `n lewe te wagte staan of nie.

6 Sy hemel, hel en sprokies oor die geesteswêreld word bedink deur arbeidsku kloosterblindes, asof daar tog iets van waar sou wees? So nie, wat dan, en wat sal daar dan met ons gebeur? Is iets daarvan wel waar, waar beland ons dan, bo of benede?

7 Kyk, dit is duidelik die vrugte van wêreldse, uiterlike geleerdheid. Mens sal natuurlik sê: As dit al vrugte van die geleerdheid is, watter vrugte sal die mense dan voortbring wat, sowel op die platteland as in die stede, met nie veel meer geleerdheid grootword as die vee in die weiveld en die diere in die bos nie? Hierop sê ek vir julle niks anders nie as wat die Heer Self gesê het:

8 "Wie nie wedergebore word in sy gees nie, sal die ryk van die hemele of van die ewige lewe nie binnegaan nie!"

9 Ter verkryging van die wedergeboorte van die gees is dit egter noodsaaklik dat mens die heilige skool van die lewe, wat die groot, heilige Heer van al die lewe met Sy eie heilige mond vir die mense op aarde gepredik het en met Sy eie bloed verseël het, volledig in ag te neem!

10 Wie hierdie skool nie daadwerklik op die daarin aangegewe manier wil volg nie, het dit aan homself te wyte as hy die lewe van sy gees daardeur verspeel.

11 Dit is tog seker wel duidelik dat elke eienaar van een of ander goedere, al is hy hoe eenvoudig, moet weet en ook goed sal weet dat hy in die eerste plek eienaar van die goedere is, maar in die tweede plek moet weet wat se goedere hy besit en wat dit werd is.

12 As iemand hom sy eiendom sou wil betwis, dan sal hy vir so iemand sekerlik `n vinnige proses voorberei; en waarom? Omdat hy baie verseker weet dat hy die eienaar is en weet wat hy besit.

13 Wanneer iemand egter besitter van die ewige lewe in die gees is, sê net, kan hy dan wel vra of sy siel en sy gees met die lewe van sy liggaam sal vergaan of nie? Wie vra na die hoe, wanneer en wat, waarvandaan en waarheen, is sekerlik geen besitter van die ewige lewe nie, maar slegs `n armsalige kneg in die loondiens van die wêreld, wat bo alles vrees om die lewe van sy liggaam te verloor; waarom wel? Omdat hy geen ander lewe ken nie.

14 Maar hulle wat waaragtige leerlinge van die skool van die Heer vir die ewige lewe is en voorheen was, verag die dood van die liggaam en verlang met groot vreugde en saligheid na die volledige ontbinding van die swaar, uiterlike lewensbande met die wêreld. Hulle getuig van die waarheid van die lewenskool van die Heer - as martelare met hulle bloed.

15 Soek in die teenwoordige tyd maar net die martelare! Hier en daar is daar nog wel eg dapper verdedigers van die heilige lewenskool van Christus, die Heer, maar hierdie verdedigers is soos hoenders in `n boom, wat hulle vrolik maak oor die benede hulle ronddansende jakkals, omdat hulle instink hulle sê dat die vyand hulle tog nie so kan aanvat nie. Maar as die hoenders op die grond loop en die jakkals kom daar

aan, dan is dit gedaan met die vrolikheid oor die vyand en doodsangs dwing ons dapper geveerde helde om haastig op die vlug te slaan.
16 So is dit ook vandag gesteld met die standvastigheid in die geloof. Solank iemand hom in een of ander hoek van die aarde veilig verweer teen die kloue van die heers- en hebsugtige grotes van die aarde, solank spreek hy ook soos `n Moses op die Sinai. Het hierdie groot en magtige vriende van die wêreld en vyande van die waarheid egter ons Moses ontdek en maak hulle aanstaltes om hom op `n wêreldse, hoogs onaangename manier tegemoet te tree, dan kyk ons waarheidsprediker om hom heen of daar nie êrens `n poortjie oopstaan om te ontsnap nie. Sou dit geblokkeer wees, dan word na `n streng wêreldlike ondersoek deur die sterk bedreigde profeet dieselfde sogenaamde moedige beslissing geneem wat die sterrekundige Copernicus, met betrekking tot julle wetenskap geneem het toe hy, tot sy groot skrik, die brandstapel voor hom gesien het. Ook sommige werklik vroom mense in Spanje het so gehandel. Hulle wou ten tye van die inkwisisie (staatsondersoek) ook menige, deur die Heer Self meegedeelde leerstellings, eerder verbrand as om `n groot narigheid oor hulle te laat heenkom.
17 Tog was dit op sigself nog altyd lofwaardige en agtenswaardige mense, want hulle diep in hulself tog oortuig het van die waarheid, hulle het net nie die moed gehad om dit na buite toe te beken nie.
18 Die Heer het egter wel gesê: "Wie My bely voor die wêreld, hom sal ook Ek bely voor My Vader"! Of anders gesê: Wie my waaragtig in sy gees sal opneem, die sal My ook in die volle krag van die waarheid in homself voor die gehele wêreld bely; Ek sal hom daarom ook in die volheid van My liefde as Vader erken.
19 As dit egter so gesê is, dan kom daarin seker niks anders tot uiting as enersyds dit wat deur die woord van die Heer weergegee was nie wat lui: "Baie is geroep, maar weinig is uitverkies"! Of duideliker gesê: Baie sal in die hiernamaals weliswaar die ewige lewe verkry, **maar slegs baie min sal die groot geluk ten deel val om as kinders in die eintlike vaderhuis opgeneem te word.** Want die verkryging van hierdie genade vra geweld en hy wat dit nie met geweld na hom toe trek nie, sal dit nie verkry nie.
20 Andersyds staan daar ook wel: "My juk is sag en My las is lig". Hierdie gedeelte kan vir diegene tot troos wees wat die waarheid wel vol oortuiging besit, maar daarnaas tog ook soveel van die wêreld het wat hulle die moed ontneem om die waarheid openlik voor die wêreld te bely. Hulle het dan werklik in hulle die synde waarheid van die ewige lewe `n sagte juk en `n ligte las voorhande. Die weiniges wat al egter die wêreldse uit hom verban het, verkry dan die Gees van krag en sterkte, vrees geen wêreld meer nie, bely die ewig lewende waarheid openlik in hulle en trek die huis van die Vader na hulle toe deur die geweld van hulle geloof en hulle liefde vir die Heer.
21 Dit kan julle ook uit die volgende aflei: Stel jou een of ander huisvader voor met besittings op die platteland, wat, behalwe sy kinders, ook verskeie getroue goeie bediendes het. Mag daar egter diewe of rowers die huis binnedring, dan sal die bediendes uit vrees en angs versteen; sy volwasse seuns daarenteen sal met alle krag en moed die misdadige rowers en diewe gryp en die lewe van hulle vader en moeder moedig en daadkragtig beskerm.
22 Is die bediendes dan sleg, omdat hulle versteen het? Nee, dit is hulle bepaald nie; maar hulle is swak mense, wat weinig geesdrif en moed besit. Maar die kinders het die lewe van hulle vader in hulle en daarom is dit vir hulle ook bo alles heilig. Maar sou die bediendes vir hulle verstening beloon moet word? Ek dink dat mens geen juris hoef te wees om in te sien dat mens in die geval, dus vir die angsvallige verstening, geen loon verdien het nie.
23 In die woord van die lewe staan tog immers ook: "Wie baie saai, sal ook baie oes, en wie weinig saai, sal ook weinig oes".
24 Ek is van mening dat uit dit wat tot nou toe gesê is, dit nie so moeilik is om af te lei dat die mense hulle op hulle weg deur die huidige wêreldskole nie bepaald baie van die ewige lewe hulle eie gemaak het nie en die buitengewone karige uitsaai sal dan ook net so `n karige oes tot gevolg hê.
25 Daarom laat ek julle dan ook, volgens die wil van die Heer, die lewendige kinderskole op die son sien, sodat julle daaruit mag aflei, hoe mens die skool van die lewe ook op aarde eintlik sou moet hanteer! Ons staan nou in die saal waar ons vervolgens die skeppingsgeskiedenis van die mens, sy verdere geskiedenis op aarde en die geestelike toestand daarvan sal leer ken.

# Lesing 6 - 24 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

Lesingsaal van die skeppingsgeskiedenis van die mens

**Hoofstuk 72** Kyk, ook in die middel van hierdie immense groot saal is daar `n enorme groot sfeer, waaromheen `n galery aangebring is. Ook hierdie saal is weer `n groot ronde saal, waarvan die ronde wand van baie aansienlike groot kapelle voorsien is. In hierdie kapelle sien ons ook nog `n groot aantal kleiner sfere, wat `n bepaalde doel dien.

2 Laat ons die galery maar net opgaan om die groot sfeer te bekyk: Daarop sal ons die skeppings-geskiedenis van die mens sien. Ons is op die galery; let dus op, hoe `n aanwesige leraar hier, dit alles vir sy leerlinge sal uitlê.

3 Kyk, hy buig hom na die groot bol en raak hom aan. En kyk, op die plek waar hy hom aangeraak het, **ontstaan onmiddellik `n sterk lig; die lig konsentreer homself, en ontwikkel hom tot `n vorm en hierdie vorm lyk soos `n mens**. En kyk verder; die leraar raak die bal opnuut aan, waarna fyn stof uit die aangeraakte plek opstyg, wat die vroeëre liggestalte omhul; **dit straal nou geen lig meer uit nie, want dit is al met `n aardse kleed van gelyke vorm omhul.**

4 En kyk nou, die leraar buig homself nogmaals en blaas sag oor die nog lewelose gestalte, wat daardeur begin te lewe, homself op die daad vanself beweeg en die dinge om hom heen bekyk. En kyk net nog verder; die gestalte word moeg van die kyk, gaan lê en raak aan die slaap.

5 Nou buig die leraar hom weer en raak die sy van die **slapende gestalte** aan. Julle sien weer **`n lig vanuit die sy** opstyg; die lig konsentreer homself tot `n **tweede menslike gestalte** wat onbeweeglik voor die nog slapende eerste gestalte staan. Maar die leraar raak weer die eerste gestalte aan en `n bietjie nat sweterige massa maak hom soos `n troebel druppel uit die eerste gestalte los, gaan oor in `n klein newel en **omhul as sodanig die tweede liggestalte**. Die lig verdwyn en die tweede gestalte lyk soos die eerste, maar sy lewe nog nie; daarom raak die leraar haar nogmaals aan, en kyk - **sy lewe en loop opgewek heen en weer.**

6 Maar nou raak die leraar ook weer die eerste gestalte aan; kyk, hy staan op en wanneer hy `n tweede gestalte ontdek, wat op `n haar na soos hy lyk, is hy duidelik baie verheug en hy voer `n soort mimiek gesprek met haar. Die leraar stel hier in `n sekere sin die Heer voor en bewerkstellig nou skynbaar met die krag, wat die deur die Heer aan hom verleen is, dieselfde as dit wat die Heer in die groot werklikheid verrig het. Hy spreek ook presies dieselfde woorde, wat die Heer gespreek het en die leerlinge voel ook die groot mag van sulke woorde.

7 Kyk nou net hoe die leraar homself aan die eerste geskape mensepaar openbaar en hoe hy hulle onderrig.

8 Kyk, die leraar raak sy bors aan. Meteens gaan daar vanuit die aangeraakte plek `n helder straal uit na die nuwe geskape mensepaar, wat homself ook soos `n **derde ligmens** voor hulle plaas. En wat die leraar nou met die bekende woorde van die Heer vir die leerlinge sê, dit sê die derde mens wat gevorm is uit die straal wat uit die bors van die leraar gekom het, ook vir die eerste geskape mensepaar.

9 Dit is nie nodig om die verdere verloop van dit wat hier uitgebeeld word, nog vir julle te laat sien nie, want alles speel hom nou letterlik af soos julle dit uit die Ou en Nuwe Woord ken; **slegs die oomblikke van verwekking word daarby verskans**. Eers as die wese van hierdie leerlinge `n groter rypheid bereik het, sal daar `n, in `n sekere sin, `n geestelike tyd aanbreek, waarin hulle op `n hoogs opbouende manier onderrig sal word daaroor.

10 Ek maak julle egter daarop attent dat die leraars op dieselfde manier hulle leerlinge die gehele verdere leiding van die menslike geslag op die mees doelmatigste wyse uitbeeld, ten slotte die hele aardoppervlak laat bevolk en hierdie volkere op die aardoppervlak selfstandig laat handel. Hulle bou hutte en stede, tem diere vir eie gebruik, voer oorloë en vervolg mekaar presies soos dit in werklikheid die geval op aarde was. En kyk, dit gaan so verder tot by die huidige tyd.

11 Die besondere oomblikke in die groot wêreldgeskiedenis, soos eers die skepping van die mens, dan die sondvloed ten tye van Noag, die verbond met Abraham, Isak en Jakob, vervolgens die besondere leiding van die volk van Israel onder Moses en sy opvolgers, as die geskiedenis onder Dawid en Salomo, die geboorte van die Heer en vanaf die tydstip aan, van die belang-rikste oomblikke met betrekking tot die uitbreiding van Sy leer, vorm die belangrikste gedeeltes van dié onderrig.

12 Wanneer so `n gedeelte voltooi is, dan word die leerlinge na die klein sfere in die kapelle gebring, en daar moet hulle vir hulle leraars op `n selfwerksame, kreatiewe wyse herhaal wat die leraars hulle op die groot sfeer laat sien het. Daardeur word die hele onderrig op sigself lewendig en die leerlinge ken dan die gebeurtenisse op aarde van a tot z, presies so lewendig, asof hulle self aktiewe getuies op die werklike aarde van dit alles sou gewees het.

13 As die leerlinge hulle die belangrike deel van hulle leervak eie gemaak het, dan eers word hulle weer na die groot sfeer gebring, waarna die leraars hulle dan tegelykertyd die geestelike aarde en haar ontwikkeling vanuit die mensegeslag laat sien.

14 Hulle laat hulle die sfere sien en hoe dit steeds suiwerder en ligter bokant die eintlike materiële aarde

vorm en hoe korrek hierdie sfere `n landskaplike vorm aanneem, sodra die gees van `n gestorwe mens in een of ander sfeer opstyg en daaruit dit wat vir hom aantreklik is, in besit neem.

15 Maar tegelykertyd toon die leraars die leerlinge die onderaardse, steeds duisterder wordende sfere, en hoe die siele van slegte gestorwe mense afdaal in sulke duister sfere. Waar hulle ook maar iets, wat vir hulle aantreklik is, in besit neem, verdring verskeie ander geeste hulle ook baie spoedig daar, wat druk op mekaar begin uit te oefen, waardeur hulle boos word en ook in woede ontbrand; en as dit gebeur het, sien die leerlinge hoe sulke duister siele dan dienooreenkomstig in die **mees verskillende, afskuwelike gestaltes oorgaan** en in hierdie vorm na steeds dieper en nog duisterder sfere afsak.

16 By hierdie geleentheid word ook aan die leerlinge uitgelê wat `n sonde is en hoe `n vrye wese wat op aarde lewe, kan sondig.

17 Wanneer die leerlinge dit alles goed begryp het, dan word hulle vanuit hierdie saal na `n ander groter tuin gelei, waar al hoëre onderwysinstellinge is. Dat die leerlinge in hierdie eerste tuin natuurlik nie aaneen deur leer nie, maar tussendeur baie goed geprogrammeerde speeltye het, spreek vanself. Want ook die gees het `n rusperiode nodig om sterk te bly op gesette tye, dit wat die Heer reeds by die eerste skeppingsgeskiedenis aangetoon het, deur na die bekende ses skeppings-werkdae die sewende dag as rusdag in te stel.

18 En ten tye van Christus het die Heer Self laat sien wat Hy na gedane arbeid, net soos elke ander mens gerus (gesabbatteer) het. Dus moet ook die geeste hier hulle rusperiodes hê, waarin hulle weer kragte vir die nuwe lesse kan opdoen. Daarom is daar ook, veral tydens die oorgang van die een leertuin na die ander, `n beduidende rusperiode. Tydens hierdie rusperiode mag die leerlinge, as hulle dit graag wil, met hulle **leraars selfs besoekies by hulle familie op die werklike aarde aflê**. Maar dit gebeur meestal slegs as hulle verwante aardbewoners in `n diep slaap versink het, terwyl hulle in `n wakker toestand maar hoogs selde iets daarvan merk, en dit gladnie as hulle meer aards as geestelik ingestel is nie.

19 Sommige leerlinge, wat al baie oor die Heer weet, koester die wens om Hom te sien. So `n wens word egter maar selde vervul, en wel omdat hulle as geeste nog te swak is om die nabyheid van die ewige, almagtige gees van God te kan verdra. Die liefste wat hulle egter in hulle vrye tyd sou wil doen is om Maria, **hulle algemene geestelike hoofleidster en moeder,** `n besoekie bring. Maria besoek hierdie groot leerskole baie dikwels, egter nie altyd sigbaar vir die klein geeste nie, maar wel vir die leraars.

20 Julle vra of alle gestorwe kinders vanaf hulle geboorte tot en met hulle twaalfde jaar, hierdie skole moet deurloop. Ja verseker, maar nie in een en dieselfde tuin nie, want vir elke leeftyd is daar `n eie begintuin; maar wat die tweede tuin betref, daarin kom hulle wel almal bymekaar. - Hoe en wat die byna tallose baie kindergeeste daar leer en in watter toestand hulle oorgaan, sal die vervolg julle toon.

# Lesing 7 - 26 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

## Skoolgebou van die twaalf goddelike gebooie. Eerste saal - uitleg oor die eerste gebod

73 Ons hoef gladnie `n groot of ver reis van hier af te maak nie, die volgende tuin sal dadelik voor ons oë lê. Kyk daar, nie ver hiervandaan nie, begroet `n lang ry bome ons reeds, waaragter ons `n buitengewone groot en pragtige mooi gevormde paleis sien. Daar is die tuin, waarheen ons wil gaan en hier sal julle ook selfs die kinders aantref, wat die Heer julle op aarde ontneem het.

2 Of julle hulle ook dadelik sal herken, is trouens `n ander vraag, want in die gees lyk die kinders nie meer soseer soos hulle aardse ouers nie, maar meer soos die Heer, namate hulle in staat raak om die liefdes-goedheid en geloofswaarheid uit die Heer op te neem. Desondanks kan hulle, by bepaalde geleenthede, ook hulle aardse gelykenis, wat met hulle siel verbonde bly, aanneem, waardeur hulle hulleself uiterlik kenbaar kan maak vir diegene wat hier van die aarde af aankom en nog nie soveel van die geestelike toestande af weet nie.

3 Ons sal vereers nie te lank daaroor praat nie, maar ons liewer dadelik na die tuin begewe, om onsself met ons eie geestelike oë daarvan te oortuig van alles wat ons andersins slegs met woorde sou moet afhandel.

4 Ons is al by die ry bome of lane, waarin julle die mooiste blomryke weë vind, waarop kinders hier en daar vrolik wandel. Laat ons nog maar ietwat verder gaan, dan sal ons onsself weldra by die vroeër ontdekte paleis bevind.

5 Kyk, daar staan dit reeds voor ons, en dit in `n byna onafsienbare ver uitgestrekte lengte. Duisendmaal duisend vensters loop in `n ry aaneen. Elke venster is ongeveer sewe klafter (12m) hoog. Bokant die vensters vind ons nog `n ry kleiner vensters, wat egter oral presies bokant die onderste groot vensters geplaas is.

6 Julle vra nou: Maar in hemelsnaam, bestaan die hele gebou, die onafsienbaar lang paleis, slegs uit één enkele saal? Ek sê vir julle: Nee, volstrek nie, dit bestaan uit **twaalf afdelings**. Maar bo, waar julle die tweede ry kleiner vensters sien, loop `n pragtige breë galery ononderbroke rondom die hele saal, vanwaar `n mens, sonder om die leerlinge op die begane grond, op die een of andere manier te steur, al twaalf afdelings na mekaar kan oorsien en homself daarvan oortuig, wat alles daar plaasvind. Laat ons nou maar na binne gaan, sodat alles vir julle duidelik kan word.

7 Kyk, ons is reeds by die ingang. Ons hoef egter nie die galery op te gaan nie, omdat ons grotendeels vir hierdie klein kindergeeste nog onsigbaar moet bly. Ons sal slegs deur die leraars opgemerk word; maar hulle is reeds op hoogte gebring van die rede waarom ons hier is.

8 Wel, nou is ons al in die eerste saal. Sien julle wat daar geskrywe staan op `n wit bord, wat in die middel van hierdie groot saal op `n regopstaande pilaar aangebring is? Julle sê: Boaan het ons die welbekende **syfer 1**, wat seker die nommer van hierdie saal sal wees en daaronder: "**Weg na die vryheid van die gees!**" Ek sê vir julle dat die syfer 1 nie die nommer van die saal is nie, **maar dat dit die eerste gebod van God deur Moses aangee**.

9 Julle vra: Maar wat moet die baie kinders, wat ons hier al taamlik volwasse sien, maak met die aardse wet van Moses, wat wel vir sterflike, aardse ongelowige mense geld, maar tog sekerlik nie vir kinders, wat hier as suiwer geeste, al lankal van die bestaan van **die één God** oortuig is? Dit was tog reeds by die eerste elementêre onderrig, soos ons dit gesien het, by elke geleentheid meer as voldoende en lewenseg aanskou-lik vir hulle getoon.

10 My liewe vriende en broeders, dit is alles baie anders as wat julle dink. Iets soortgelyks vind julle egter ook op aarde, waar julle die kinders kan vra en oplet waar jy maar wil en oral sal julle by hulle `n egte lewendige geloof in God aantref. Daar is niemand gelowiger as die kind nie en daar is tog nie maklik een of ander kwaadwillige ouerpaar te vind wat hulle kinders, sekerlik aan die begin van hulle lewe, sou wil belet om God te leer ken nie, omdat elke religie dit immers voorskryf en die ouers, ten minste om politiek-morele redes, verplig is om dit vir hulle kinders te leer en te laat insien.

11 Sou mens dan dalk ook moet glo dat sulke kinders wat oor God onderrig is, na verloop van tyd geen verdere onderrig oor God meer nodig het nie? Julle moet self toegee en sê: Ja, sulke onderrig het iedereen tot aan die einde van sy lewe nodig, want maar al te maklik word die eerste indrukke uit die kinderjare uitgewis en dan staan die mense wat hulle kinder-skoene ontgroei het, daar asof hulle nog nooit iets oor God sou gehoor het nie. Ek sê vir julle: Die uitwissing is hier weliswaar nie lig moontlik nie, maar julle moet wel daarvan uitgaan dat hierdie kinders, as gevolg van hulle vroegtydige oorgang na hier, geen geleentheid op aarde gehad het om die **vryheidsproef** vir hulle gees, wat die eintlike lewensproef is, deur te maak nie. Daarom moet hierdie uiters belangrike aktiwiteit vir die lewe van die gees, hier volledig in werking gestel word. **Tot nou toe was hierdie kindergeeste in `n sekere sin slegs geestelike, lewende masjiene. Hier is dit egter die saak dat hulle uit hulself tot lewe kom en daarom moet hulle ook alle gebooie leer ken**, dit dan daadwerklik self uitprobeer, en ondervind hoe hulle selfstandige lewende geestelike wese hom onder `n bepaalde wet gedra.

12 So is die eerste gebod dan ook hier gegee en dit lui: **"Jy sal in één God glo** en nooit dink dat daar geen God

sou bestaan, of dat daar twee, drie of verskeie gode sou bestaan nie."

13 Nou is dit trouens weer die vraag; hoe kan mens iemand gebied om in God te glo, wat tog al lewendig in God glo en geen vertwyfeling daaroor het nie? Dit is werklik `n goeie opmerking; daarom word die kinders hier, nou juis deur allerlei leerstellinge en dade deur hulle leraars, in `n situasie geplaas, waarin hulle met allerlei vertwyfeling oor die bestaan van God belas word. Hierdie manier van onderrig noem mens hier **die leegmaak van die eie gees**.

14 Om dit egter by hierdie kinders te bewerkstellig, laat die leraars dikwels die merkwaardigste dinge as per toeval voor die oë van hulle leerlinge ontstaan; hulle laat dit deur hulle bekyk en vra hulle dan of God, wat hulle tog nie daarmee aan die werk gesien het nie, daarvoor nodig was. Sê die kinders dan: God kan dit slegs met Sy wil tot stand bring, sonder om werklik noodsaaklik aanwesig te wees daarby, dan laat die leraars hulle leerlinge self verskillende dinge uitdink en dit wat deur die kinders gedink word, **staan dan al kant en klaar voor hulle**. Dan vra die leraars weer aan die kinders, wie dit gemaak het.

15 Daardeur word reeds verskeie leerlinge aan die twyfel gebring. Enkeles sê dat hulle dit self gedoen het, ander dink weer dat die leraars, nadat hulle insig in die gedagtes van die leerlinge gekry het, dit gedoen het. Enkeles sê egter dat hulle dit wel gedink het, maar die een almagtige God moes toegelaat het dat dit, as `n voltooide werk deur hulle gedagte, voor hulle verskyn.

16 Wanneer die leerlinge dan nog steeds taamlik sterk aan hulle geloof in God vashou, dan vra die leraars hulle hoe hulle dan weet dat daar een God bestaan. Dan antwoord die leerlinge hulle gewoonlik: Dit het die eerste wyse leraars ons geleer. Nou vra hierdie leraars egter verder en sê: Wat sou julle dan sê as ons, wat kennelik die wyser leraars is, sê en leer dat daar geen God bestaan nie en dat alles wat julle sien deur ons gemaak en tot stand gebring is? En wat sou julle daarvan sê as ons beweer dat ons self die eintlike gode is?

17 Kyk, nou staan die kinders totaal ontsteld en vra die leraars wat hulle dan nou in die geval moet doen.

18 Hierdie leraars sê dan vir hulle: **Soek in julleself, wat julle moet doen; bestaan daar `n God, dan moet julle Hom in julleself vind, bestaan daar geeneen nie, dan sal julle ook ewig geeneen daar vind nie**.

19 Wanneer die kinders vra hoe hulle die soeke in hulleself moet aanpak, dan sê die leraars: **Probeer om vir God, waarvan julle dink dat Hy bestaan, in julle harte so lief te hê asof Hy regtig bestaan.** Laat hierdie liefde groei en as God bestaan, dan sal Hy julle liefde beantwoord; bestaan Hy egter nie, dan sal julle geen antwoord in julle hart kry nie.

20 Kyk, nou begin die leerling hom in homself te keer en begin God, waarin hy vroeër slegs kinderlik geglo het, werklik lief te hê. Maar dan kan dit gebeur dat God, die Heer hom nie dadelik aanmeld nie, waardeur ons kinders sterk aan die twyfel raak. - Hoe hulle egter leer om hierdie twyfel te oorwin, sal die vervolg ons laat sien.

# Lesing 8 - 27 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

Hoe moet mens God soek?

**Hoofstuk 74** Kyk, daar is reeds enkeles wat hulle nou net tot hulle leraar gerig het met die opmerking dat hulle nou eintlik genoodsaak is om te glo dat daar, buiten die leraars, wat wonderbaarlike dinge vir hulle verrig het, geen God bestaan nie. God het immers, ondanks die vurige liefde waarmee hulle Hom in hulle hart ingesluit het, Homself ook maar nie ietwat waarneembaar aan één van hulle vertoon nie.

2 Hoe reageer die leraars nou op die uitlating van hulle leerlinge? Luister maar na die leraar, wat so 'n verhaal aangehoor het. Hy sê vir sy leerlinge:

3 Geliefde kinders, dit kan wees dat God hom nog nie by julle aangemeld het nie, maar dit is ook moontlik dat Hy hom wel aangemeld het, maar dat julle te onoplettend was en dit nie waargeneem het nie.

4 Sê my daarom: Waar was julle toe julle God in julle harte gesoek het? Was julle buite onder die bome in die tuin, of op die galery van die saal, of was julle op die groot solder van die skoolgebou, of in een of andere kamer, of was julle in julle woonvertrekke, wat ryklik buite hierdie groot leerskool gebou is? En vertel my ook, wat julle so hier en daar gesien, opgemerk en gevoel het.

5 Die kinders sê: Ons was buite onder die bome en het daar die heerlikhede van die skeppinge van God bekyk, in wie ons moet glo, en ons het Hom geprys omdat Hy sulke pragtige dinge gemaak het. Ons het Hom as `n egte liewe Vader vir ons voorgestel, wat graag na Sy kinders toe kom, en daardeur het ons ook die sterk verlange in ons hart gekry om Hom te sien, en Hom dan met al ons kinderlike liefde tegemoet te hardloop, Hom te omarm en met alle krag wat in ons is, te liefkoos.

6 Maar van geen enkele kant kom daar een of ander vader na ons toe nie. Ook het ons mekaar sorgvuldig gevra of die een of die ander nog niks van die Vader opgemerk het nie. Maar elkeen van ons beken openhartig dat hy selfs in die vêrste vêrte nie die allerminste opgemerk het nie.

7 Daarna het ons die plek verlaat, die solders van die skoolgebou opgaan en dieselfde daar gedoen, maar die resultaat was net soos onder die bome. Van daar het ons na ons woonvertrekke gegaan, in die veronderstelling dat die Vader ons eerder hier sou besoek, omdat ons baie gebede daar gebid het en Hom innig gesmeek het of Hy Homself nie aan ons sou wou laat sien nie. Maar dit was alles tevergeefs! Aangesien ons dus jou raad opgevolg het, maar sonder resultaat, is ons nou genoodsaak om met jou leer in te stem en te dink dat daar eerder geen God is nie, as dat daar wel een bestaan. En sodoende het ons die volgende besluit onder mekaar geneem: As daar dan een of ander god bestaan, dan bestaan daar tog geen hele een nie, maar `n gedeelde een in alle lewende en vrye werkende wesens, soos wat julle en ons is. God is dus slegs `n versamelbegrip van die lewende krag, wat egter eers in wesens soos wat julle is, homself en ander uit vrye wil herken en daardeur ook magtig werkend optree.

8 Siedaar die klein filosowe, maar herken ook tegelykertyd die oorsaak, of die verkeerde saadkorrel waarvan al hierdie wanke-lende, verstandelike spekulasies die vrug is!

9 Wat sê ons leraar van die wysgerige betoog van sy leerlinge? Luister, sy woorde lui as volg: My liewe kindertjies, nou het ek regtig duidelik in julle die rede gesien waarom geen God Homself aan julle getoon het nie, nóg onder die bome, nóg op solder, nóg in julle kamers (dit wil sê nóg deur bevindinge, verkry deur die ondersoek en ontleding van die natuur, nóg langs die weg van hoëre bespiegelinge van die verstand of intellek, nóg in julle gemoed wat nie bokant die alledaagse verhewe is nie), omdat julle op soek gegaan het met al julle vertwyfeling.

10 Julle het God nie met sekerheid nie, maar hoogstens moontlikerwys verwag. Maar God, as Hy bestaan, moet tog in Homself die hoogste, absolute sekerheid wees. Toe julle egter met die onsekerheid van julle denke, geloof en wil die hoogste goddelike sekerheid soek, hoe sou Hy hom dan wel aan julle kon geopenbaar het? Onthou dus goed, wat ek julle nou sal sê:

11 Wanneer julle God wil soek en Hom ook sigbaar wil vind, dan moet julle met die grootste sekerheid daarop afgaan en Hom ook so soek. Julle moet sonder die allerminste twyfel bly glo dat Hy bestaan, ook al sou julle Hom ook nog vir solank nie êrens te siene kry nie. En met dieselfde sekerheid waarmee julle aan Hom glo, moet julle Hom dan ook met julle liefde omvou. Eers dan sal dit blyk of julle in julle denke, geloof, wil en liefhê, die grootste moontlike sekerheid verkry het.

12 Het julle dit verkry, dan sal God Homself ook sekerlik laat sien, as Hy bestaan. Het julle egter nie hierdie sekerheid verkry nie, dan sal julle ook onverrigter sake weer na my toe terugkom soos wat dit hierdie keer die geval was.

13 Kyk, die kinders dink goed oor die les van die leraar na en één kind, oënskynlik die swakste onder hulle, gaan na die leraar toe en sê: Luister na my, liewe wyse leraar! Wanneer ek heel alleen in my kamertjie sou gaan en daar vir God die Heer as die mees liefdevolle Vader, slegs met my egte liefde oortuigend sou omvou, terwyl ek bowendien nog nooit regtig daaraan kon twyfel of Hy sou bestaan al dan nie, maar ondanks alle teenbewyse, voortdurend in myself aan die geloof in één God vasgehou het, - dink jy dan nie dat Hy Hom aan my sal toon as ek Hom maar net sou wil liefhê nie?

Want die baie nadink oor die geloof lyk tog `n bietjie moeilik vir my.
14 Die leraar sê vir die kind: Gaan maar, my liewe kind, en doen wat jy goeddink; wie weet nie of jy geen gelyk het nie? Ek kan nou nóg ja, nóg nee sê vir jou, maar sê slegs; gaan maar en ondervind wat die liefde alles kan vermag!
15 Kyk nou, die kindjie loop die saal uit na sy kamer en die ander kinders vra die leraar of hy die voornemens van die kind, wat homself nou net na sy kamer begewe het, beter vind as dit wat hulle nou, sy raad opvolgend, dink om te gaan doen, naamlik om met alle sekerheid daarop uit te gaan om na God te soek.
16 Maar die leraar sê: Julle het gehoor wat ek vir die medeleerling van julle gesê het, naamlik nóg ja, nóg nee; presies dieselfde sê ek ook vir julle. Gaan daarop uit en doen wat vir julle die beste lyk en die ervaring sal julle leer watter weg die beter en korter een is, of die een verkeerd en die ander korrek is, of dat beide verkeerd of beide korrek is.
17 Kyk nou, `n deel van die kinders kies vir sekerheid, `n ander deel egter slegs vir die liefde. Hulle wat vir die sekerheid kies, gaan diep nadenkend, vasberade en met `n sterk geloof die tuin in; die ander egter begewe hulle na hulle kamers om God te soek.
18 Maar kyk net, daar kom die kind wat as eerste vol liefde vir God weggehaas het, begelei deur `n eenvoudige man, terug in die saal en gaan regstreeks op die leraar af. Wat sal hy wel te vertel hê?
19 Luister, die kind sê: Liewe, wyse leraar, kyk nou tog net! Toe ek in my kamertjie die liewe groot Hemelvader soek en begin lief te hê, kom hierdie eenvoudige man na my toe en vra my of ek die Vader in die hemel werklik wel so liefhet. Ek sê vir Hom; Og, liewe man, dit kan jy tog wel van my gesig af lees. Daarna vra die man my hoe ek die groot Hemelvader vir my in my gemoed voorstel. En ek sê vir hom: Ek stel Hom vir my voor as `n mens; maar Hy moet wel baie groot en sterk wees en ook sekerlik `n groot glans om hom heen hê, omdat hierdie wêreld en die son wat op haar skyn, al so buitengewoon heerlik en stralend is.
20 Daarop tel die eenvoudige man my op, druk my aan sy hart, gee my een kus en spreek toe tot my: Bring my maar na jou leraar in die leersaal; daar sal ons alles verder baie grondig bespreek om daaruit te kan aflei hoe die Hemelvader, as Hy bestaan, daar uitsien en hoe Hy alles uit Homself skep, lei en regeer. En kyk, liewe wyse leraar, daar is ek nou met die eenvoudige man. Wat dink jy, wie mag hierdie man wel wees, want hy gaan immers so lief met my om?
21 Die leraar sê met sigbare allerhoogste liefde en agting: O oorgelukkig kind, jy het al die korrekte gevind. Kyk, dit is God, ons mees liefdevolle Vader! En die Heer buig Hom nou vooroor, neem die kind in Sy arms en vra hom: Is Ek wel Die Een wat jou leraar vir jou aangekondig het? En die kind sê baie opgewonde: O ja, U is dit, dit sien ek immers aan U oneindige goedheid, want wie anders is so goed as U, dat Hy my op sy arm sou neem en my so sou omarm en liefkoos soos U? Maar nou hou ek ook so onbegryplik baie van U, dat ek ewig nooit meer van U kan skei nie. Laat my daarom nie meer hier agter nie, liewe Heilige Vader, want nooit het ek so 'n goedheid en liefde gevoel as nou op U arm nie! En die Heer sê: Wees maar nie bang nie, my kindjie; wie My eenmaal gevind het soos jy, verloor My ewig nie meer nie. Maar nou moet jy niks meer oor My sê nie, want daar kom die ander kindertjies wat My ook soek, maar nog nie gevind het nie. Hulle sal ons `n bietjie op die proef stel, sodat hulle My ook sal vind. Wees daarom nou rustig, totdat Ek jou `n wenk sal gee!

# Lesing 9 - 28 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

## Die verlange na God - `n getuienis van Sy bestaan

**Hoofstuk 75** Kyk, nou net kom die ander soekende kinders ook na binne. Van hulle gesigte is duidelik af te lees dat hulle nóg op die een, nóg op die ander manier vir Hom, Wie hulle gaan soek het, gevind het. Hulle gaan daarom vir die tweede keer baie bedeesd na hulle leraar toe en die leraar vra hulle: Wel my liewe kinders, hoe lyk dit nou met die soeke onder die bome, of op die solder, of op die galerye en met die soek van diegene onder julle wat hom voorgeneem het om die Heer in hulle kamertjies te soek? Volgens wat ek sien, haal julle almal julle skouers op; het julle dan die goeie liewe Vader, die enige God van alle hemele en alle wêrelde, nog nie gevind en gesien nie? Hoe is dit nou met julle geloof gesteld? Het julle nog vertwyfeling oor die bestaan van God?

2 Die kinders sê: Ag liewe, verhewe leraar, wat die vertwyfeling betref, die het ons nou nog meer as voorheen, want kyk, nóg ons standvastige wil, nóg ons mees lewendige geloof, nóg al ons diepsinnigste, op God die Heer berustende gedagtes, nóg ons sterk wil tot liefhê, het `n resultaat gehad. As daar `n God en Heer sou bestaan, dan sou Hy Homself tog op die een of ander manier aan ons moes geopenbaar het, want kyk, ten slotte het ons onsself almal verenig en het van die vaste geloof uitgegaan dat daar één heilige, goeie, liewe God en Vader sou moet bestaan. Ons het Hom met al ons liefde omvou en Sy Naam, wat jy aan ons bekend gemaak het, geroep, waarby ons gesê het: Ag liefste, heilige Vader Jesus, kom, kom tog na ons toe, verhoor ons kinderlike smeking en laat ons sien dat U bestaan en ons ook liefhet soos wat ons U liefhet! En sien, liewe, verhewe leraar, so het ons vir `n geruime tyd geroep, maar daar was geen spoor van die een of andere hemelse Vader te sien nie. Dit was alles tevergeefs en daarom is ons nou volkome daarvan oortuig dat daar, buiten julle verhewe leraars, geen andere hoëre leraar of God bestaan nie.

3 Ons wil daarmee weliswaar nog nie beweer dat ons vertwyfeling regstreeks op vaste gronde gebaseer is nie, maar ons kan met sekerheid aanneem dat na al die vergeefse, moeisame soeke na die bestaan van God, eerder vertwyfeling, as `n vaste geloof by ons opgekom het.

4 Maar daar sien ons ook die een, wat hom van ons afgesonder het om die Heer slegs met die liefde te soek; het ook hy niks gevind nie?

5 Die leraar sê: My liewe kindertjies, daarop kan ek julle voorlopig nog nie met ja of nee antwoord nie. Maar die kinders vra die leraar weer: Liewe verhewe leraar, wie is dan tog die vreemde eenvoudige man daar, waar die een uit ons midde so mee besig is en wat hy so liefdevol aankyk? Het sy aardse vader miskien hier aangekom?

6 Die leraar sê: Liewe kindertjies, dit is alweer iets, waaroor ek julle niks kan sê nie. Wat julle voorlopig wel mag weet, is dat die eenvoudige man uitsonderlik wys is. Daarom moet julle baie goed oplet as hy uiteindelik oor die een of ander met julle sou wil spreek.

7 Die kinders sê: Ag liewe verhewe leraar, kan so `n baie eenvoudige mens dan ook wys wees? Want kyk, ons het tot nou toe ervaar dat leraars, jy inbegrepe, na mate hulle wyser word, ook steeds verhewener en stralender lyk. Maar die man lyk gladnie verhewe of stralend nie. Hy is juis baie eenvoudiger en gewoner as jy. Daarom lyk dit vir ons ietwat vreemd dat hy so uitsonderlik wys sou wees.

8 Die leraar sê: Ja liewe kinders, by die innerlike allerdiepste wysheid kom dit gladnie meer op uiterlike glans neer nie, maar daar geld: Hoe meer glans van buite, des te minder lig van binne, maar hoe meer lig van binne, des te minder glans van buite. Gaan maar na hom toe en vra hom iets en julle sal julleself dadelik daarvan oortuig hoe wys hy is.

9 Nou gaan die kinders na die Heer toe en vra Hom, nog niks vermoedend: Sê, liewe eenvoudige man, sou jy ons toestaan om iets vir jou te vra?

10 Die Heer sê: O graag, van ganser harte, My liewe kindertjies! Vra maar, dan sal Ek wel weet om `n antwoord te vind. Die kinders sê vir die Heer: Noudat jy ons toegestaan het om iets vir jou te vra, vra ons jou juis na dit wat ons almal die naaste aan die hart lê. Kyk, ons soek en probeer al vir `n geruime tyd op alle moontlike maniere te bewys of daar `n God bestaan, al dan nie, wat `n buitengewone goeie Vader in die hemel sou wees vir alle mense, wat waar dan ook lewe. Ons kan egter nêrens op die spoor van hierdie Vader kom nie en ons leraar self wil of kan ons ook niks wesenlik hieroor sê nie. Hy het ons egter wel gesê dat jy eg en buitengewoon wys sou wees. Daarom sou ons graag van jou wil hoor of daar so `n God en Vader bestaan al dan nie. As jy ook maar iets daaroor weet, sê dit tog aan ons. Ons sal baie oplettend na jou luister en aan elke woord wat uit jou mond kom, graag die grootste moontlike aandag bestee.

11 Die Heer sê: Ja my liewe kindertjies, nou het julle My wel `n baie moeilike vraag gestel, wat Ek nouliks vir julle sal kan beantwoord, want sê Ek vir julle dat so 'n God en Vader bestaan, dan sal julle sê: Met die antwoord is ons nie tevrede solank ons Hom nie sien nie. En as julle dan sê, laat ons die Vader sien, wat moet Ek dan vir julle sê? Ek sou êrens met my vinger heen kan wys, maar julle sou niks waarneem nie; want waarheen Ek ook sou wys, sou julle tog nooit julle God en Vader vind nie. Maar as Ek vir julle sou sê: Kinders, die Vader is hier in julle midde! Sou julle dit dan wel glo?

12 Sou julle nie vra: Waar is Hy dan? Is Hy een van die leraars in hierdie groot saal? En as Ek dan vir julle sê: O

nee, my liewe kinders! Wat sal julle dan doen? Julle sal My met groot oë aankyk en sê: Kyk, die man hou ons vir die gek. As dit nie een van die baie leraars is nie, wie is dit dan? Jy sal dit tog nie wees nie? Want soos so `n gewone, eenvoudige en glanslose wese soos wat jy is, kan die mees verhewe Hemelvader tog nie lyk nie!

13 En wanneer julle My dan so 'n antwoord gegee het, wat moet Ek julle dan weer daarop antwoord? Daarom moet julle My maar iets anders vra, want die beantwoording van hierdie vraag skyn nog nie te wil slaag nie.

14 Die kinders sê: O liewe wyse man, kyk, so gaan dit nie. Aan die beantwoording van `n ander vraag is daar niks vir ons geleë nie; maar alles daaraan om te weet of daar `n hemelse Vader bestaan al dan nie. Bestaan daar egter `n Vader in die hemel, dan is ons almal oorgelukkig; bestaan daar egter geeneen nie, dan is dit asof ons geen grond onder ons voete het nie en nie weet waarvoor, waardeur en waarom dit alles gaan nie? Daarom, as dit vir jou moontlik is, gee dan `n antwoord op die eerste vraag; dit vra ons jou almal baie nadruklik.

15 Want dat jy `n baie wyse man is, het ons al uit jou ontwykende antwoord afgelei. Bring ons daarom tenminste `n paar treë nader aan die Vader, want daar moet sekerlik Een wees. Dit merk ons aan ons groot verlange na juis hierdie hemelse Vader, wat des te sterker word namate Hy hom agter ons kinderlike vertwyfeling wil verberg.

16 As Hy gladnie sou bestaan nie, waar sou die verlange in ons, wat tog ewe lewend is as onsself, dan vandaan kom? Met die verlange moet immers ook die sekerheid oor die bestaan van `n hemelse Vader groei!

17 Die Heer sê: Nou My liewe kinders, julle haal nou juis die woorde uit My mond! Werklik, in die verlange lê `n baie sterk bewys, maar wat is dan die gevolg van die verlange? Is dit nie so nie, My liewe kindertjies, dat die gevolg sal wees dat die mens hom sekerheid wil verskaf oor dit waarna `n mens verlang. Julle sê, dit is `n goeie antwoord. Maar nou vra Ek julle; wat is dan die rede van die verlange? - Julle sê vir My, dit is die liefde tot dit waarna `n mens verlang.

18 Wanneer mens egter iets wesenlik en waarheidsgetrou wil aanskou, is dit dan wel voldoende om slegs by die verlange en die gevolg daarvan te bly stilstaan? Julle sê vir My: O nee, liewe man van baie groot wysheid, dan moet mens na die oorsprong self teruggaan. Kondig die groot waarheid hom nie daar aan nie, dan is alles bedrog; kondig hy hom wel daar aan, dan het mens tot die lewendige oortuiging gekom om dit ewig nooit êrens anders as slegs in haar oorsprong self te herken en te aanskou nie.

19 Kyk nou net hier kindertjies! Hierdie een broeder van julle het hierdie weg gegaan, en hy het die Vader gevind! Vra hom waar Hy is en hy sal die Vader met die vinger aanwys!

20 Nou rig die ander hulle na die een wat Hom gevind het en verlang van hom dat hy die Vader aanwys. En hierdie een sê: Og, my liewe broeders, kyk daar, Hy, wat julle as eenvoudig en gewoon beskou, Hyself is Die Een wat julle so lank tevergeefs gesoek het; Hy is die goeie, liewe hemelse Vader - heilig, bo alles heilig is Sy Naam! Glo my maar, want ek het reeds Sy heerlikheid aanskou. Glo egter nie omdat ek dit vir julle sê nie, maar nader Hom almal met julle harte en dan sal julle Hom ewe waaragtige en heerlik vind soos wat ek Hom gevind het!

21 Kyk, noudat hulle die Vader herken, roep die kinders almal soos uit een mond: O Vader, Vader, Vader!!! Dit is U, ja, dit is U, want ons het in U nabyheid al so `n sterk vermoede gehad! Omdat ons U egter gevind het, vra ons U om U nooit meer vir ons te verberg nie, sodat ons U nie meer so moeisaam moet soek nie!

22 En die Heer sê: Amen, kindertjies, van nou af aan sal julle gesigte nimmer meer van My afgewend word nie! Ook al sal Ek nie steeds soos nou onder julle vertoef nie, tog sal Ek in die vêrste son wat oor julle skyn, aanwesig wees! Wat julle verder nog oor My moet weet, sal julle leraar julle vertel.

# Lesing 10 - 29 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

## Tweede en derde saal. Onderrig oor die tweede en derde gebod

76 Ons hoef egter nou nie verder te volg wat hierdie kinders nog hier van hulle leraars oor die Heer te hore kry nie, want die tyd, of die toestand waarin hulle die Heer as`t ware volledig verloor het, het hulle deurstaan en daarmee ook die eerste van die lesingsale, waarvan daar in hierdie afdeling, soos julle al vroeër gesien het, twaalf is. Dit sou te lank duur om in al die volgende lesingsale die voortgaande onderrig met hierdie kinders mee te maak. Sodat julle egter tog mag weet wat daar in hierdie sale onderrig word, sê ek vir julle dat julle reeds uit die eerste bord in die middel van die eerste lesingsaal kon aflei waaroor dit in hierdie groot skool gaan, naamlik niks anders nie as die tien gebooie van Moses en ten slotte oor die twee gebooie van die liefde.

2 In elke volgende saal word `n nuwe gebod op praktiese wyse geleer en geoefen, deurgaans op dieselfde manier as hier by die eerste gebod in die eerste saal, waarby julle ruimskoots die geleentheid gehad het om dit gade te slaan.

3 So word dadelik in die volgende saal die gebod: **"Jy sal die Naam van God nie ydellik gebruik nie"** behandel. Julle begryp weliswaar ook nie wat die gebod wesenlik beteken nie, daarom sal ek ook, vir julle deur middel van klein duwweltjies en voorbeelde, die korrekte betekenis van hierdie gebod duidelik maak.

4 Om te begin word die gebod hier in hierdie tweede saal nie sodanig uitgelê, asof niemand by onbelangrike geleenthede die Naam van die Heer, hoe dit ookal mag lui, sonder die gepaste **hoogagting en eerbied** sou mag uitspreek nie; anders sou die gebod eintlik so goed as niks beteken nie. As iemand van mening is die hy die Naam van die Heer slegs in die uiterste geval van nood en dan altyd met die allerhoogste agting en eerbied sou mag uitspreek, dan beteken dit nie meer en nie minder nie as: `n Mens moet die Naam van God eintlik gladnie uitspreek nie, omdat twee voorwaardes hier vereis word waaronder die Naam van God uitgespreek sou mag word. Ten eerste staan hierdie voorwaardes self egter op losse skroewe, omdat op grond daarvan niemand verseker meer presies kan weet wanneer daar sprake is van so 'n uiterste geval van nood, waarby `n mens die allerheiligste Naam op `n waardige manier sou mag uitspreek nie. Ten tweede, al sou so 'n situasie hom nou voordoen, soos byvoorbeeld `n oorduidelike geval van lewensgevaar, wat `n mens onder verskillende omstandighede kan oorkom, dan is dit die vraag of `n mens wel in so 'n uiterste bedenklike situasie, **die teenwoordigheid van gees en die selfbeheersing sal besit**, om op `n waardige manier, die hoe dan ook gevormde naam van die Heer, te kan uitspreek.

5 Wanneer julle die verklaring van die tweede gebod so, soos wat dit gewoonlik op aarde gangbaar is, beskou, dan moet julle ongetwyfeld tot die eindoordeel kom dat die Naam van die Heer eintlik gladnie uitgespreek mag word nie en wel om die eenvoudige rede dat dit tog nouliks denkbaar is dat die twee gestelde voorwaardes ooit met mekaar sal kan ooreenstem. Ek sou wel graag die mens op aarde wil ken wat hom in sy hoogste nood in `n rustig verhewe, eerbiedige en aandagtige toestand kan verplaas, waarin hy die Naam van die Heer op `n waardige manier sou kan uitspreek.

6 As dit korrek sou wees, dan sou geen mens ook mag bid nie, want in die gebed noem hy immers ook die Naam van die Heer. **Maar die mens moet tog daagliks bid en God die eer gee en hy moet die gebed nie beperk tot uiterste noodsituasies nie.**

7 Uit dit alles blyk dat die gebod as onwaar opgevat kan word. Om egter met één hou aan al die gepieker daaroor, `n einde te maak, sê ek in kort vir julle hoe die gebod in sy diepste wese opgeneem moet word. En so beteken; "Jy sal die Naam van God nie ydellik gebruik nie" soveel as:

8 Jy sal die Naam van God nie slegs met die mond noem nie, nie slegs die geartikuleerde klank van `n paar lettergrepe uitspreek nie, maar jy moet, aangesien God die essensie van jou lewe is, **Sy Naam ook altyd vanuit jou diepste wese uitspreek**; en dit beteken: Jy moet die Naam van God nie meganies nie, maar **in al jou handelinge** altyd baie lewendig en kragdadig tot uiting bring, want wat jy ookal doen, dit doen jy met die **God-verleende krag** wat aan jou geskenk is. Wend jy hierdie krag vir slegte handelinge aan, dan ontheilig jy duidelik die goddelike in jou; want **dit is jou krag, die lewende Naam van God!**

9 Kyk, die gebod wil dus sê, dat die mens die Naam van God in die eerste plek moet ken, moet besef wat dit beteken en waaruit dit bestaan, en dit dan nie ydellik en slegs met uiterlike woorde moet uitspreek soos enige ander naam nie, maar altyd daadkragtig, **omdat die Naam van God die daadkrag van die mens is**. **Daarom moet die mens ook alles wat hy doen, in hierdie Naam doen**. Doen hy dit, dan is hy iemand wat die Naam van God nie ydellik gebruik, deur die uiter van woorde nie, maar daadkragtig en lewendig in homself uitspreek.

10 En kyk, op hierdie manier, dus prakties, word die tweede gebod in hierdie tweede saal vir die leerlinge geleer en solank deur elkeen van hulle geoefen, totdat hy die **korrekte vaardigheid** daarin bereik het. Het hy dit, dan word daar in die derde saal tot die derde gebod oorgegaan, wat, soos julle weet, as volg lui:

11 "**Jy moet die Sabbat heilig**". Maar wat wil dit sê, veral hier, waar dag en nag mekaar nie meer afwissel nie en **die dag dus ewig voortduur**? Wanneer is dit

dan wel Sabbat? **Is die gebod egter van goddelike afkoms, dan moet dit `n ewige en nie slegs tydelike reël wees nie en moet dit in die ryk van die geeste dieselfde volledig geldende betekenis hê as op aarde.**

12 By julle beteken dit dat die mens op die Sabbat, as verpligte feesdag, geen slaafse arbeid mag verrig, waaronder immers al die betaalde werk begryp word nie. Dit word mos wel toegestaan om skouspele op te voer, te dobbel en te dans soos die heidene! Daar word aangeraai om `n dag voor die Sabbat te vas, om **dan op die Sabbat des te beter en meer te kan vreet**. So is dit ook aan die eienaars van eetgeleenthede toegestaan om hulle geregte te verkoop en hulle gaste op `n feesdag nog meer as op andere dae te bedrieg. Dit beteken mos om die Sabbat regmatig te heilig; die meer geseënde arbeid op die veld en op die akker mag nie verrig word nie, maar al die ander is wel geskik vir die Sabbat!

13 Die Heer het egter Self op aarde laat sien dat die **mens ook op die Sabbat baie gepaste arbeid en goeie werke kan verrig**. Omdat die Heer Self op die Sabbat gewerk het, is ek van mening dat iedereen tog genoeg bewyse het, dat onder "die heiliging van die Sabbat" iets baie anders verstaan moet word as om nóg te werk, nóg iets onder hande te neem wat nuttig en lonend is.

14 Wat word daar dan onder die heiliging van die Sabbat verstaan? Wat is die Sabbat? Ek sê baie kortliks vir julle:

15 Die Sabbat is nóg die Saterdag, nóg die Sondag, nóg die Paassondag of Pinkstersondag, nóg een of ander dag van die week of van die jaar, **maar dit is niks anders nie as die dag van die gees in die mens, die goddelike lig in die menslike gees, die opgaande son van die lewe in die menslike siel.** Dit is die lewende dag van die Heer **in die mens**, wat hy steeds **beter leer ken en moet heilig met al sy handelinge, wat hy uit liefde vir God en van daaruit, uit liefde vir sy naaste moet verrig.**

16 Aangesien die mens hierdie heilige rusdag van die Heer nimmer in die gewoel van die wêreld wil of kan vind nie, moet hy hom van die wêreld terugtrek en hierdie dag van die lewe, van heilige rus in God, in homself soek.

17 Daarom was die volk van die Israeliete ook gebied om minstens één dag in die week te bestem, om hulle uit wêreldse sake terug te trek en hierdie dag van die lewe van die heilige rus in God in hul innerlike te soek. Maar die mens het die gebod slegs op `n uiterlike en materiële manier in ag geneem en het dit langs hierdie weg ten slotte sovêr gebring **dat die mens nie eens die Heer van die Sabbat herken het nie**, Hom, die Heilige Vader, toe Hy, deur oneindige liefde gedrewe, na Sy kinders op aarde gekom het nie!

18 Ek dink dat dit na hierdie woorde vir julle volkome duidelik sal wees wat daar onder die heiliging van die Sabbat verstaan moet word en hoe hiermee omgegaan moet word.

19 Tewens sou julle tog ook begrip moet hê vir die vraag of julle heiliging van die Sondag wel vir `n waaragtige Sabbatsheiliging kan deurgaan en of mens deur een uur aandag in die kerkdiens, maar daarna suiwer wêreldse vermaak, wel die innerlike lewende, ewige rusdag van die Heer kan bereik?

20 As ek saam met julle op aarde sou gewees het, sou ek `n baie hoë prys wou gesit het op die lewering van die bewys, dat deur kerk toe te gaan, vervolgens die stewige gevretery, ten slotte deur wandeling, bootreis of perdry, nou en dan ook dans, dobbel of n oormatige gedrinkery, dikwels deur lieg en bedrieg, deur gewoonlik afskeepbesoekies af te lê en meer sulke ondernemings, die ware Sabbat in die gees gevind en geheilig sal kan word. Wie weet of daar nie `n filosoof is wat in staat sou wees om so `n bewys te lewer nie; by ons sou hy hom sekerlik as `n vervalser onderskei.

21 Dat die kinders hier slegs die lewende Sabbatsheiliging geleer en op praktiese wyse met hulle beoefen word, hoef nouliks van naderby vermeld te word. Julle kan duidelik daaruit aflei hoe die gebod van die Heer daadwerklik in sy diepste wese opgeneem moet word.

22 Net soos hierdie twee gebooie en die voorafgaande eerste, sal ons ook die ander baie kortliks deurloop, sodat julle baie goed die diepste sin, vanwaar alle gebooie hier vir die kinders bygebring word, sal begryp. Daarom sal ons vervolgens baie kortliks die vierde gebod in die vierde saal beskou.

# Lesing 11 - 30 Oktober 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

Die vierde gebod in die vierde saal (in geestelike sin)

**Hoofstuk 77** Die vierde gebod, soos julle dit op aarde ken, lui so: "**Eer jou vader en jou moeder sodat jy lank kan lewe en dat dit met u goed mag gaan op aarde**". Dit gebod is net so van goddelike oorsprong as die eerste drie. Maar wat gebied dit en wat beloof dit? Niks anders nie as die gehoorsaamheid van die kinders aan hulle ouers en `n tydelike voorreg vir hierdie gehoorsaamheid.

2 Kan elkeen homself dan nie afvra nie en sê: Hoe het so `n goddelike gebod slegs geldingskrag deur tydelike beloftes? Dit het niks sigbaar voorhande, waarin ewige, geestelike voordele gebied word nie? Wat het die mens dan aan so 'n tydelike voorreg en wat het mens aan `n goeie en lang lewe, as niks hoër daarop volg nie?

3 Dit is waar; `n goeie en lang lewe is beter as `n kort en slegte een. Maar as die onwelkome dood aan die einde van die lewensperiode verskyn, watter voordele het die goeie en lange lewe dan ten opsigte van die slegte en kort lewe? Ek dink dat die mens geen deurwinterde wiskundige hoef te wees nie om te kan sê: Die verskil kom oral op nul uit; want die eerste kry, netsoos die tweede, heeltemal niks nie en daarom maak dit nie saak hoe die weg na hierdie ontvangs was nie, - goed of sleg.

4 Volgens hierdie maatstaf sou die vierde gebod op `n baie wankelende bodem gebaseer wees en die ouers sou werklik beroerd daaraan toe gewees het as hulle kinders al met so `n filosofie op aarde gebore sou word; die kinders self sou naamlik met sulke insigte weinig rede hê om hulle ouers te gehoorsaam. Bowendien kan mens by die gebod nog die volgende kritiese kantaantekening maak: Soos die gebod lui, het dit slegs `n tydelike basis en gee dus slegs die plig van kinders ten opsigte van hulle ouers weer.

5 Die vraag is dus: Hoe moet dit dan met die gebod hier in die ryk van die geeste lyk, waar die kinders vir ewig van hulle ouers vervreem is? Maar as hulle van hulle ouers vervreem is, dan is hulle tog sekerlik ook onthef van die aardse pligte teenoor hulle. Desondanks sien ons dat hierdie gebod hier in hierdie vierde saal op die bord geskrywe staan. Sou dit miskien vir hierdie kinders op die Heer betrekking hê? Dit sou aanneemlik gewees het as die veelbelowende sin nou maar nie daaronder gestaan het nie: "Sodat u `n lang lewe kan hê en dit met u goed mag gaan op aarde". - As daar sou gestaan het: "Sodat u ewig mag lewe en dit met u goed mag gaan in die hemel", dan sou so `n veranderde versie van die gebod baie goed te begryp gewees het; maar `n tydelike belofte in die ewige ryk van die geeste klink dan tog `n bietjie vreemd.

6 Wat dink julle wat hier gedoen moet word om hierdie wet `n volkome gefundeerde, goddelike aansien te verskaf? Julle trek die skouers op en sê baie saggies by julleself: Beste vriend en broeder, as dit hier van ons redenering afhang, dan sal die suiwer geestelike, goddelike sfeer van hierdie wet `n groot probleem word, want uit bogenoemde beskouing is daar, soos wat ons dink, bepaald nie op `n maklike manier iets veel geesteliks daaruit te haal nie.

7 Ek sê egter vir julle dat juis hierdie gebod, soos byna geen ander een nie, suiwer geestelik is. Nou trek julle weliswaar groot oë, maar dit verander niks aan die saak nie. Sodat julle dit egter op één slag mag sien, sal ek niks anders doen nie as om hierdie wet met ietwat ander woorde uit te spreek, naamlik soos hy ook hier in hierdie leersaal voorgedra word, en dan sal julle die volle waarheid onmiddellik insien. Maar hoe lui dit hier? Luister!

8 Kinders, wees gehoorsaam aan God se orde, wat uitgaan van Sy Liefde en Wysheid (aangedui as vader en moeder), sodat julle op aarde lank en in liefdadigheid mag lewe. Wat beteken `n lang lewe en wat beteken daarenteen die ewige lewe? Die "lang lewe" beteken die lewe in die wysheid; en "lang" word hier nie as tydsduur nie, maar as `n uitbreiding en `n steeds kragtiger word van die lewe beskou, want in die woord of begrip "lewe", lê op sigself immers al die ewige duur beslote. Die woord "lang" beteken dus absoluut nie die duur nie, maar uitsluitlik die uitbreiding van die lewenskrag waarmee die lewende wese steeds meer in die dieptes van die goddelike lewe deurdring en juis daardeur sy eie lewe steeds volmaakter, sterker en werksamer maak.

9 Dit het ons gehad; maar die "in liefdadigheid lewe op aarde"; wat wil dit sê? Niks anders nie as om die goddelike lewe jou eie te maak, want onder "aarde" word hier die eie wese verstaan en onder die “liefdadigheid” in wese niks anders as die vrye bestaan in homself volgens die volledige, sy eie gemaakte goddelike ordening.

10 Hierdie kort verklaring is voldoende om in te sien dat juis hierdie wet van volkome, suiwer geestelike aard is. Wanneer julle dit by geleentheid noukeuriger wil ondersoek, dan sal julle op julle eie aarde ontdek dat dit so is. So word dit hier by die kinders ook prakties bygebring en wel met die grootste nut. Aangesien ons dit nou weet, begewe ons onsself dan ook dadelik na die vyfde saal.

# Lesing 12 - 2 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

Die vyfde gebod in die vyfde saal, geestelik belig

78 Julle sien in hierdie vyfde saal weer `n bord, waarop in goeie leesbare skrif geskrywe staan: "**Jy mag nie doodmaak nie**". Wanneer julle hierdie gebod slegs enigermate teen die lig hou en daarby ook die geskiedenis van die Israelitiese volk beskou, dan moet julle wel meer as `n drievoudige staar op julle oë hê, as julle op die eerste oogopslag nie sou sien dat daar iets besonders met die gebod aan die gang is nie. "Jy mag nie doodmaak nie"! Wie, waar, wanneer en wat dan?

2 Wat beteken trouens "dood"? Beteken dood slegs die liggaam leweloos maak, **of beteken dit die gees van sy hemelse lewenskrag beroof**? As slegs die dood van die liggaam van die mens wetlik beperk word, dan kan daarmee tog onmoontlik die dood van die gees bedoel word, want daar staan immers geskrywe dat elke mens in `n sekere sin sy vlees moet dood om so sy gees te verlewendig, soos ook die Heer Self gesê het: "Wie sy lewe, dit wil sê die lewe van sy vlees, liefhet, sal dit verloor; wie dit egter om My onthalwe ontvlug, hy sal dit behou".

3 Presies so sien ons dit ook in die natuur. Sterf die buitekant of die huls by `n vrug nie af nie, dan kan die vrug geen lewende kiem voortbring nie. Uit dit alles blyk dus dat die dood van die vlees nie tegelykertyd die dood van die gees kan beteken nie. Word egter onder hierdie wet slegs die dood van die gees verstaan, wie is dan nog seker van sy liggaamlike lewe?

4 Daarenteen is dit ook aan elkeen bekend dat die teenwoordige veelvuldig voorkomende verheerliking van die vlees, niks anders is nie as "die dood van die gees nie". Beskou julle daarnaas die geskiedenis van die Israelitiese volk, waaraan in `n sekere sin, soos julle gewoond is om te sê, hierdie wette vars gebak gegee was, dan ontdek julle die merkwaardige teenstrydigheid, dat Moses, die bringer van die wette, self eers `n groot aantal Israeliete laat dood het, terwyl sy opvolgers dieselfde moes doen met hulle wat hierdie wette oortree het.

5 "Jy mag nie doodmaak nie" - hierdie wet het, net soos al die ander, in die '**Ark van die Verbond'** gelê. Wat het die hele Israelitiese leër met die vroeëre bewoners van die Beloofde Land gedoen toe hulle binnetrek? Wat het selfs Dawid, die man na God se hart, gedoen? Wat het die groot profeet Elia gedoen? Kyk, hulle almal het doodgemaak en wel baie dikwels en dikwels selfs op `n taamlike wrede manier.

6 Moet diegene onder julle wat nugter en onbevange van gees is, nie by hulleself dink en vra nie: Wat vir `n gebod is dit, waarteen niemand anders nie as, die deur God gestuurde profete, genoodsaak was om daarteen te handel nie.

7 So `n gebod is tog so goed as geen gebod nie. Ook in ons tyd is die dood van broeders tydens die oorlog selfs `n eresaak! Ja, die Heer Self dood dag in en dag uit, wat hulle liggaam betref, legioene mense, en tog staan daar: "Jy mag nie doodmaak nie"! En Dawid moes selfs `n leëraanvoerder laat ombring het omdat hy, ondanks die eedaflegging, `n plek wat vernietig moes word, gespaar het.

8 Goed, sê ek, so is dit met hierdie gebod op aarde gesteld. Maar hier sien ons dit in die ryk van die hemele, waar geen wese die ander nog kan dood nie en waar sekerlik niemand ook maar die minste daaraan sal dink om iemand te dood nie. Waarom staan dit dan hier op die bord geskrywe? Miskien uit suiwer historiese oorweginge, sodat die leerlinge hier sal leer watter gebooie daar op aarde is en was? Of moet hierdie allersagmoedigste kindergeeste vanweë die gebod miskien vir `n bepaalde tyd in `n moordlustige stemming gebring word, om dit dan met die wet voor oë, in homself te bestry? Dit sou mens weliswaar kan aanneem, maar tot watter gevolgtrekking of welke eindresultaat sal mens dan kom? Ek sê vir julle niks anders nie as: Wanneer hierdie moordlus ten slotte tog weer van die kinders afgeneem moet word, omdat hulle hulleself as moordlustiges, ten opsigte van die wet, voldoende betroubaar getoon het, dan moet mens tog ook aanneem dat hulle daarby nóg iets sou gewen het, nóg iets sou verloor het; asof hulle nooit van hierdie moordlus vervul sou gewees het nie.

9 Ek sien egter dat julle nou na hierdie grondige behandeling van die tema self nie meer weet wat julle eintlik van hierdie gebod moet dink nie. Maak julle geen sorge daaroor nie; enkele woorde sal voldoende wees om alles wat tot nou toe vir julle twyfelagtig was, in die helderste lig te plaas, en dan sal hierdie wet ewe waardig as op aarde, ook in die hemel soos `n son aan die hemel straal!

10 Sodat julle egter nou die volgende verklaring maklik en terdeë sal begryp, maak ek julle slegs nog daarop attent dat in God die ewige behoud van die geskape geeste die onwrikbare grondvoorwaarde van die gehele goddelike ordening is. Noudat julle dit weet, kyk dan net na die teenoorgestelde, naamlik na die vernietiging, en julle het die gebod, sowel in geestelike as in liggaamlike sin, betekenisvol voor julle.

11 Sê daarom in plaas van; "jy mag nie doodmaak nie" – sê dan, "jy mag niks vernietig nie", nóg jouself, nóg alles wat van jou broeder is, want die behoud is die ewige grondwet in God Self; daarom is Hy ewig en oneindig in Sy mag. Maar omdat op aarde, ook die liggaam van die mens tot aan die deur God bepaalde tyd vir die ewigdurende ontwikkeling van die gees noodsaaklik is, het, sonder `n uitdruklike gebod van God, niemand die reg om eiemagtig **sy eie liggaam**, nóg die van **sy broeder** te vernietig nie.

12 As hier dus van `n gebod tot behoud sprake is, dan is dit ook vanselfsprekend dat mens nog minder die reg het om **die gees van sy broeder**, ewemin as sy **eie**

**gees**, deur welke middel dan ook te vernietig en vir die verkryging van die ewige lewe ongeskik te maak. God dood weliswaar daagliks liggame van mense, maar op die **korrekte oomblik**, as die gees op een of ander wyse `n **bepaalde rypheid** bereik het. Ook die engele uit die hemel, as bestendige dienare van God, dood voortdurend liggame van mense op aarde, maar nie voordat hulle van die Heer opdrag gekry het nie, en dan slegs op die manier, soos die Heer dit wil hê.

13 So leer ook die kinders hier langs die geestelik praktiese weg waaruit die behoud van die geskape dinge bestaan en hoe hiermee, verenig met die wil van die Heer, steeds op die mees sorgvuldige wyse omgegaan moet word. En as julle dit nou ook maar ietwat begryp het, dan sal julle ook goed insien hoe waardevol hierdie wet is, en bowendien waarom dit ook hier in die ryk van die hemelse kindergeeste voorkom. Omdat ons dit nou weet, sal ons onsself ook dadelik na die sesde saal begewe.

# Lesing op 31 Oktober 2020 - ELOHIM se REGTERHAND - Wie sit in Wie se regterhand?

Die vervalsing van Skrifte alreeds voor die Vloed voorspel

**Henog 104:10** En nou ken ek hierdie verborgenheid dat oortreders die **woorde van Waarheid sal verander** en op baie maniere sal verdraai, en hulle sal **woorde van besoedeling spreek, en lieg en groot versinsels uitdink, en my Boekrolle in hulle <u>eie woorde</u> oorskryf**.
11 Maar wanneer hulle my woorde **noukeurig neerskryf in hul tale** en hulle **<u>niks</u> daaraan verander of uitlaat van my woorde nie,** maar alles **<u>noukeurig</u>** neerskryf, alles wat ek aangaande hulle getuig het. [JeshaJaH 43:27; 2 Ezra 8:60]
12 Dan ken ek 'n ander **<u>verborgenheid</u>**: dat my Boekrolle aan die **regverdiges en die apartes** en die **wyses** gegee sal word en sal vir hulle 'n **bron van Blydskap, Waarheid en Wysheid wees.**
13 En aan hulle sal die Boekrolle gegee word, en hulle sal daarin glo en bly wees daaroor, en **dan sal al die regverdiges wat die Waarheid daaruit geleer het, bly wees.**

**<u>Deuteronomium 6:4</u> *HOOR, JisraEl, JaHWeH onse Elohey, JaHWeH [is] EEN*.**
**<u>Johannes 10:30</u> *Ek en die VADER is een*.**

Mat 5:30 En as jou **<u>regterhand</u>** jou laat struikel, kap haar af en gooi haar weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.

**G1188**

δεξιός

dexios

*dex-ee-os'*

From G1209; the *right* side or (feminine) hand (as that which usually *takes*): - right (hand, side).

**Total KJV occurrences: 53**

Strong's Hebrew and Greek Dictionaries

**Luk 22:69** Van nou af sal die Seun van die Adam sit aan die **regterhand van die Krag van die Elohim**.
Hand 2:33 Nadat Hy dan **deur die regterhand van God** verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.
Hand 7:55 Maar hy was vol van die Gees van die Apartheid en het die oë na die Hemele gehou en die Glansrykheid van Elohim gesien en JaHWèshua wat staan aan (***among = tussen of onder***) die **regterhand** van Elohim.

WIE IS DAN DIE REGTERHAND?

**Exodus 15:6** U **Regterhand** o JaHWeH, is vergroot deur Krag. U **Regterhand**, o JaHWeH, het die vyand in stukke verbreek.
Exo 15:12 U het U **Regterhand** uitgestrek, die Aarde het hulle verslind.
Deut 33:2 En hy het gesê: JaHWeH het gekom van Sinai en vir hulle opgegaan van Seïr af; Hy het in ligglans verskyn van die gebergte Paran en gekom met tienduisende uit die Apartheid; **aan Sy Regterhand gaan 'n vlammende Wet vir hulle uit**. [Boekrol van Henog 1:9; Brief van Judas 1:14, 15]
Psa 18:35 Ook het U My die Skild van U Lossing gegee, en **U Regterhand het My ondersteun**, en U neerbuigende Suiwerheid het My groot gemaak.
Psa 20:6 Nou weet Ek dat JaHWeH SY Gesalfde verlos; HY sal Hom verhoor uit die Hemele van SY Apartheid, met magtige dade van Lossing van **SY Regterhand**.
Psa 45:9 Dogters van konings is onder U kosbares; **die Koningin staan aan U Regterhand in goud van Ofir (Afer=Afrika).**
Psa 63:8 My Siel is aan U verkleef; U **Regterhand** ondersteun My.
Psa 60:5 Sodat U bemindes gered mag word; **verlos Ons deur U Regterhand** en verhoor Ons!
Psa 80:17 Laat U Hand wees oor **die Man van U Regterhand,** oor die **Seun van Adam** wat U vir Uself grootgemaak het.
Psa 118:16 Die **Regterhand** van JaHWeH verhef; die **Regterhand** van JaHWeH doen kragtige dade.
Hab 2:16 Jy het jou versadig met skandelikheid in plaas van met eer - drink jy ook nou, en wees maar onbesnede. Na jou toe sal die **Beker van die Regterhand van JaHWeH** omgaan, en skande tref jou eer.
2Esra 3:5 En 'n liggaam sonder gees aan Adam gegee het, wat die vakmanskap van U hande was, en in hom geblaas het die asem van die lewe en hy het lewend voor U geword. [Génesis 2:7]
2Esra 3:6 En U het hom in die Paradys geplaas **wat U Regterhand geplant het**, voordat hy uit die Aarde gekom het. [Génesis 2:8]
**Wysheid van Sirag 24:1 DIE Wysheid** prys Haarself en te midde van Haar volk word Sy geëer.
24:2 In die vergadering van die Hoogste El **open Sy Haar mond** en voor SY leërskare **word Sy verhoog**.
24:4 In die hoogtes het Ek alleen gewoon, en **My Troon** was in die **Wolkkolom**. [Boekrol van Henog 9:4; JeségiEl 1:4]] 24:5 **Die hemelgewelf het Ek alleen omspan** en op die bodem van die Afgrond het Ek gewandel. [JeshaJaH 44:24] 24:8 Toe het HY, die Formeerder van die heelal, My beveel, en My Formeerder het My woonplek vasgestel; en HY het gesê: **Onder Jakob moet Jy woon en in JisraEl moet Jy [jou] Erfdeel besit**. [Boekrol van Henog 39:5; Profesie

van Barug 3:38]
24:10 In die **Tabernakel van Apartheid** het Ek voor HOM gedien en so was Ek **in Sion** gevestig. [Exodus 25:8 ; 25:22; Exodus 40:34; Deuteronómium 30:12; Wysheid van Sirah 19:20; JeshaJaH 63:11]
24:11 **In die geliefde Stad** het Ek, wat My betref, gerus, en in **Jerusalem was My heerskappy**.

Daardie selfde Regterhand verlos ons nou ook

Heb 1:13 But to which of the angels said he at any time, Sit on (*Strongs 1537* = ***AMONG***) my **right hand**, until I make thine enemies thy footstool?
Heb_10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan (Strongs 1722 = **IN**) die Regterhand van Elohim
Openb 1:16 En **IN** (Strongs 1722) Sy Regterhand het Hy sewe Sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende Swaard het uit Sy Mond uitgegaan, en Sy aangesig was soos die son wat skyn in Sy Krag. [Openbaring 19:15]

Hand 5:30 Die Elohey van ons vaders het JaHWèshua opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n hout te hang.
Hand 5:31 Hom het Elohim as Leidsman en Verlosser **deur SY Regterhand** verhoog om aan JisraEl bekering en vergifnis van oortredinge te skenk.

Hand 7:55 Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan (Str 1537 = among = tussen) die **regterhand** van God.
Act 7:56 En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens tussen die regterhand van God staan.

Efesiërs 1:20 wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan **(IN) sy regterhand** in die hemele,
Kol. 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan **(IN) die regterhand van God** sit.

Heb 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit **IN die regterhand** van die Majesteit in die hoogte,
Heb 8:1 Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan **(IN) die regterhand** van die troon van die Majesteit in die hemele,
Heb_10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan **(IN) die regterhand** van God
1Pe 3:22 wat heengegaan het na die hemel en aan **(IN) die regterhand van God is**, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is.

Openb 1:13 en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die adam met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. [Exodus 25:34]
Openb 1:16 **En in Sy Regterhand** het Hy sewe Sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende Swaard het uit Sy Mond uitgegaan, en Sy aangesig was soos die son wat skyn in Sy Krag. [Openbaring 19:15]

**G1722**

ἐν

en

*en*

A primary preposition denoting (fixed) *position* (in place, time or state), and (by implication) *instrumentality* (medially or constructively), that is, a relation of *rest* (intermediate between G1519 and G1537); *"in"*, *at*, (up-) *on*, *by*, etc.: - about, after, against, + almost, X altogether, among, X as, at, before, between, (here-) by (+ all means), for (. . . sake of), + give self wholly to, (here-) in (-to, -wardly), X mightily, (because) of, (up-) on, [open-] ly, X outwardly, one, X quickly, X shortly, [speedi-] ly, X that, X there (-in, -on), through (-out), (un-) to(-ward), under, when, where (-with), while, with (-in). Often used in compounds, with substantially the same import; rarely with verbs of motion, and then not to indicate direction, except (elliptically) by a separate (and different) prep.

**Total KJV occurrences: 2720**

Strong's Hebrew and Greek Dictionaries

*Luk 6:6 EN op 'n ander Sabbat het Hy in die vergadering gegaan en geleer. En daar was 'n man, en* ***sy regterhand***

# Lesing 13 - 3 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

Die sesde gebod in die sesde saal. Wat is onkuisheid?

***BvH Exodus 20:14 Jy mag nie vermeng nie.***
***("adulterate not" in die Interlinear: to mix a superior substance with an inferior substance)***

**Hoofstuk 79** Hier sien ons weer in die middel van die sesde saal `n bord. Op die bord staan duidelik leesbaar geskrywe: "**Jy mag geen onkuisheid begaan, en geen egbreuk pleeg nie**". Dit is onmiskenbaar die sesde gebod, wat die Heer deur Moses aan die Israelitiese volk gegee het. Dit gebod is **sekerlik een van die moeilikste**, wat betref die deurgronding van die basisvoorwaarde en die noukeurige toepassing daarvan in die lewenshouding.

2 Wat word daar eintlik deur die gebod verbied en waarop het die gebod betrekking? Op die gees, die siel of die liggaam? Welke van hierdie drie lewens-potensies mag geen onkuisheid begaan nie? Dit is die vraag. Wat is onkuisheid egter presies en wat is egbreuk? Word met onkuisheid, die onderlinge geslagsdaad bedoel? As dit die geval is, dan word elke verwekking deur die gebod verwerp, want ons vind in die eenvoudige gebod absoluut geen voorwaardelike uitsondering nie. Daar staan nou eenmaal: "Jy mag geen onkuisheid begaan nie".

3 As die geslagsdaad in `n sekere sin as die toppunt van onkuisheid beskou kan word, dan sou ek self graag diegene wil leer ken wat, by die teenwoordige stand van sake, op aarde `n verwekking sonder hierdie verbode daad sou kan bewerkstellig. Of dit nou binne, of buite die huwelik gebeur, die daad is dieselfde; en of dit begaan word om `n kind te verwek, al dan nie, dit bly dieselfde. Bowendien bevat die gebod self geen voorwaarde waardeur `n legitieme huwelik `n uitson-dering op die reël van die kuisheidsgebod sou vorm nie.

4 Van die ander kant bekyk, moet dit tog vir elke mens kristalhelder wees dat die Heer aan die voortplanting van die menslike geslag en aan `n wyse opvoeding daarvan, besonder veel geleë het. **Langs watter weg sou die menslike geslag hom egter moet voortplant, as die geslagsdaad op straf van die ewige dood, verbode is?** Ek dink dat elke mens goed sal begryp dat hier kennelik meer aan die gang is.

5 Bowendien kan elkeen nog uit eie ervaring getuig dat die natuur by geeneen van die gebooie wat onderhou moet word, die hele mensdom so 'n stewige knuppel voor die voete werp waaroor hy moet struikel, as juis by dié gebod nie. Elkeen, wat **`n ietwat ordentlike opvoeding** geniet het, het geen probleme nie, of hoogstens `n baie geringe, met die onder-houding van die ander gebooie nie, maar by dié gebod trek die natuur altyd `n deeglike streep deur die rekening, selfs deur die van `n apostel soos Paulus!

6 **Ons sien duidelik `n verbod van die vleeslike lus, wat onverbreeklik met die geslagsdaad verbonde is**. Het die verbod dus slegs betrekking op die vleeslike lus en nie tegelyk ook op die geslagsdaad nie, dan is dit die vraag of die vleeslike lus van die gebruiklike geslagsdaad te skei is? Wie van julle kan beweer en aantoon dat beide eggenotes wat deur die wet verbind is, nie ook die tydelike lus sou voel nie? Oftewel, waar vind mens `n egpaar wat nie tenminste halfpad deur die op hande synde vleeslike lus, tot die geslagsdaad aangemoedig sou wees nie?

7 Daaruit sien ons nou egter dat ons met die gebod oor die onkuisheid, toegepas op die liggaamlike geslagsdaad, absoluut niks kan begin nie. Of, daar moet `n suiwer geslagsdaad bestaan wat niks met vleeslike lus te maak het nie, of, as so `n daad nie blyk te bestaan nie, die vleeslike geslagsdaad nie onder hierdie wet sou moes val nie, maar gesien moet word as `n vrye, eiemagtige en straflose handeling van die mens. Want daar is al gesê dat hierdie wet meedoën-loos en onvoorwaardelik voorgeskryf is.

Die noodsaaklike bestaan van die mens vorm egter `n sterk kontras met die verbod op hierdie daad, net soos die altyd onverbiddelike drang van die natuur. Van watter stand iemand ook maar is, hy word, as hy volgroeid is, nie daarvan vrygespreek nie. Ook al word hy deur uiterlike omstandighede van hierdie aktiwiteit afgehou, dan sou sy begeerte in geen geval nog verminder nie, tensy hy hom sou laat vermink en so sy natuur dood.

9 Dus wat die liggaam betref, slaag dit in geen geval nie. Het die gebod miskien slegs betrekking op die siel? Omdat die siel beslis die lewende beginsel van die liggaam is en die vrye handelinge van die liggaam suiwer afhang van die siel, waarsonder die vlees dood is, is ek van mening dat daar tog nie gou êrens `n supergeleerde te vinde sou wees wat in alle erns sou kan beweer dat die siel niks te doen het met die vrye handelinge van die liggaam nie.

10 Die liggaam is tog slegs die werktuig van die siel, kunstig ingerig om deur haar gebruik te word. Wat moet ons dan met `n gebod slegs vir die liggaam maak, wat op sigself `n dooie masjien is? Wanneer iemand `n onhandige hou met `n byl geslaan het, is dit dan die skuld van die byl of van sy hand? Ek dink tog dat niemand sal wil beweer dat die onhandige hou toegeskryf moet word aan die byl nie.

11 Net so min kan mens die geslagsdaad as sondige handeling aan die liggaam toeskryf, maar slegs aan die **handelende beginsel, wat hier die lewende siel is**. Dan moet ons kritiese beskouing, waarvan ons tot nou toe by die gebod uitgaan, ook slegs geld vir die siel, wat in die vlees dink, wil en handel. En so is juis die siel volgens dié aangelegde kriterium logieserwys vry van die gebod. Met die siel kom ons dus ook nie verder

nie; sal dit dan met die gees slaag? Ons sal sien, wat daar met die gees te bereik is.

12 Wat is die gees dan? Die gees is die eintlike lewensbeginsel van die siel en die siel is sonder die gees niks anders nie as `n substansiële eteriese orgaan, wat wel alle vermoëns besit vir die opneem van die lewe, maar sonder die gees niks anders is nie as `n **substansieel geestelik eteriese poliep (seekat)**, wat sy arms voortdurend na die lewe uitstrek en alles opsuig wat met sy natuur ooreenkom.

13 **Die siel sonder die gees, is dus slegs `n stom, polariserende krag, wat die drang na versadiging in haarself dra, maar self geen krag tot oordeel besit nie,** waaruit dit vir haar duidelik sou word waarmee sy haar versadig en waartoe die versadiging dien nie. Dit is te vergelyk met `n volslae kranksinnige, wat geen ander begeerte in hom voel as om hom te versadig nie. Waarmee en waarom? Daarvan het hy geen begrip nie. Wanneer hy `n groot honger voel, dan verorber hy alles wat hy maar teenkom, of dit nou afval, brood of die reinste varkkos is, vir hom maak dit nie saak nie.

14 Kyk, presies so is dit gesteld met die siel sonder die gees. En hierdie aangehaalde kranksinnige het nou juis ook maar net één sielelewe; dit wil sê, dat daar in sy siel `n swak of dikwels ook glad geen gees aanwesig is nie. Om egter te sien dat so iets werklik die geval is, hoef julle niks anders te doen nie as om `n blik te werp in die wêreld van die duister geeste. Wat is hulle? Hulle is na die dood voortlewende siele wat tydens hulle aardse lewe op die ligsinnigste en dikwels kwaadwilligste wyse hulle gees in hulleself soseer verswak en onderdruk het, dat hy in so `n toestand nouliks in staat was om hom die mees karige toegemete lewensimpuls te verskaf, waarby alle lewensvoordele egter dikwels op die ewige agtergrond moes gebly het!

15 Hoe gedra sulke wesens hulle egter in die hiernamaals, ten opsigte van salige lewende geeste? Nie anders nie as egte sukkelaars, dus as geestelike kranksinniges, wat op alle moontlike maniere ook nog misvormd is, sodat daar van `n menslike gestalte dikwels geen spoor meer te ontdek is nie. Hierdie wesens is in die geesteswêreld, wat hulle handelwyse betref, ewemin toerekeningsvatbaar as die kranksinniges by julle op aarde. **Daaruit volg dus, dat nie die siel op haarself nie, maar slegs die siel in besit van die gees, toerekeningsvatbaar is**, want slegs daarin woon die vrye wil; dus in wese slegs die gees.

16 As dit nou egter duidelik bewys is, dan is die vraag: Hoe en op watter wyse kan die absolute gees dan onkuisheid bedrywe? Kan `n gees vleeslike begeertes hê? Ek dink dat daar nouliks `n groter teenspraak sal wees, as wanneer iemand hom in alle erns `n "vleeslike gees" sou wil voorstel, wat noodgedwonge materieel sou moet wees om self grof materiële begeertes in homself te hê.

17 Wanneer `n gearresteerde sekerlik geen groot genoegdoening skep in sy arrestasie nie, sal die absolute gees dan tog des te minder `n hartstogtelike verlange koester om hom met sy mees vrye wese vir altyd aan die growwe materie te bind om sy vermaak daarin te vind nie. In hierdie sin is `n onkuisheid bedrywende gees dus tog sekerlik die grootste onsin wat `n mens ooit kan uitspreek. Nou is die vraag dus: Wat is onkuisheid dan en wie mag geen onkuisheid bedrywe nie, noudat ons gesien het dat sowel die liggaam, asook die siel en die gees op sigself geen onkuisheid kan bedrywe nie, soos ons dit tot nou toe geken het?

# Lesing 14 - 4 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

Oor tweërlei liefdes

**Hoofstuk 80** Sommige sou dan wel kan sê: Moses het later nader daarop ingegaan en het verklaar dat: Volgens die orde slegs die geslagsdaad tussen geseënde eggenotes geoorloof is, maar in alle ander gevalle verbied word. Hy het bowendien verordineer dat elke ander geslagsdaad, veral wanneer `n getroude man dit sou begaan met die vrou van `n ander man, as egbreuk beskou moet word en dat die egbrekers hulle beide aan `n doodsonde skuldig gemaak het. Dit is korrek, maar latere verordeninge het ewenwel aangegee dat die wet, wat in die begin gegee was, tog geen ander inhoud gehad het nie. Wie hom daaraan wou bind, moes hom by die oorspronklike voorskrifte gehou het, want nóg onkuisheid, nóg egbreuk was op `n bepaalde manier daarin verbode.

2 Ons het tot nou toe duidelik uitgelê wat mens uiteindelik onder onkuisheid sou kan verstaan. Aangesien alles egter op die geslagsdaad wys, kan mens dan ook die tot nou toe aan ons bekende vorm van onkuisheid, onmoontlik dan deur hierdie wet as verbode beskou.

3 Maar nou meld iemand hom aan met ervaring op die gebied, wat sê: Onder die onkuisheid wat verbode is, word slegs die bevrediging van die sinlike lus sonder meer bedoel. Goed, sê ek, maar wanneer `n man, wat by `n vrou wat nie deur haar eie man bevrug kan word nie, daadwerklik `n kind verwek, dan is dit die vraag of dit hom as sondige egbreuk aangereken kan word. Ek vra verder: Wanneer `n jongman, gedrywe deur sy natuur, by `n meisie `n kind verwek het, kan dit hom dan as `n sonde van die onkuisheid aangereken word?

4 Ek vra verder: As `n man, wat uit ervaring weet dat sy vrou onvrugbaar is, tog gemeenskap met haar het, omdat sy aantreklik is en hom bekoor en hy op die manier slegs maar sy sinlike behoefte bevredig, kan hierdie daad hom dan as sonde van die onkuisheid aangereken word?

5 Ek vra verder: Daar is veral in hierdie tyd altyd `n groot aantal mense van beide geslagte wat sekerlik wel tot voortplanting in staat is en `n sterk natuurlike drang besit, maar vanweë politieke en behoeftige omstandighede nie in staat is om te trou nie. Wanneer sulke dubbel geplaagde mense nou die geslagsdaad begaan, sondig hulle dan teen die sesde gebod?

6 Mense sal sê: Hulle moet hulle drifte aan God opoffer en geen geslagsgemeenskap hê nie, dan sal hulle nie sondig nie. Maar ek sê: Watter regter kan so `n daad tot egte sonde verklaar? Wat het `n ryke dan, wat hom `n keurige vrou kan veroorloof teen die van `n arme, wat hierdie geluksaligheid moet ontbeer? Sou die welgestelde dan meer reg hê op die verwekking van synsgelyke, as `n arme? Heilig die geld dan die verwekking, omdat die ryke hom die regmatige besit van `n vrou kan veroorloof, dit wat vir `n duisend minderbedeeldes onmoontlik is?

7 Bowendien kan mens hom nog afvra wie dan eintlik die skuld dra vir die veelvoudige verarming van die mense? Sekerlik niemand anders as die gelukkige ryke wat deur sy baatsugtige spekulasie, baie rykdom na hom toe trek, waarby dikwels so `n duisend mense sekerlik voldoende sou hê om `n fatsoenlike huwelik te kan sluit. Tog sou slegs die ryk eggenoot vry wees van die sonde van die onkuisheid as hy by sy regmatige vrou kinders verwek, terwyl slegs die arme die sondebok sou wees, juis omdat hy hom geen vrou kan veroorloof nie? Sou dit nie dieselfde wees as wanneer mens op aarde een of ander bedevaartplek sou aanwys met oplegging van die gebod dat niemand hierdie plek te voet mag besoek om daar een of ander genade te ontvang nie, maar dat elkeen wat hierdie plek besoek en `n genade wil ontvang, in `n hoogs elegante koets aangery moet kom?

8 Wie so `n gebod regverdig sou vind, sou tog sekerlik werklik van `n wêreld af moet kom waarvan selfs die Skepper van hemel en aarde niks weet nie, dit wil sê, van `n wêreld wat nêrens bestaan nie: Of hy sou `n afgevaardigde van die satan moet wees!

9 Ons sien nou egter uit hierdie beskouing dat ons met die uitleg van ons sesde gebod geen tree verder gekom het nie. Wat sal ons nou doen om die diepste betekenis uit hierdie gebod te kan aflei? Ek sê vir julle vooraf dat dit nie so eenvoudig is as wat mens sou dink nie. Ja, ek sê:

10 Om die korrekte betekenis van hierdie gebod te vind, moet mens baie diep gaan en die saak by die wortel aanpak; anders sal mens hom daarby steeds in `n twyfelagtige situasie bevind, waarin mens maklik dit, wat in die vêrste vêrte geen sonde is nie, as sonde sal beskou en wat werklik `n sonde is, nouliks die moeite werd vind om dit as sonde te beskou.

11 Waar lê hierdie wortel nou? Ons sal hom dadelik vind. **Julle weet, dat die liefde die oergrond en die basisvoorwaarde van alle dinge is**. Sonder liefde sou daar nooit enige ding geskape gewees het nie en sonder liefde sou daar, hoe dan ook, geen bestaan denkbaar gewees het nie, net so min as wat daar, sonder wedersydse aantrekkingskrag, ooit `n wêreld, volgens die wil van die Skepper sou gevorm het nie. Wie dit nie kan verstaan nie, moet hom maar net `n wêreld voorstel sonder hierdie wedersydse aantrekkingskrag, en dan sal hy spoedig sien hoe alle atome van `n wêreld hulle skielik van mekaar sal skei en dan as`t ware in die niet vervlugtig.

12 **Bygevolg is die liefde die grond van alles en tewens die sleutel tot alle geheime**.

13 Maar hoe kan mens nou juis die liefde op `n verhelderende manier met ons sesde gebod in verband bring? Ek sê vir julle, niks is makliker as dit

nie, omdat geen enkele daad in die wêreld so innig met die liefde verwewe is nie, as juis dit wat ons as sonde en onkuisheid beskou.

14 **Ons weet egter dat die mens tot twee soorte liefdes in staat is, naamlik tot goddelike liefde, wat teen elke eieliefde ingaan, en tot eieliefde, wat teen elke goddelike liefde ingaan.**

15 Nou is dit die vraag: Wanneer iemand die voortplantingsdaad begaan, watter liefde was dan die beweegrede daarvan; die eieliefde, waaronder ook elke genotsug val, of die goddelike liefde, wat, homself geheel en al vergeet, **en slegs wil gee wat sy het**? Kyk, nou het ons **die eintlike kern van die saak**, en ons is al taamlik op die spoor.

16 Gestel, daar is twee mense: Die een begaan die daad uit selfsugtige genotsug, maar die ander is vol dankbaarheid om tot voortplanting in staat te wees en sy saad aan `n vrou deur te kan gee om `n vrug in haar te verwek. Wie van die twee het nou daar gesondig? Ek dink dat dit nie moeilik is om hier regter te speel en `n korrekte oordeel te vel nie.

17 Sodat die saak vir ons egter volkome duidelik mag word, moet ons onsself ook ietwat meer met die begrip "onkuisheid" vertroud maak. Wat is kuisheid en wat is onkuisheid? **Kuisheid is die gemoedstoestand van die mens waarin hy vry is van alle selfsug, of waarin hy gesuiwer is van alle smet van die eieliefde. Onkuisheid is die gemoedstoestand, waarin die mens slegs aan homself dink, vir homself handel, en sy naaste, veral waar dit sy vrou betref, heeltemal vergeet.**

18 Die selfsug is egter nêrens smadeliker nie, as juis by die daad waar dit oor die voortplanting van `n mens gaan. Waarom dan wel? Die oorsaak is voor die hand liggend. **Soos die grond en soos die saad is, so word ook die vrug**. Is goddelike liefde, dus kuisheid, die saad, dan sal daar ook `n goddelike vrug tevoorskyn kom; maar is eieliefde, selfsug en genotsug, dus die onkuise toestand van die gemoed, die saad; watter vrug sal dan daaruit voortkom?

19 **Kyk, daarin lê beslote wat deur die sesde gebod verbied word**. Sou die gebod in ag geneem gewees het, dan sou die aarde nog `n hemel gewees het, en **daar sou geen selfsugtige en heerssugtige mense op haar gewees het nie**! Maar die gebod was al by die begin van die mensdom oortree en die **vrug van hierdie oortreding was die egoïstiese en selfsugtige Kain.**

20 Daaruit volg egter dat, **nie slegs** die sogenaamde foutiewe omskrewe "ontug", wat mens eerder "genotsug" sou kan noem, in die ry van die sondes wat deur ons behandel is, tuishoort nie, maar elke vorm van genotsug, hoe ookal. Maar dit moet veral as sonde van onkuisheid beskou word, as `n man die swak vrou egoïsties tot sy lusobjek maak. `n Kort vervolg sal ons hierdie saak nog helderder voor oë stel.

# Lesing 2 - 6 November 2020 - Hoe om te bid en geestelike oorlogvoering

(4510) Geregtigheid - Boetedoening vir Sondes - Oordeel Aan Bertha Dudde

**Die mense daag My Geregtigheid uit**, want hulle sondig een stryk deur. Hulle is buitengewoon **onverdraagsaam**; hulle het **geen liefde in hul harte** nie; hulle is baie **hoogmoedig**, vol van **sinlike begeertes**; hulle het **geen meegevoel** vir die naaste nie; is vol **afguns en nyd**, en deur hul **liefdeloosheid** in staat tot die **slegste handelinge.**

**Dus sondig hulle teen My gebod van naasteliefde en teen My**, Wie vir hulle hierdie gebod gegee het. Wie egter teen My gebod van die liefde sondig, verloor **My Liefde, hy verwyder homself van My en word steeds harder en harder**, totdat Ek hom weer sal onderwerp aan die oordeel, d.w.s. wanneer sy **hernieude kluistering** in die materie sal plaasvind.

**Dan word My Geregtigheid genoegdoening gegee**, maar hierdie mens het **oor homself** reg gespreek. My Wet lê slegs aan hierdie ontwikkelingsgang van die Ewigheid ten grondslag, wat met reg 'n **straf** genoem kan word, as dit nie tegelykertyd 'n middel beteken om **op te voed** nie, dus steeds weer My Liefde vir die geskape wese laat deurstraal en sy dus nooit as toorn gesien moet word nie. Geregtigheid skakel nooit die Liefde uit nie, maar Geregtigheid eis ook **genoeg-doening, sodat die sonde self kragteloos gemaak kan word,** want My skepsels ly onder die sonde en kan slegs deur 'n **passende boete** die lyding verminder of ophef.

**'n Sondige mens bevind hom dus in die oordeel, d.w.s. in 'n gekluisterde toestand, wat vol is van lyding**. Hy moet genoegdoening verskaf, hy word gedwing om dit te doen wat hy as mens nie vrywillig wou doen nie, **dus moet hy dien**.

Die mens raak vrywillig diensbaar wanneer **hy die liefde in homself opwek**, maar sondes en bose eienskappe **verdring die liefde** en **hy trag dan om te heers, terwyl hy moes dien**, want sy denke en handelinge is sondig.

As daar nou in dié stadium as mens geen verandering meer te verwag is nie, word hy in 'n toestand oorgeplaas waarin die gees gedwing word om dienend aktief te wees, om weer die vrye toestand te bereik en hy in vryheid die wilsproef van diensbaar wees nog 'n keer kan aflê. **Hierdie ontwikkelingsgang is van My, slegs uit geregtigheid en nie uit toorn nie**, veeleer **op die Liefde gebaseer** en steeds deur die mens self in vrye wil bepaal, sodat hy homself in die oordeel stort **wanneer hy sondig teen die gebod van die liefde vir God en die naaste**

Die Gilgal Gelofte

**INLEIDING**

My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle gelofte sal julle doen ter bevryding van julle volk, omdat Ek julle gekies het as tussenpersone, as middelaars en verteenwoor-digers van My volk. **Ek wil julle gebruik ter verlossing van die reine en onreine wat nog te red is in My mense.** Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. Julle gelofte en klipstapel sal die simboliek wees vir die oprigting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar. **Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag**. **Wees geseënd met My Krag en outoriteit om die bose te kan bind om My volk te kan red.** Ek sal My gelofte met julle sluit ter wille van julle volk, want omdat **opregtes in My volk is**, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.

**DIE VERBOND**

My verbond met julle is die volgende:

Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes **in Liefdeskrag**, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle 'n Man te wees en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEl, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde. Dit is My verbond: **Verlossing**.

**DIE GELOFTE**

Julle gelofte is as volg:

Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié gelofte, **dat ons U Huis sal bou, die Vesting vir die Dogter van Sion**. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde staan as een, **met een hart**, deur U verenig **om U Liefde en U Barmhartigheid te bring** tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. Ons bring ons lewens as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag **terugkeer na ons Bron**, sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.

## Lesing 3 - 7 November 2020 - Hoe om te bid en geestelike oorlogvoering

Speel n kort getuienis van iemand wat Jan Heyneke se boodskap in haar hart gevoel weerklink het.

Gesig na die reiniging op die Gilgal Klipwiel

**Sagaria 5:5** DAAROP kom die Boodskapper vorentoe wat met my gespreek het, en sê vir my: Slaan tog jou oë op, en kyk wat daar te voorskyn kom.
6 Toe sê ek: Wat beteken dit? En hy antwoord: **Dit is die efa wat te voorskyn kom.** Verder het hy gesê: So lyk hulle in die ganse Aarde.
7 En meteens word daar 'n talent lood opgelig, **en daar was 'n vrou wat in die middel van die efa** (houer met inhoudsmaat gelyk aan 'n efa) sit.
8 En hy sê: **Sy is die Besoedeling**. En hy het haar binne -in die efa teruggewerp en **die steen van lood oor haar mond gegooi**. [JeségiEl 16:44]
9 Toe slaan ek my oë op en kyk - daar kom **twee vroue** te voorskyn met gees/wind in hulle Vleuels; en hulle het Vleuels gehad soos die Vleuels van 'n groot ooievaar, en hulle het die efa weggevoer **tussen die Aarde en die Hemele.**
10 Daarop sê ek aan die Boodskapper wat met my gespreek het: Waarheen bring hulle die efa?
11 En hy antwoord my: Om vir haar 'n huis te bou in **die Aarde van Sínear**; en is hy klaar, dan word sy daar op haar plek neergesit. [Boekrol van die Opregte 7:45; DaniEl 1:2]

***<u>BD 4510</u> Die mense daag My Geregtigheid uit**, want hulle sondig een stryk deur. Hulle is buitengewoon **onverdraagsaam**; hulle het **geen liefde in hul harte** nie; hulle is baie **hoogmoedig**, vol van **sinlike begeertes**; hulle het **geen meegevoel** vir die naaste nie; is vol **afguns en nyd**, en deur hul **liefdeloosheid** in staat tot die **slegste handelinge.***

***Mattheus 7:6** Moenie wat van die Apartheid **<u>(SY LIEFDE in ons)</u>** is, aan die **honde** gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die **varke** nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai **en julle verskeur nie.** [Spreuke 5:15 - 17]*

**Sefanja 3:9** Want dan sal Ek aan die volke **suiwer lippe** toebring, sodat hulle almal die Naam van JaHWeH hard sal uitroep en Hom met **eenparigheid** sal dien.
10 Van oorkant die riviere van Kuwsh [Ethiopië] vandaan sal My blye aanbidders, **die Dogter van My Verstrooide, My bydrae bring**. [JeshaJaH 18:1; Maleagi 3:16]
11 Op dié dag hoef jy jou nie te skaam weens al jou wrede dade waarmee jy teen My gerebelleer het nie; want dan sal Ek **uit jou midde wegruim** die wat in jou triomfantlik in hul hatigheid opgestaan het, en jy sal jou nie meer arrogant gedra in die **Berg van My Apartheid** nie.
12 En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n beproefde en behoeftige volk wat in die **Naam van JaHWeH** skuiling soek. [Psalm 22:26]
13 Die oorblyfsel van JisraEl sal **nie wetteloos** optree en sal geen leuentaal spreek nie, en in hulle mond sal geen **bedrieglike tong** gevind word nie; maar hulle sal wei en sonder vrees uitgestrek lê. [ZekarJaH 5:3]

**Wysheid van Sirag 5:13** Eer en skande [kom] deur een wat **onnadenkend praat**, en **<u>die tong van die adamiet is sy ondergang.</u>**
Sirag 5:14 Moenie 'n tweegesig genoem word nie en **moenie met jou tong van jou naaste kwaadpraat nie**. Want op die dief word skande geskep, en 'n smaad [vir] sy naaste is die tweegesig.

**Lukas 6:37** En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit **geoordeel** word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit **veroordeel** word nie. Spreek **vry, en julle sal vrygespreek word.** [Spreuke 17:9]
38 Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, **want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word**.
41 En waarom sien jy die **splinter** in die oog van jou broeder, maar die **balk** wat in jou eie oog is, merk jy nie op nie?
43 Want dit is nie 'n **opregte boom** wat **verbasterde vrugte** voortbring nie, **en ook nie 'n verbasterde boom wat egte vrugte voortbring nie**.
44 Want elke boom word geken **aan sy eie vrugte**. Van dorings pluk 'n mens tog nie vye nie, en 'n mens sny ook nie druiwe van 'n doringbos nie.
45 Die suiwer adamiet bring uit die suiwer skat van sy hart **te voorskyn wat suiwer is**; en die besoedelde adamiet bring uit die besoedelde skat van sy hart **te voorskyn wat besoedeld is; <u>want uit die oorvloed van die hart spreek sy mond</u>**.

**Mattheus 5:43** Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou volksgenote liefhê en jou teëstander moet jy haat.
44 Maar Ek sê vir julle: **Julle moet jul teëstanders liefhê**; **seën** die wat vir julle vervloek, **doen goed** aan die wat vir julle haat, en **bid** vir die wat julle beledig en julle vervolg; [Wysheid van Sirah 28:1]
45 **<u>sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die Hemele is;</u>** want Hy laat Sy son opgaan oor besoedeldes en suiweres, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.
48 **<u>Wees julle dan volmaak</u>** soos julle Vader in die Hemele volmaak is.

**Mattheus 5:23** As jy dan jou bydrae na die altaar bring
en dit jou daar byval dat jou broeder **iets teen jou het**,
24 laat jou bydrae daar voor die altaar bly en gaan **versoen jou eers met jou broeder**, en kom dan en bring jou bydrae.
25 Wees **gou goedgesind** teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die Regter en die Regter jou oorgee aan die Geregsdienaar **en jy in die Gevangenis (kluistering) gewerp word nie**. [JeségiEl 9:1 ; Ode van Salomo 33:11]
26 Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom **voordat jy die laaste oortjie betaal het nie**.

## Lesing 4 - 9 November 2020 - Hoe om te bid en geestelike oorlogvoering

***Spreuke 25:21*** *As jou **teëstander** honger het, gee hom **brood** om te eet; en as hy dors het, gee hom **water** om te drink.*
*22 **Want jy hoop gloeiende kole op sy hoof**, en JaHWeH sal jou dit vergelde.*

**Mattheus 18:21** Toe kom Petrus na Hom en sê: Meester, hoe dikwels sal my broeder teen my oortree en ek hom vergewe? **Tot sewe maal toe**?
22 JaHWèshua antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, **maar tot sewentig maal sewe toe**.
23 Daarom word die Koninkryk van die Hemele vergelyk met 'n sekere meester wat met sy diensknegte wou afreken.
24 En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat **tienduisend talente** (200 ton silwer) skuldig was.
25 En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy meester bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word.
26 Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: meester wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal.
27 En die meester van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die **skuld kwytgeskeld**.
28 Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom **honderd pennings (+- R20000 vandag)** skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld.
29 Sy medediensknegt val toe voor sy voete neer en smeek hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal.
30 En hy wou nie, maar het gegaan en hom in **die gevangenis gewerp** totdat hy die skuld sou betaal het.
31 En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle meester meegedeel alles wat gebeur het.

**Mattheus 18:32** Daarop roep sy meester hom en sê vir hom: Jou besoedelde dienskneg, al **daardie skuld het ek jou kwytgeskeld,** omdat jy my gesmeek het;
33 moes jy nie jou medediensknegt ook **barmhartig** wees soos ek jou ook **barmhartig** gewees het nie?
Mat 18:34 En sy meester het hom in toorn (***Geregtigheid***) **oorgegee aan die pynigers** totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was.
35 So sal ook My Hemelse VADER aan julle doen as julle **nie elkeen sy broeder <u>van harte</u> sy oortredinge vergewe nie**.

**Mattheus 6:14** Want as julle die adamiete hulle oortredinge vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe.
15 **Maar as julle die adamiete hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie**.

22 **Die lamp van die liggaam is die oog**. As jou oog dan suiwer is, sal jou hele liggaam verlig wees.
23 Maar as jou oog besoedel is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, **hoe groot is die donkerheid nie!**

21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die Koninkryk van die Hemele nie, maar **hy wat die Wil doen van My VADER** wat in die Hemele is.
22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie **in U Naam (Liefdeskarakter)** geprofeteer en **in U Naam** demone uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie?
23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, **julle wat die Ongeregtigheid bedryf!**

**Mattheus 18:18** Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die Aarde **bind**, sal in die Hemele gebonde wees; en alles wat julle op die Aarde **ontbind**, sal in die Hemele ontbonde wees.
19 Weer sê Ek vir julle: As twee van julle **saamstem** op die Aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van My VADER wat in die Hemele is.
20 Want waar twee of drie in My Naam vergader, **daar is Ek in hul midde.**

**Lukas 10:19** Kyk, Ek gee aan julle die mag om op **slange en skerpioene** te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie. [JeségiEl 2:6]
20 Maar julle moenie daaroor bly wees dat die **geeste** aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die Hemele opgeskrywe is.

**Jakobus_5:20** laat hy weet dat die een wat 'n oortreder van sy foutiewe weg bekeer, 'n siel uit die Dood sal red en 'n **menigte oortredinge sal bedek**.
**1Petrus_4:8** Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, **want die liefde sal 'n menigte oortredinge bedek.**

# Lesing 5 - 10 November 2020 - Hoe om te bid en geestelike oorlogvoering

## Die ware gebed

**GJE Boek 2 111** Toe ons onsself almal weer op die oewer bevind, sê die hoofman: "Heer, nou het ek bewyse in oorvloed dat U die Allerhoogste God Self of Sy Seun is, want `n sterflike mens kan U nie wees nie!"

[2] Daarop val almal voor My op die knieë neer en wil My aanbid.

[3] Maar Ek beveel hulle om op te staan en sê aan hulle: "Luister, dit alles is voor God en My nie nodig nie, want die enigste ware gebed is die opregte liefde tot God, die Vader in die hemel en eweneens tot jou medemens, jou naaste. Alle ander gebede het voor God en voor My geen waarde nie.

[4] God het die mense ook nooit geleer om Hom met die lippe te eer en die harte koud te laat nie. Maar omdat Samuel hardop voor die volk gebid het, ook so enkele profete, en omdat Dawid voor God die Heer, sy psalms gesing het, en Salomo sy hooglied gesing het, het die hele volk tot `n losse lippegebed en tot koue aanbiedinge gekom.

[5] Maar vir God is sulke gebede en aanbiedinge `n gruwel! Wie nie in sy hart kan bid nie, die moet liewers gladnie bid nie, sodat hy homself nie voor God onbetaamlik gedra nie! God het nie aan die mens voete, hande, oë, ore en lippe gegee om daarmee ydel en sinneloos te bid nie! Hy het slegs die hart vir bid gegee!

[6] Tog kan elke mens ook met die voete, hande, oë, ore en lippe bid. Met die voete, as hy na die armes gaan en aan hulle hulp en troos bring. Met die hande, as hy hulle met hulle nood en lyding ondersteun. Met die oë, as hy graag omsien na die armes. Met die ore, as hy graag en tot dade bereid is om God se Woord aan te hoor, en sy ore nie te sluit vir die versoeke van die armes nie. Ten slotte met die lippe, as hy gaan om die arme, verlate weduwees en wese te troos, en vir die gevangenes, sover dit binne sy mag en krag is, by diegene insette te lewer om hierdie arme mense vry te kry wat dikwels onskuldig gevange gehou word.

[7] Ook bid `n mens met die lippe as hy die onkundiges leer en hulle bring tot die ware geloof, tot die korrekte kennis van God en tot allerlei nuttige deugde. Dit alles sien God wel as `n pragtige gebed.

[8] Noudat julle dit weet, handel maar daarvolgens - en God se seën sal julle nooit ontbreek nie! Want dit is om God in Gees en in Waarheid te aanbid.

[9] Weliswaar staan dit geskryf dat die mens sonder ophou moet bid en om nie in die versoeking te kom nie. Maar hoe kinderagtig en dwaas sou dit nie gewees het as God van die mens `n onophoudelike lippegebed sou verwag nie! Dan sou die mens, om God welgevallig te wees, dag na dag onafgebroke op sy knieë moes deurbring en onophoudelik inhoudlose hartsgebede en sinnelose lippegebede moes uitkwetter soos die voëls in die lug! Wanneer sou hy dan die noodsaaklike werk kan doen? Maar as jy met jou voete, hande, oë, ore en lippe steeds so besig bly en in jou hart gedurig vir God en jou naaste liefhet, dan bid jy waarlik en mettertyd sonder onderbreking tot God. Hy sal jou daarvoor ook altyd seën en eendag in die hiernamaals `n welgeluksalige lewe gee! - Het julle dit alles goed verstaan?"

[10] Almal sê: "Ja, Majesteit en Heer, dit is so duidelik en waar soos die lig van die son, en ons sal almal daarvolgens handel!"

[11] Ek sê: "Goed dan, My liewe vriende, laat ons dan nou weer na die stad terugkeer!"

[12] Aan die agt knegte sê Ebahl dat daar `n paar moes saamgaan, dan sou hy vir hulle brood, wyn, visse en vrugte saamgee vir hul lewensonderhoud. - Dadelik gaan daar ses saam en Ebahl voorsien hulle ryklik van voorraad.

**<u>GJE Boek 10:[6]</u>** (**JaHshua spreek**) Onse liewe Vader, wat in die hemel woon, U laat Naam altyd en ewig gewy word! Laat U ryk van die lewe, die lig en die waarheid tot ons kom en by ons bly! Laat U wil, wat as enigste gewyd en regverdig is, geskied op hierdie aarde onder ons mense op dieselfde manier as in U hemele onder U volmaakte engele! Gee ons op hierdie aarde ons daaglikse brood! Vergeef ons ons sonde en swakhede, net soos ons altyd hulle sal vergewe, wat teenoor ons gesondig het! Laat geen versoeking oor ons kom wat ons nie kan weerstaan nie, en bevry ons so van alle kwaad, waarin `n mens, as gevolg van `n te sterk verleiding van hierdie wêreld en haar slegte gees kan beland; want van U, o Vader in die hemel, is alle mag, alle krag, alle versterking en alle heerlikheid, wat alle hemele vervul, van ewigheid tot ewigheid!

# Lesing 15 - 11 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Vanuit die Geestelike Son, Boek 2 aan Jakob Lorber gedikteer***

## Sewende saal - sewende gebod

**Hoofstuk 82** Ons is in die sewende saal. Kyk, in die middel daarvan is daar `n bord aan `n ligte wit pilaar aangebring, waarop in duidelik leesbare skrif geskrywe staan: "**Jy mag nie steel nie**!" By die eerste blik op die gebodsbord kom tog by iedereen dadelik die vraag op:

2 Wat sou hier gesteel kan word? Niemand het immers eiendom nie, maar elkeen is slegs `n vruggebruiker van dit wat die Heer gee. Hierdie vraag is natuurlik en het haar goeie rede, maar kan ook met dieselfde reg op aarde gestel word; want ook op aarde is **alles wat daar is, van die Heer** en tog kan mense mekaar op alle moontlike maniere besteel.

## Wat beteken "steel"?

**Hoofstuk 83** Dat daar aanvanklik, onder die begrip "steel", onmoontlik die eiemagtige wegneem van materiële goedere van `n ander verstaan kon word, blyk duidelik uit die feit dat, in die besonder ten tye van die wetgewing, **niemand van die Israelitiese volk enige eiendom besit het nie**. Selfs toe die volk die Beloofde Land binnegetrek het, was sy staatsinrigting so gereël dat niemand in die land `n volkome regmatige eiendom kon besit nie. Hulle was daarenteen soveel moontlik aangewese op die gemeenskap van goedere en elke behoeftige Israeliet moes, wanneer hy verder volgens die goddelike ordening geleef het, oral **gasvrye opname en onderdak** onder die volk kon vind.

2 Sou die gebod oor steel egter in die willekeurige en eiemagtige wegneem van `n ander man se goedere bedoel word, dan sou, soos in die loop van hierdie uiteensetting duidelik genoeg aangegee sal word, onvermydelik die verwyt op die Wetgewer geplaas word omdat Hy daardeur, in `n sekere sin, stilswyend die handel, die industrie en dus ook die woeker sou verdedig het. Want dit moet tog vir elkeen wat in staat is om ietwat helder na te dink, onmiddellik in die oog spring dat die **eiendomsreg** as volkome gesanksioneerde en bekragtigde ingevoer is, sodra mens `n wet gee waardeur die eiendom van elkeen volkome verseker gestel blyk te wees.

3 Hoe sou mens egter andersyds so `n wet kan verwag van die Wetgewer, wat met sy eie mond aan Sy leerlinge gesê het; "Wees nie besorg oor wat julle sal eet en drink nie en waarmee julle julle liggaam sal beklee nie, want dit is alles `n saak van die heidene. Soek vóór alles die ryk van God; al die ander sal julle vanself toeval."

4 Dieselfde Wetgewer sê verder: "Die voëls het hulle neste en die jakkalse hulle gate, maar die Seun van die Mens het selfs geen klip waarop Hy Sy hoof sou kon neerlê nie!" Andersyds sien ons weer hoe Sy leerlinge selfs op `n Sabbat are pluk, dus kennelik steel. Maar toe die eienare van die akkers hulle klagte daaroor gemaak het, sê net, wie kry toe van die groot Wetgewer `n vermaning en `n baie gevoelige teregwysing? Julle kan dit maar in die Bybel nalees en dit sal vir julle almal duidelik word.

5 Verder sien ons dieselfde Wetgewer eens in die situasie toe Hy tolgeld moes betaal het. Het Hy dit uit eie sak betaal? O nee, maar Hy het geweet dat daar in die nabygeleë see `n vis was wat `n verlore stater (geldstukkie) ingesluk het. Petrus moes daarheen gaan om die vis, wat deur die krag van die Heer vasgehou was, die munt uit sy bek te neem en die tolgeld daarmee betaal.

6 Ek vra egter; het `n vinder volgens julle eiendomsreg die reg om vrylik te kan beskik oor `n voorwerp wat hy, op watter manier dan ook, gevind het? Moes die groot Wetgewer nie geweet het - of wou Hy dit nie geweet het nie - dat Hy slegs oor een derde van die goed wat in die vis gevind was, vry mog beskik en wel eers nadat Sy vonds geopenbaar of amptelik bekendgemaak was? Dit het Hy nie gedoen nie. Dus het Hy kennelik tweederde gesteel of, wat dieselfde is, `n verduistering gepleeg.

7 Wanneer mens vooropstel dat maar weinig Jode geheel en al daarvan deurdring was wie Christus eintlik was, dan kan `n mens hom aan die hand van die regsbeginsels afvra wie Hom die reg verleen het om die betrokke eselin by haar eienaar te laat haal, om haar dan Self na eie goeddunke te gebruik.

8 Mens sal nou sê: Hy was immers die Heer van die hele natuur en alles behoort tog aan Hom. Dit is korrek, maar hoe kan Hy in wêreldse opsig sê dat die Seun van die mens geen klip besit het nie en dan andersyds sê dat Hy nie gekom het om die wet op te hef nie, maar om haar tot die laaste letter te vervul.

9 As ons Sy geskiedenis verder sou volg, dan sou ons nog baie dinge vind waarby die groot Wetgewer volgens die huidige grondreëls van die eiendomsreg en volgens die uitvoerige juridiese uitleg van die sewende gebod, juis hierdie grondreëls duidelik genegeer het. Wat sou daar gebeur het met iemand wat `n ander man se boom sou verniel het, of `n groot trop varke sou vernietig het en nog meer van die soort dinge? Ek dink, dat ons voorbeelde genoeg het, waaruit meer as duidelik blyk dat die groot Wetgewer **`n baie ander betekenis aan die sewende gebod verbind het, as wat mettertyd deur die hebsugtige en egoïstiese mensdom daarvoor bedink is.**

10 Mens sal sê: Dit is nou baie helder en duidelik; maar die betekenis wat Hy daaraan verbind het, lê nog agter `n digte sluier verborge! Ek sê egter: Wees maar geduldig! As ons tot nou toe die verkeerde opvatting van die gebod behoorlik belig het, dan sal die korrekte betekenis van die gebod sekerlik ook maklik te vinde wees, want iemand wat in staat is om die nag te

deurskou, sal tog sekerlik nie bang wees dat hy oordag te weinig lig sal hê nie.

11 Wat beteken dan eintlik in die ware sin: "Jy mag nie steel nie"? Die ware betekenis is wel te beskou dat:

**12 Jy moet nooit die goddelike ordening verlaat nie, jou nie daarbuite plaas en jou die regte van God wil bemagtig nie.**

13 Maar wat is hierdie regte en waaruit bestaan dit? Slegs God is heilig en slegs aan Hom kom alle mag toe! Die Een wat deur God self geheilig word en aan wie God mag toebedeel, besit haar regmatig; maar wie homself heilig en die goddelike mag na hom toe trek om met hierdie glorie selfsugtig en hebsugtig te heers, is in die waaragtige betekenis `n dief, `n rower en `n moordenaar!

14 **Wie hom dus eiemagtig en selfsugtig deur watter uiterlike skynsel en bedrieërye dan ook, hetsy van aardse en wel geestelike aard, bokant sy broeders verhef, dit is hy, wat die gebod oortree**. In hierdie sin word dit ook vir hierdie kinders hier geleer en word hulle langs praktiese weg getoon dat geen gees ooit die krag wat in hom woon en die mag eiemagtig mag gebruik nie, maar altyd slegs volgens die goddelike ordening.

15 Maar nou sal mens sê: As dit so is, dan is die bekende steel en roof immers geoorloof. Maar ek sê: Wees maar geduldig, die vervolg sal alles duidelik aan die lig bring. Maar vir nou sal ons onsself hiermee tevrede stel, omdat ons nou weet wat onder steel verstaan moet word en dat die Heer nooit die eiendomsreg deur die gebod ingevoer het nie.

# Lesing 16 - 12 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

## Agste saal - agtste gebod. Die materiële omhulsel - die middel om te lieg

Hoofstuk 85 Ons is in die agtste saal en daar sien ons, soos in alle vorige sale, die welbekende ronde bord waarop in duidelike skrif opgeteken staan: "**Jy mag geen valse getuienis gee nie" of, wat dieselfde beteken; jy mag nie lieg nie!**

2 In die ryk van die suiwer geeste klink die gebod wel ietwat vreemd, **omdat `n gees in sy suiwer toestand nie in staat is tot lieg nie**. `n Gees kan onmoontlik anders spreek as wat hy dink, omdat die gedagte reeds sy woord is. Daarom kan `n gees in `n suiwer toestand, ook geen onwaarheid oor sy lippe kry nie, omdat hy `n eenvoudige wese is wat niks heimlik in homself kan agterhou nie.

3 `n Suiwer gees is dus slegs in staat om te lieg as hy hom met materie omhul. Het `n gees, ook die van onsuiwer aard, egter van sy growwe omhulsel ontslae geraak, **kan hy geen onwaarheid spreek nie**.

4 Om die rede omhul bose geeste hulle ook met allerlei growwe drogbeelde, **om in hierdie omhulling te kan lieg.**

5 So moes ook die bekende "satan" hom in die paradys vir die eerste mensepaar met die materiële gedaante van die slang omhul, waarmee hy homself kon afskerm, om vervolgens anders te kon dink en spreek.

6 Dit is ook die enigste rede waarom die mense op aarde in staat is om te lieg so dikwels as wat hulle maar wil, omdat hulle liggaam `n skuilplek aan die leuen bied en van daaruit kan hulle die masjien van die liggaam in presies die teenoorgestelde rigting beweeg van dit wat hulle dink.

7 Soos gesê, is dit vir die suiwer geeste nie moontlik nie. Hulle kan hulle weliswaar, wanneer hulle hulleself aan aardse mense openbaar, in ooreenstemming uitdruk en sê dan ook nie dikwels iets baie anders as dit wat die innerlike betekenis van hulle spraak voorstel nie, maar dit is geen leuen nie, maar die geestelike waarheid in aardse beelde, is presies met hierdie waarheid in ooreenstemming.

8 Hieruit sien ons egter dat die gebod vir die geeste gladnie deug nie, omdat hulle die vaardigheid om te lieg, geheel en al verloor het.

9 Vir wie geld die gebod dan? Ek weet dat mens met die antwoord gou gereed sal wees en sal sê: Dit geld vir die met materie omhulde geeste en dit gebied hulle om hulle omhulling maar net sodanig te gebruik, dat hulle denke en hulle daaruit voortvloeiende wil met hulle suiwer geestelike geaardheid in ooreenstemming is.

10 Ons weet egter dat die gebod, net soos alle voriges, **uitgegaan het van God, as die oerbron van al die geestelikheid**. As sodanig kan dit onmoontlik slegs `n materiële nie, maar moet dit tegelyk ook `n geestelike betekenis hê.

11 Om tot die kern van die saak te kom, moet ons uitvoerig bespreek wat daar eintlik onder "lieg" of "`n valse getuienis gee" verstaan moet word. Wat is dan `n leuen, of `n valse getuienis op sigself? Julle sal sê: Elke onwaarheid. Maar dan vra ek: Wat is dan `n onwaarheid? Mens sou ook hier met die antwoord gou gereed kan wees en sê: Elke sin wat `n mens uitspreek om iemand te mislei, is `n onwaarheid, `n leuen, "`n valse getuienis". Van buite lyk alles goed, maar so is dit nie van binne nie. Ons sal `n klein proef daarvoor neem.

## Wat is `n valse getuienis?

**Hfs 86** Sodat ons dan ook hierdie gordiaanse knoop met één ruk kan ontwar, sal ons dadelik begin om die hoofbegrip van die agtste gebod uitvoerig te bespreek.

2 Ons weet dat die Heer aan elke gees `n vrye wil gegee het en dus ook **die vrye gedagte** waarmee hierdie vrye wil belig kan word. **Hierdie gedagte in die gees is eintlik die gesigsvermoë en die lig van die gees**, waarmee hy die dinge in hulle natuurlike sfeer kan sien.

3 Naas die lig, wat elke gees wesenlik van God as eiendom gekry het, het hy ook nog `n tweede vermoë om `n mees innerlike, allerheiligste lig van God op te neem; maar nie deur middel van sy oog nie, maar via die oor, wat eintlik ook `n oog is. Dit word voortgebring deur die almagtige wil van die Heer, maar `n oog vir die opneem van die suiwer geestelike lig uit God, naamlik die woord van God.

4 Julle, met nog julle natuurlike geaardheid, kan al begryp, as julle tenminste ietwat ag daarop slaan, hoe groot die verskil is tussen dit wat julle met die oë sien, en daarnaas met die ore hoor. Met julle oë kan julle slegs natuurlike beelde sien, maar met julle ore kan julle strale uit die mees innerlike, goddelike diepte opneem.

5 Julle kan die taal van die geeste in die harmonie van die klanke hoor of beter gesê: Julle kan die geheime vorme van die mees innerlike, geestelike skepping reeds uiterlik materieel met julle vleeslike ore verneem. Hoe ver staan die oog dan agter by die oor!

6 Kyk, so is dit ook met die gees. Hy is danksy sy geaardheid in staat om **tweërlei sake op te neem, naamlik die uiterlike figuratiewe en die innerlike wesenlik ware.**

7 Aan die dubbele aanskouing lê die geheim van die vrye wil ten grondslag.

8 Elke mens, hetsy suiwer geestelik, hetsy nog met materie omhul, hang deur die vermoë baie natuurlik tussen `n uiterlike en `n innerlike. Hy kan daarom steeds `n tallose hoeveelheid uiterlike vorme aanskou, maar kan ook tegelykertyd ewe veel van die innerlike, suiwer goddelike waarheid in homself opneem.

13 Nou het ons al tot in die wortels uiteengesit wat in die diepste wese "`n valse getuienis gee" is. Maar in hoofsaak kom dit weer daarop neer, dat die mens oor die goddelike waarheid in homself nie anders moet spreek as wat hy haar in homself waarneem nie.

14 Maar in die allerdiepste innerlike is die saak dan as volg: **Die liefde is gelyk aan die innerlike aanskoue waarheidslig regstreeks uit God en die wysheid is gelyk aan die uitstralende lig uit God deur alle oneindige ewige ruimtes.**

15 Wanneer iemand egter die liefde het en dit nie aanwend nie, maar in plaas daarvan met sy uiterlike lig en sy wil wat deur die lig gedeel is, voortdurend verder na buite in die oneindigheid uitgaande strale gryp, dan word hy steeds swakker, maar as gevolg van sy na alle kante toe uitwaaiende, geestelik gesien, steeds verwaander en ook steeds minder ontvanklik vir die inwendige liefde- waarheidslig uit God.

16 As dit die geval is dan gaan die mens steeds minder na God lyk en gee daardeur met elke atoom van sy wese `n volslae vals getuienis van die goddelike Wese, wie se volkome ewebeeld hy moes wees.

17 Wie derhalwe die goddelike woord verneem, en dit nie volg nie, maar slegs volg wat sy uiterlike oë behaag en waardeur sy sinlike wil geprikkel word, gee met elke tree wat hy doen, met elke woord wat hy spreek en met elke handbeweging wat hy maak, **`n vals getuienis.** Al sou hy ook die suiwerste goddelike waarheid, die suiwer woord van die evangelie wil spreek, dan lieg hy tog en gee die **Heer `n valse getuienis, omdat hy nie volgens die woord en volgens die waarheid handel nie.**

**18 As iemand bid en sy aandag op God rig, maar nie volgens die woord van die Heer leef nie, dan is hy `n leuenaar, sowaar as wat hy leef**. Sy gebed is dan slegs `n uiterlike vorm, waarvan die innerlike waarde geheel en al verlore gaan omdat die innerlike, goddelike lig nie gebruik word om die inwendige van hierdie uiterlike vorm te verlig en te verlewendig nie.

21 Daarom spreek die Heer: "**Wie bid, moet in die gees en in die waarheid bid**" en "As julle bid, gaan dan in julle kamertjie" en verder; "Dink nie daaroor na wat julle sal sê, want op die korrekte oomblik sal dit julle in die mond gelê word".

22 Hier word kennelik die uiterlike gedagtes bedoel, wat op sigself al geen waarheid is nie, omdat dit gedagtes is; **want die waarheid is volkome innerlik, het die motief tot handelinge volgens God se woord** en bied homself altyd aan voor `n daaropvolgende losse gedagtestroom.

23 Daarom sou elkeen hom ook na hierdie innerlike waarheid moet rig en volgens haar werke. Hy sal so sy gedagtes steeds meer werksaam met die innerlike lig verbind en daardeur innerlik tot eenheid en dus tot goddelike gelykenis kom, waarin dit vir hom dan vir ewig onmoontlik word om nog te lieg.

24 Maar dat elkeen wat anders spreek as wat hy dink en anders handel as wat hy spreek en dink, `n leuenaar is, is vanselfsprekend; want so iemand is al heeltemal in die alleruiterste, grofste materie begrawe en het sy gees haar gehele goddelike vorm ontneem. So word die gebod ook hier aan die leerlinge volgens sy mees innerlike betekenis uitgelê. Aangesien ons dit nou weet, kan ons onsself dadelik verder na die negende saal begewe.

# Lesing 17 - 13 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

## Negende saal - negende gebod

**Hoofstuk 87** Ons is al in die negende saal en sien daar weer ons ronde bord, waarop geskrywe staan:

2 "**Jy mag niks begeer van dit wat aan jou naaste behoort nie, nóg sy huis, nóg sy os, nóg sy esel, nóg sy grond, nóg van alles wat daarop groei**."

3 Wanneer ons die gebod bekyk, dan moet ons onsself klaarblyklik in dieselfde oordeel verloor en moet ons dieselfde kritiek deurloop wat ons reeds by die sewende gebod leer ken het. Want ook hier is weer sprake van eiendom, waarby `n mens nie moet verlang na die een of ander nie, van buite af beskou, wat hy regmatig vir homself toegeëien het nie.

## Oor die seën van die wyse beperking

90 Dit word in alles, net soos in die gebod, geestelik sowel as natuurlik, absoluut nie as sondig of verkeerd aangemerk dat iemand hom dit toe-eien wat hy met eie hande vir sy behoeftes versamel en vervaardig het nie, en dit gaan selfs sovêr dat sy buurman volstrek nie die reg het om hom die eiendomsreg, op watter manier dan ook, te betwis nie. Inteendeel, elkeen vind daarin maar net `n volledige beskerming vir die regmatige verworwe eiendom.

2 Daar word weliswaar by alles wat gesê is, net soos deur die gebod self, aan iedereen `n wyse beperking op die versamelreg opgelê, en dat die gebod in natuurlike opsig selfs vanuit die goddelike ordening so bedoel is, blyk sonhelder uit die eerste aangebore oer-eiedomsregte van elke mens, maar hoe? Dit sal ons dadelik sien.

3 Hoeveel het die eerste reghebbende in die mens, naamlik **<u>die maag</u>**, volgens korrekte maatstawwe nodig? Dit kan elke matige eter tog sekerlik baie noukeurig vasstel. As ons aanneem dat `n matige eter per dag drie pond voedsel nodig het, dan is die hoeveelheid oor driehonderd vyf-en-sestig dae maklik te bereken. Dit is dus die natuurlike behoefte van die mens. Dié kwota mag hy jaarliks vir homself versamel. Het hy `n vrou en kinders, dan kan hy dieselfde kwota vir elke persoon versamel en **dan het hy volkome volgens sy natuurlike reg gehandel**. `n Groot eter, wat besonder swaar werk moet verrig, mag sonder meer die dubbele hoeveelheid versamel.

4 As elkeen hom daarby hou, sal daar nooit oor gebrek op aarde gekla hoef te word nie, want haar vrugbare oppervlak is so deur die Heer ingerig, dat sy by `n goeie bewerking en verdeling van die grond, **twaalf miljard** mense ryklik in hulle lewensonderhoud daarop kan voorsien. Maar teenswoordig lewe daar iets meer as een miljard mense op aarde(1850's), waarvan daar so 'n sewehonderd miljoen gebrek ly (70%).

## Wie sondig dan teen die goddelike oer-ordening van die negende gebod?

91 Ten tweede kom die wyse beperking van die versamelreg en die reg tot vervaardiging self duidelik en baie begryplik in die gebod tot uiting. As ons dit naas die eerste punt vermelde verhoudinge van die kenmerke van die oorspronklike grond-eiendomsreg lê, dan dui die negende gebod tog presies daarop, want dit sê uitdruklik dat mens nie moet verlang na dit wat `n ander s`n is nie.

2 Wat is nou van die ander? Die Heer het vir die algemene onderhoud van die mense van die geskape aardoppervlak, presies soveel vasgestel wat hom volgens sy natuurregtelike behoefte afgeleide maat-staf, laat toekom. **Wie derhalwe meer as hierdie hoeveelheid versamel en vervaardig, sondig feitlik al in die eerste graad teen die gebod, omdat selfs die verlange daarna reeds as strafbaar in die gebod aangemerk word.**

3 `n Sonde van die **tweede graad** teen die gebod begaan die trae, **wat te lui is om sy regmatige versamelreg uit te oefen**, wat van die oertyd sy oorsprong gehad het, maar wat wel steeds met die verlange rondloop **om te bemagtig wat `n ander volkome regmatig versamel en vervaardig het**.

4 Daaruit sien ons dat `n mens homself dus by die gebod, op twee maniere in `n netelige posisie kan bring, naamlik **ten eerste deur `n oordrewe sug tot versameling en vervaardiging, en ten tweede deur dit volledig agterweë te laat**. In beide gevalle is die toepassing van die wyse beperking van die gebod egter gelykluidend. In die eerste geval beperk dit die **oordrewe begeerte tot versamel en vervaardiging**, in die tweede geval **die luiheid,** met as doel die vind van die korrekte middeweg; want dit druk niks anders uit as agting, gepaardgaande met liefde vir die natuur-gerigte behoefte van die medemens.

## Woekermentaliteit - die mees verderflike vir die Heer

92 Mens sal sê: Hierdie bepaling klink vreemd, want wat kan `n erfgenaam daaraan doen dat hy die vermoë van sy ouers of van ander ryk verwante volgens die staatswet regmatig verkry het? Moet hy by die oordrag vir homself uitreken wat hom natuur-regtelik toekom, slegs die gedeelte van die erfenis behou en die ander deel aan wie dan ook skenk? Moet hy die hele vermoë weliswaar aanneem, maar slegs die hom toekomende, natuurregtelike erfdeel daarvan as eiendom beskou en die groot oorskot, ter onder-steuning van arm geworde luiaards, self beheer of dit oordra aan die bestuur van liefdadige instellings?

2 Dit is `n vraag waarop mens gewoonlik geen of hoogstens `n eenlettergrepige antwoord op verskuldig is. Is die goddelike wet en die staatswet of die goddelike wysheid en voorsienigheid en die wêreldse staatspolitiek en die sogenaamde diplomasie dan een

en dieselfde? Wat sê die Heer dan? Hy sê: **"Alles wat vir die wêreld groot is, is vir God `n gruwel!"**

3 Bestaan daar `n groter onreg in hierdie wêreld as `n onregmatige staatsgesag wat, van goddelike kant beskou, nimmer na goddelike raadsbesluite, maar slegs volgens wêreldse staatkundige politiek en diplomasie, **volkere onderdruk** en uitbuit en hulle krag gebruik vir eie verkwistende, **verterende welvaart**?

5 Ek dink dat hieruit duidelik blyk hoeseer die regte van die meeste teenwoordige state lynreg teen die goddelike indruis. Verder dink ek ook dat, wanneer die Heer aan die ryk jongeling sê: "***Verkoop alles wat jy besit en verdeel die opbrengs onder die armes, maar jy, volg My, dan sal jy vir jouself `n skat in die hemel berei",*** hierdie uitspraak hopelik tog voldoende moet wees om daaruit te leer hoe `n ryke op aarde sy rykdom sou moet verdeel as hy die ryk van God wil oes. Doen hy dit nie, dan het hy dit aan homself te wyte as dieselfde oordeel hom sal tref, wat die Heer oor die treurig geworde jongeling uitgespreek het, naamlik dat `n kameel makliker deur die oog van `n naald sou **gaan as dat 'n ryke in die ryk van die hemele sal kom!** Daarby moet mens wel bedink en rekening daarmee hou dat die Heer hier `n hoogs betreurenswaardige oordeel oor `n jongeling, dus sekerlik oor `n erfgenaam, uitgespreek het.

9 Of dit nou gaan om doodslag, egbreuk, hoerery of wat dies meer ookal, niemand op aarde het meegemaak wat die Heer hom daarvoor na die hel verdoem het; maar hierdie woekersonde het Hy oral, by die priesterklasse sowel as by elke ander privé-toestand, baie nadruklik **met woord en daad getugtig**!

10 Wie kan van die Heer sê dat Hy by alle ander menslike vergrype, Sy almagtige hand so tugtigend vir `n sondaar sou opgehef het? Maar die **wisselaars**, **duiweverkopers** en meer van die soort **spekulerende gespuis** moes hulle laat welgeval dat hulle deur die almagtige hand van die Heer Self getugtig en met `n sweep uit die tempel geransel word!

11 Weet julle goed wat dit wil sê? Hierdie waaragtige, evangeliese gebeurtenis wil nie meer en nie minder sê nie as dat die Heer van hemel en alle wêrelde `n **geswore vyand van dié kwaad is**. By elke ander spreek Sy goddelike liefde woorde van geduld, toegewendheid en barmhartigheid, maar oor hierdie ondeug spreek **Sy toorn en gramskap**!

12 Want hier verskans Hy die toegang tot Hom deur die bekende oog van die naald, open sigbaar die afgrond van die hel en toon daarin werklik `n verdoemde, spreek op `n verskriklike toon teen die heers- en hebsugtige fariseërs, waarby Hy hulle duidelik te kenne gee dat die hoereerders, egbrekers, diewe en nog ander sondaars eerder die ryk van God sal binnegaan as hulle.

13 Ten slotte gryp Hy in die tempel selfs na `n tugtigende wapen en dryf al die soort spekulante ongenadig die tempel uit en bestempel hulle as moordenaars van die goddelike ryk, omdat hulle die tempel, wat juis die goddelike ryk voorstel, tot `n moordenaarshool gemaak het.

15 Oral verbied Hy slegs die **handeling** uitdruklik, maar hier ook die **verlange**, omdat die gevaar, wat daaruit teen die gees groei, te groot is. **Dit trek die gees volkome van God af en keer hom volledig na die hel**. Dit kan julle ook aflei uit die feit dat elke ander sondaar na `n sondige daad berou voel, terwyl die ryk spekulant na `n goedgeslaagde spekulasie blydskap en voldoening voel!

16 Dit is die ware triomf van die hel en daarom probeer die vors van die hel die mense by voorkeur op alle moontlike maniere met liefde vir wêreldse rykdom te vervul, omdat hy baie goed weet dat hulle, vervul van hierdie liefde, die afskuwelikste is vir die Heer en dat Hy Hom daarom ook die minste oor hulle ontferm! - Meer hoef ek nie hieroor vir julle te sê nie.

***Aanhalings uit Geestelike Son boek 2 aan J Lorber***

Tiende saal - tiende gebod

**Hoofstuk 93** Ons is binne en sien op die bord in duidelike skrif: "**Jy mag nie die vrou van jou naaste begeer nie!"**

2 Dat die gebod hier in die suiwer ryk van die geeste en wel in die besonder in die ryk van die kinders sekerlik vir elkeen wat meer nadink, ietwat vreemd in die ore klink, hoef nouliks vermeld te word. Ten eerste weet hierdie kinders nog gladnie wat `n getroude vrou is nie en ten tweede is die huwelik tussen beide geslagte ook gladnie gangbaar hier nie, sekerlik nie in die ryk van die kinders nie. In die geesteryk is die gebod, soos wat dit uit hierdie beskouing blyk, dus duidelik nie van toepassing nie.

3 `n Mens sal nou sê: Waarom sou die Heer dan met tien gebooie, nie één gegee het wat slegs op aardse verhoudinge betrekking het nie? Want op aarde is die verbintenis tussen man en vrou algemeen gebruiklik en dus `n vanoudsher gevestigde, op die goddelike ordening berustende verhouding, wat sonder `n gebod, nie in die goddelike ordening kan voortbestaan nie. Mens kan dus wel hier aanneem dat die Heer onder die tien gebooie slegs één gegee het vir die instandhouding van die ordening van `n uiterlike, aardse verhouding, sodat deur die instandhouding van hierdie ordening, `n geestelike, innerlike, hoërstaande nie versteur sal word nie.

4 Goed, as dit so is, dan sê ek: Die gebod is niks anders as `n hoogs oorbodige herhaling van sonder meer presies dieselfde gebiedende sesde gebod. Want ook daarin word volgens sy gehele draagwydte alles as verbode aangemerk wat ook maar enige betrekking het op ontug, hoerery en egbreuk, sowel in liggaamlike en baie in die besonder, in geestelike opsig.

5 As ons dit nou ietwat teen mekaar afweeg, dan volg daaruit dat die gebod gladnie vir dié hemel deug nie en dat dit, naas die sesde gebod, totaal oorbodig is.

6 Maar ek sien nou al dat iemand kom en sê: Sê net, beste vriend, jy vergis jou; die gebod, al verbied dit byna dieselfde as die sesde gebod, het tog iets baie eie en staan hoër en gryp dieper in as die sesde gebod. By die sesde gebod word duidelik slegs die egte growwe **handeling** verbied, maar in die tiende **die verlange en die begeerte**, wat altyd die grondoorsake van die daad is. Want mens sien tog goed in dat, veral jong getroude manne, gewoonlik ook mooi jong vroue het. Hoe maklik is dit dan vir `n ander man om sy miskien minder mooi vrou te vergeet, om hom aan die mooi vrou van sy naaste te vergaap en dan `n steeds groter verlange in hom op te wek om die vrou van sy naaste te begeer en ontug met haar te pleeg.

8 `n Man mag dus geen verlange na die vrou van sy naaste hê nie. Nou is dit die vraag: Watter verlangens of begeertes? Want daar is tog baie redelike en wel geoorloofde verlangens en wense waarmee `n buurman na die vrou van sy naaste kan gaan. Maar in die gebod staan onvoorwaardelik, "**geen begeerte hê nie**". Daardeur mag slegs beide die buurmanne met mekaar samespraak hou, maar hulle moet steeds mekaar se vrouens met veragting aansien. Dit is `n nie meer en nie minder ronduit Turkse opvatting van die Mosaïese gebod.

Voorbeelde van `n verkeerde opvatting van die tiende gebod

**Hfs 95** Hoe die wet lui weet ons; dit verbied `n verlange of `n begeerte. Veronderstel nou net die volgende: `n Man wat verarm is, het `n ryk buurman. Die vrou van hierdie buurman, as naaste van ons arm man, het, volgens wat bekend is, `n medelydende en milddadige hart. Nou kry ons arm man `n sterk verlange na die milddadige buurvrou en vra haar of sy sy honger kan stil. Nou is die vraag, het hy dan nie al gesondig nie? Hy het kennelik `n verlange en begeerte na die vrou van sy buurman geuiter. Maar daar staan: Jy sal geen verlange na die vrou van u naaste hê nie; wie kan dan redelikerwys verklaar dat die billike verlange van die arme geen sonde is nie? Want deur die gebod "geen verlange, geen begeerte nie" moet tog seker elke verlange en elke begeerte verbode wees omdat by die woord "geen" absoluut geen uitsondering aantoonbaar is. Dan moet elke vorm van verlange daarmee verbode wees.

2 Lyk dit dan nie in hierdie verklaring werklik so asof die Heer hiermee die vroulike geslag van die liefdadigheid wil afhou nie, as gevolg waarvan elke weldaad wat `n huisvrou aan `n arm mens bewys, tog sekerlik beskou kan word as `n sonde wat lynreg teen die goddelike gebod indruis?

Waarom die ware betekenis van die tiende gebod verskuil is

**Hfs 96** Baie wat die voorafgaande gelees het, sal sê: Ons is werklik baie nuuskierig oor die ware, definitiewe betekenis van die gebod, nadat elke betekenis wat ons voorheen aan die gebod gegee het, onweerlegbaar as hoogs onsinnig voorgestel was en in die belaglike getrek was. Ons sou in alle erns wel baie graag wil verneem wie nou eintlik die 'jy', die 'naaste' en die se 'vrou' is. Want uit die gebod is niks met sekerheid af te lei nie. Die 'jy' kan wel iedereen wees, maar of daar ook `n vrou daarmee bedoel kan wees, dit is nog `n ope vraag. Die naaste is uiteindelik wel ietwat nader te bepaal, veral wanneer mens die woord in `n ietwat ruimer betekenis opvat, waardeur dan elkeen wat op een of andere manier ons hulp nodig het, ons naaste is. Die vrou gee hier sekerlik die grootste probleem, want mens weet nie of daaronder slegs die getroude vrou, of ook die ongetroude vroulike geslag verstaan moet word nie. Daar word

hier weliswaar meer in die enkelvoud as in die meervoud gespreek, maar dit maak die saak volstrek nie duideliker nie. Want wanneer mens in een of ander land op aarde die poligamie (veelwywery) aanvaar, dan sou mens weer met die enkelvoud duidelik `n nuwe probleem hê. Daarom is ons des te nuuskieriger oor die ware betekenis van die gebod, omdat die letterlike betekenis oral volstrek nie steekhoudend is nie.

2 En ek voeg nog hieraan toe: Dit is dus helder en duidelik dat deur **die aanvaarding van die suiwer uiterlike, letterlike betekenis, slegs die grootste onsin**, maar nooit een of ander gefundeerde waarheid afgelei is nie.

### Die innerlike, eintlike betekenis van die tiende gebod

**Hfs 97** Die wet lui dus, soos ons reeds uit die hoof weet: "**Jy mag nie die vrou van jou naaste begeer nie**" oftewel; jy sal **geen verlange hê** na die vrou van jou naaste, wat een en dieselfde is. Wie is dan "die vrou" en wie is die "naaste"?

2 **Die vrou is die liefde van elke mens** en die naaste is elke mens waarmee ek, waar dan ook, in aanraking kom of wat, waar dan ook, moontlikerwys en noodsaaklikerwys my hulp nodig het. As ons dit weet, dan weet ons eintlik reeds alles.

3 Wat wil die gebod dus sê? Niks anders nie as: **Elke mens moet nie selfsugtig, uit eiebelang die liefde van sy naaste opeis nie, want die eieliefde is op sigself niks anders nie as die na homself toe trek van andermansliefde vir eie genot, sonder om weer self ook maar `n vonkie liefde terug te gee.**

4 So lui hierdie wet dus in haar oorspronklike, geestelike betekenis. `n Mens sê egter:

5 Hier is dit kennelik weergegee volgens die letterlike betekenis wat mens in die begin ewegoed soos nou kon uitgespreek het, waardeur baie dwalinge voorkom sou gewees het. Daarop sê ek: Dit is inderdaad korrek. Wanneer mens `n boom middeldeur splyt, kom die kern ook na buite en dan kan mens dit ewe maklik bekyk soos voorheen die bas.

6 Maar die Heer het willens en wetens die innerlike betekenis baie wys in `n uiterlike, natuurlike beeld verskans, sodat die heilige, innerlike, lewendige betekenis nie, deur watter boosaardige mense dan ook, aangetas en vernietig sou kan word nie, waardeur dan aan alle hemele en wêrelde die grootste skade toegebring sou kon word. Om die rede het die Heer ook gesê: "**Vir die groot en magtige geleerdes van die wêreld sal dit verborge bly en slegs aan die kleinste, swakkes en onmondiges geopenbaar word**".

14 Waarom die gebod wat nou net behandel is, egter van buite af bekyk slegs `n uiterlike omhulsel is en waarom die bekendgemaakte innerlike betekenis `n waaragtige innerlike, geestelike en lewende is, sal ons nou deur middel van `n klein nabeskouing in `n helder lig plaas.

15 Die uiterlike, visuele gebod is bekend, innerlik wil dit sê: **Het geen verlange na die liefde van jou broeder of jou suster nie**!

16 Waarom word die gebod, die inhoud en nalewing wat so swaar is, in die beeld van die vrou wat nie begeer mag word nie, gehul?

17 Ek maak julle by hierdie geleentheid slegs attent op `n uitspraak van die Heer Self, waarin Hy Hom oor die liefde van die man vir die vrou as volg uitgelaat het: Hy het gesê: "**So sal `n seun sy vader en moeder verlaat en sy vrou aanhang**".

18 Wat wou die Heer daarmee aangetoon het? Niks anders nie as; **die magtigste liefde van die mens op aarde is die vir sy vrou**. Want wat het die mens in sy ordening op aarde meer lief as sy liewe, pragtige, goeie vrou? In die vrou lê dus die hele liefde van die man, soos omgekeerd die vrou in haar ordening **sekerlik niks sterker liefhet as die man na haar hart nie.**

19 So word dan ook in die gebod, deur die beeld van die vrou, die hele liefde van die man, of van die mens in die algemeen, weergegee, omdat die vrou in wese niks anders is as `n uiterlike, teer omhulsel van die liefde van die man nie.

20 By wie kan dit nou ontgaan dat hierdie uitleg met die beeld: "Jy sal nie die vrou van jou naaste begeer nie" eweveel gesê word as: **Jy sal nie tot eie voordeel die liefde van jou naaste begeer nie**, en hier word die hele liefde bedoel, omdat die vrou op aarde ook die hele liefde van die man omvat.

# Lesing 19 - 16 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Aanhalings uit Geestelike Son boek 2 aan J Lorber***

Elfde saal - elfde gebod. Die liefde tot God

**Hfs 98:1** Ons is reeds in hierdie saal en sien in die middel daarvan ook `n ronde bord aan `n groot, wit glansende pilaar. Dit glans soos die son en in die middel staan in robynrooi stralende skrif geskrywe:

2 "**Jy moet God jou Heer bo alles liefhê met jou hele hart en met al jou lewenskragte wat deur God verleen is** ".

3 Naas die inhoudryke, pragtige sonbord sien ons tewens, meer as in die ander sale ook, `n groot aantal opgroeiende kinders wat, soos julle kan sien, nou eers na die bord kyk, dan weer met hulle leraar praat en vervolgens in hulleself gekeer, met hulle hande kruiselings op die bors daarby staan soos standbeelde. Die hele aanblik sê reeds dat dit hier om iets buitengewoon belangriks gaan.

4 Menigeen sou hom miskien kan afvra en sê: Dit was natuurlik te verwagte, maar op die keper beskou wil die op die sonbord geskrywe gebod tog niks anders in wese sê as dit wat alle vorige gebooie alreeds tesame gesê het. Waarom moet juis die bord dan hier so glans, terwyl alle vorige tien borde slegs eenvoudig wit was en soos gebruiklik met `n donker substansie beskrywe was? Hierdie opmerking is nie heeltemal sonder innerlike betekenis nie, maar desondanks verloor dit hier haar waarde, soos alle ander leringe en beweringe na slegs één woord uit die mond van die Heer sondermeer hulle glans moet verloor.

5 Dit is presies soos dit deur die groot natuur op aarde dag in en dag uit byna as vanselfsprekend aangetoon word. Laat ons onsself net voorstel hoeveel duisende en nogeens duisendmaal duisend kleiner en soms ook groter en sterker ligte daar elke nag vanuit die hoë hemel na die duister aarde straal. Selfs die maan is dikwels die hele nag aktief. By die pragtige lig steek die mense op aarde byna ewe veel kunsligte gedurende die nag aan.

9 En kyk nou, al hierdie so bewonderenswaardige, wonderbaarlike prag **lyk soos die Woord van die Ou Testament in al sy fasette**.

10 Ons sien aan hierdie ou, maar nog steeds nagtelike hemel, `n nouliks te tel aantal groter en kleiner ligte. Hulle straal heerlik en wie hulle aanskou, word te alle tye met `n diep, heilige eerbied vervul. Waarom? Omdat sy gees iets groots vermoed agter hierdie ligte. Maar hulle staan nog te ver van hom af. Hy kan kyk en reik en tas, maar die klein ligte met hulle groot inhoud wil nie naby sy ondersoekende gees kom nie.

11 Wie is egter hierdie hemelligte in die ou hemel van die gees?

12 Kyk, dit is al julle bekende, van God **se gees vervulde patriarge, vaders, profete, leraars en leiers van die volk.** Maar op aarde is daar tog ook `n hele spul kunsmatige ligte; wie is hierdie dan in die Ou Testament? Dit is die agtenswaardige mense wat getrou geleef het volgens die woord wat uit die mond van die mense wat met God se gees vervul was, gekom het, en wat **deur hulle lewenswandel** hulle bure verlig en verkwik het.

17 So gaan dit ook met die mens in die **ou nagtelike sterrehemel van sy gees.** Maar wat gebeur daar? Deur **die opgaan van die son** begin die horison rooi te kleur. Ligter en ligter word dit aan die horison waar die son opkom. Nog één blik na die voorheen so pragtige hemel, en wat sien mens? - Mens sien die een na die ander ster verdwyn.

18 Die son, die heerlike son kom met sy oerewige daglig op en daar is aan die hemel geen sterretjie meer te sien nie, want die son het met sy lig elke atoompie van die hemel ligter gemaak soos wat die tallose sterre tesame dit nie tydens die nag kon bewerkstellig het nie.

19 Vir die wagtende verliefde, wat die hele nag tevergeefs rondgedool het, gaan slegs één venster van die huis, wat vir hom so besonder belangrik is, oop. En vanuit die een venster begroet die vurig verlangde voorwerp van sy hart hom en sê met `n welwillende blik meer vir hom, as sy tallose fantasieë en gedagtes voorheen tydens die nag.

20 So sien ons in die groot natuur daagliks `n skouspel wat volkome met ons geestelike ooreenstem.

21 Die maan, net soos Moses, sien ons met afnemende en verblekende lig agter die avondlike gebergte ondergaan wanneer die magtige son in die môre bokant die horison opkom. Alles wat voorheen tydens die nag nog in `n geheimsinnige duister gehul was, staan nou helder verlig voor almal se oë!

22 **Dit alles is die werk van die son**. En aan die geestelike hemel is alles die werk **van die een Heer, die een Jesus (JaHshua); Hy alleen is die enige God van hemel en alle wêrelde!**

23 **Want Hy Self is soos die goddelike son van alle sonne**, dit is ook **elke afsonderlike woord uit Sy mond**, ten opsigte van alle tallose woorde uit die monde van **geïnspireerde** patriarge, vaders en profete. Tallose vermaninge, wette en voorskrifte vind ons in die verloop van die Ou Testament. Dit is sterre en ook kunsmatige liggies van die nag. Maar dan kom die Heer, **spreek slegs één woord** - en die woord weeg op teen die hele Ou Testament.

24 En sien, om juis hierdie rede verskyn dan ook die eerste woord hier in hierdie elfde saal soos `n selfstandige stralende son, waarvan die lig weliswaar tallose sterre goed verlig, maar dat dit daarenteen self ewig nooit nodig het om hom van die weerskyn van die sterre te bedien nie. Want dit is immers die oerlig waaruit al die tallose sterre hulle deel van die lig geneem het.

25 So sal dit ook hier in hierdie verskyningsvorm seker

begryplik wees waarom die vorige tien borde slegs wit, dus matglansend opgestel is, terwyl ons hier die oerewige sonlig uitgebeeld sien, **wat geen vooraf-gaande of nagtelike lig nodig het nie, maar reeds al die lig in homself het.**

26 Wie dit ook maar ietwat ter harte neem, sal volkome insien waarom die Heer gesê het: "**By die gebod van die liefde is Moses en al die profete inbegrepe"**. Hiermee is seker net so veel gesê, as wanneer mens op natuurlike gebied sou kan sê: Oordag sien mens die sterre nie meer nie en het mens hulle lig ook nie meer nodig nie, omdat al hulle lig eindeloos deur die lig van die son oortref word. - Hoe die volle waarheid egter daarmee kristalhelder aangetoon sal word, sal julle by die vervolg sien.

## Die liefde van God - die oergrondstof van alle skepsele

99 **Die liefde van God is die oergrondstof van alle skepsele, want sonder haar sou daar ewig nooit iets geskape kon word nie**. Hierdie liefde stem ooreen met die allesverwekkende en tot lewebringende warmte en slegs deur hierdie warmte sien julle die aarde onder julle voete groen word.

2 Deur die warmte kry die starre boom sy blare, gaan hy bloei en dit is die warmte binne-in hom wat die vrugte tot rypheid bring. Daar bestaan trouens op die hele aardoppervlak geen wese of voorwerp wat by `n totale afwesigheid van warmte sou kon ontstaan nie.

6 Elke ding, elke liggaam wat nog in staat is om warmte op te neem, kan nie volkome koud genoem word nie, want die hoeveelheid warmte wat dit bevat, kom ooreen met sy grootte en digtheid. `n Ysklont van die hoogste noorde kan op die vuur gesmelt word, waarna die water tot by die kook gebring kan word. Sou die ys geen gebonde warmte bevat het nie, dan sou dit nooit opgewarm kon word nie.

8 **Die warmte is dus identiek aan die liefde, maar die eintlike koue is identiek aan die eintlike, helse liefdeloosheid**. Waar dit dominerend wil optree, daar bewapen die alles opwekkende en behoudende liefde haar daarteen, sodat die eintlike, alles dodende koue nie in staat sal wees om `n oorwinning op die aldus gewapende liefde te behaal nie.

9 Wat beteken vervolgens: "**Het God lief bokant alles**"? Natuurlik gesien kan dit onmoontlik iets anders beteken nie as:

10 Verbind jou **lewenswarmte** wat deur God gegee is, met jou skeppende en versorgende **oerwarmte** van jou Skepper; dan sal jy die lewe ewig nooit verloor nie.

11 Sal jy egter jou liefde, oftewel jou lewenswarmte, **vrywillig** van die goddelike oerlewenswarmte afskei en in `n sekere sin as `n selfstandige heersende wese wil bestaan, dan sal jou warmte geen meer voeding kry nie.

12 Jy sal daardeur in `n steeds groter kouegraad beland. En hoe dieper jy sal wegsink in die steeds strenger wordende koue, des te moeiliker sal dit word om jou weer te verwarm. **Het jy egter tot volledige koue oorgegaan, dan het jy totaal ten prooi geval aan die satan, waar jy, volkome koud synde, nie meer in staat sal wees om warmte op te neem nie!**

13 Oor dit wat daar verder met jou sal gebeur, kan geen engel in die hemel jou ook maar iets weet te vertel nie.

14 In God is weliswaar oneindige dieptes, maar wie sal dit deurgrond en daarby die lewe behou?

15 Ek dink dat die mens uit hierdie kort voorbeskouing al geleidelik aan begin te begryp, waarom die gebod, wat `n woord van die Heer is, die hoogste, ja die son van aller sonne en die woord van alle woorde is. In die volgende sal ons nog meer daaroor vertel.

# Lesing 20 - 17 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Aanhalings uit Geestelike Son boek 2 aan J Lorber***

Wat beteken: Om God bo alles lief te hê?

**Hfs 100:1** Ek sien al iemand wat kom en sê: Alles goed en wel, maar hoe moet mens die een goddelike woord na God Self toe, verwesenlik? Hoe sou mens dan God eintlik moet liefhê en nog wel bo alles? ....

3 Dit is waar, dat die deur my aangegewe kragtigste maatstawwe vir die liefde, weliswaar die enigste is waaraan die grootste liefdeskrag van die mens gemeet kan word, maar daar word immers gesê dat mens God bo alles moet liefhê, dit wat soveel wil sê as; **meer as alles op hierdie wêreld.**

7 .... Ek hoef daarom niks anders te sê as wat die Heer Self gesê het nie, naamlik: "**Wie My gebooie onderhou, dit is hy wat My liefhet".** Dit is dus die eintlike maatstaf, waarvolgens `n mens God moet liefhê.

10 Wat sou jy dan sê as ek jou nie slegs één, maar verskeie teenstrydige tekste, uit die mond van die Heer Self gespreek, sou voorlê, **waarin Hy aantoon dat die liefde, as vervulling van die wet, nie voldoende is nie?...**

11 Is die gesprek van die Heer met die ryk jongeling aan jou bekend? Vra hy nie: "Heer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verwerf?" Wat antwoord die Heer hom daarop? Jy sê triomfantlik dat die Heer gesê het: "**Onderhou die gebooie en het God lief**, dan sal jy lewe!" Goed, sê ek, maar wat sê die jongeling? Hy sê: "Heer, dit het ek al van jongs af gedoen".

12 Dit is alles korrek. My vraag is; maar waarom het die jongeling hierdie antwoord vir die Heer gegee? Hy wou daarmee vir Hom sê: Ondanks die feit dat ek dit alles van jongs af gedoen het, merk ek tog niks van `n wonderbaarlike ewige lewe **in myself nie**.

13 Waarom lê die Heer nou nie vir die jongeling uit dat die onderhouding van die gebooie nie voldoende is vir die bereiking van die ewige lewe nie, maar voeg Hy, in plaas daarvan, onmiddellik `n belangrike sin daaraan toe waarin Hy sê: "**Verkoop al jou goedere, verdeel die geld onder die armes en volg My na!"**

14 Vraag: As die Heer dus Self so `n toevoeging gemaak het, is die onderhouding van die gebooie as hoogste liefde vir God dan voldoende? Kyk, daar lê al `n probleem; maar laat ons verder gaan.

15 Wat het die Heer eens vir Sy apostels en leerlinge gesê wanneer Hy hulle die te vervulde pligte voorgestel en aanbeveel het? Hy het niks anders gesê as slegs hierdie eenvoudige, baie betekenisvolle woorde: "**Wanneer julle egter alles gedoen het, erken dan dat julle lui en nuttelose knegte is**".

16 Nou vra ek jou: Gee die Heer hier te kenne dat die nalewing van die gebooie voldoende is, hoewel Hy tog kennelik verklaar dat elke mens wat die wet volkome in ag neem, homself dan heeltemal nutteloos moet beskou? Kyk, daar is die tweede, ietwat groter probleem. Maar nou verder!

17 Ken jy die gelykenis van die fariseër en die tollenaar in die tempel? Die fariseër getuig van homself met `n geruste gewete in die heiligdom dat hy, in teenstelling tot baie ander, **die wet van Moses in haar volle omvang altyd getrou en baie noukeurig, dus volkome en volgens die letter vervul het**. Maar die arme tollenaar agter in `n hoek van die tempel gee met sy ongemene deemoedige houding, aan elkeen wat hom sien, duidelik te kenne dat hy met die nalewe van die Mosaïese wet nie veel gedoen het nie, want, baie bewus van sy sonde, durf hy nie eens na God se heiligdom op te kyk nie, maar beken self sy nutteloosheid voor God en smeek Hom om genade en barmhartigheid.

18 As die wet nou toereikend was, dan sou ek tog wel graag van jou, my beste teksvaste vriend, wil weet waarom die Heer hierdie fariseër, wat die hele wet streng in ag geneem het, dan ongeregverdig en die arme sondige tollenaar as geregverdig uit die tempel laat gaan het?

19 Kyk, as mens dit in die regte lig beskou, dan lyk dit asof die Heer met die “slegs onderhouding van die wet” alweer Self `n derde baie aansienlike probleem geskep het. Jy haal nou weliswaar die skouers op en weet nie meer waar aan jy toe is nie, maar maak geen sorge vir jou nie, daar kom nog ietwat beters! Dus maar weer verder.

20 Wat sou jy dan sê as ek jou uit die Skrif, en wel uit die mond van die Heer Self, `n teks sou aanhaal, waarmee Hy die hele wet indirek ongeldig verklaar en in plek daarvan `n heel ander hulpmiddel insit, dit wat die enigste middel is waarmee die verkryging van die ewige lewe deur Homself gewaarborg word?

21 Jy sê nou: Goeie vriend, hierdie teks sou ek ook wil hoor. Jy kry hom dadelik, beste vriend! Wat het die Heer eens gesê toe Hy `n kind langs die weg gevind, hom opgeneem, teen Sy hart gedruk en geliefkoos het? Hy het gesê: "**As julle nie word soos hierdie kind nie, dan sal julle die hemelryk nie binnegaan nie**!"

22 Vraag: Het hierdie kind, wat nog nouliks in staat was om enkele woordjies te brabbel, ooit die wette van Moses bestudeer en vervolgens sy lewe streng daarvolgens ingerig? Op die hele wêreld is daar seker geen mens wat so dom is dat hy so iets sou kan beweer nie. Die vraag is dus: Hoe kon die Heer nou, as belangrikste motief vir die verkryging van die ewige lewe, `n kind aanwys wat met die hele wet van Moses nog geen jota te make gehad het nie? Vriend, ek sê verder niks hier nie as; as jy sou wil, probeer dan maar net om iets hierteen in te bring. Jy swyg. Daaruit begryp ek, dat jy jou met jou opstelling, ten opsigte van die vierde probleem, al taamlik ver op die agtergrond teruggetrek het.

Waaruit bestaan die liefde tot God?

**Hfs 101:1** Jy kon uit hierdie vier voorbeelde gesien het dat die Heer, enersyds die maar net **nalewing van die wet** vir die verkryging van die eintlike ewige lewe, **nie voldoende vind nie** en dit lyk wel of Hy selfs die wet in die vierde voorbeeld ophef.

2 Wat sou jy egter sê as ek jou `n paar voorbeelde sou aanhaal waarin die Heer Hom oor die onderhouding van die wet selfs berispend uitlaat? Jy sê nou; dit sal tog nie waar wees nie! Tog kan ek jou dadelik, nie net één nie, maar as jy wil, verskeie voorbeelde daarvan gee. Luister dus!

3 Iedereen wat die Mosaïese wet ook maar ietwat in haar geheel deurgeblaai het, moet weet hoe baie Moses die gasvryheid vir die Israelitiese volk aanbeveel het. **Wie teen die gasvryheid sondig, word voor God en voor die mense strafbaar verklaar.** Die wet betreffende die gasvryheid, was vir die Israelitiese volk, wat sterk tot hebsug geneig was, ten seerste op die hart gedruk om hulle daardeur teen eieliefde en hebsug te behoed en die naasteliefde by te bring.

4 Dit was dus `n wet om `n vreemde gas, veral wanneer hy aan die Israelitiese volk behoort het, met alle voorkomendheid te ontvang en te dien; en hierdie wet het van God gekom, **want God en nie Moses nie, was die wetgewer.**

5 Wanneer dieselfde Heer, wat eens via Moses die wette gegee het, egter in Bethanië in die huis van Lasarus kom, dan is dit Martha wat die mees wetsgetroue is en al haar kragte aanwend om hierdie hooggeëerde gas so goed as moontlik te bedien. Maria, haar suster, vergeet die wet van suiwer vreugde oor die verhewe gas, gaan in alle rus aan Sy voete sit en luister vol aandag na die verhale en gelykenisse van die Heer. Martha, wat haar vererg vir haar suster, omdat sy glad niks doen nie en by hierdie geleentheid die wet geheel en al vergeet, wend haar in haar ywer tot die Heer en sê: "Heer, ek het soveel te doen, sê tog vir my suster dat sy my `n bietjie kom help!" Of nog duideliker gesê: "**Heer, grondlegger van die Mosaïese wet, herinner my suster tog aan die onderhouding daarvan."**

6 Maar wat sê die Heer nou? "Martha, Martha!" sê Hy, "jy maak jou baie druk oor wêreldse dinge! **Maria het egter die beste deel gekies en dit sal haar ewig nooit ontneem word nie".**

7 Sê jy my nou net, beste vriend, of dit nie `n duidelike berisping van die Heer was oor die so ywerig en nougesette nalewing van die wet en daarenteen `n buitengewone lofuiting aan die persoon wat haar, in `n sekere sin, nie oor die hele wet bekommer het nie, maar slegs deur haar handelswyse laat blyk het:

8 Heer, as ek U maar het, dan is die hele wêreld geen sent meer vir my werd nie! - Toon die Heer nie weer hier aan dat slegs die onderhouding van die wet niemand die beter, ja die beste deel gee, wat hom ewig nooit ontneem sal word nie? Kyk, dit is dus `n vyfde probleem. Maar nou verder.

# Lesing 21 - 18 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Aanhalings uit Geestelike Son boek 2 aan J Lorber***

(VERVOLG) Waaruit bestaan die liefde tot God?

**Hfs 101:12** Maar wat volg hieruit? Niks anders nie as dat die Heer hierdie nalewing van die gebod op sigself, heeltemal onderaan geplaas het. Waarom? `n Klein gelykenis uit jou eie sfeer en uit die sfeer van elke mens wat ooit op aarde geleef het, sal jou die antwoord gee.

13 `n Vader het twee kinders. Hy het aan sy twee kinders sy wil as`t ware wetlik bekendgemaak. Hy wys hulle `n akker en `n wingerd aan en spreek: Julle het sterk manne geword en daarom verlang ek nou van julle dat julle hierdie wingerd en hierdie akker vlytig vir my sal bewerk. **Uit julle ywer sal ek aflei wie van julle beide my die meeste liefhet**. Wel nou, dit is die natuurlike wet, waarvolgens die seun, wat sy vader die meeste liefhet, die heerlikheid van sy vader ten deel sal val.

14 Maar wat doen beide die seuns? Die een neem die vurk, spit die aarde die hele dag vlytig om en bewerk die akker en die wingerd. Die ander neem daarby die werk so gesê op sy gemak aan. Waarom? Hy sê: As ek op die land of in die wingerd is, sal ek steeds my liewe vader mis; bowendien is ek nie so hebsugtig soos my broer nie. As ek maar my liewe vader het en by hom kan wees wat my tog die naaste aan die hart lê, het ek weinig behoefte aan een of ander toedeling van `n heerlikheid.

15 Die vader sê dan ook so af en toe vir hierdie tweede seun: Kyk tog net hoe vlytig werk jou broer en probeer so om my liefde te wen. Maar die seun sê: O liewe vader, as ek op die veld is, dan is ek ver weg van u en my hart laat my geen rus nie, maar sê steeds hardop vir my; **die liefde woon nie in die hand nie, maar in die hart en daarom wil sy ook nie met die hand nie, maar met die hart gewen word!** Gee u, vader, my broer wat so vlytig werk, die akker en die wingerd; ek het genoeg daaraan as u my maar sal toestaan dat ek u altyd na hartelus **mag liefhê soos wat ek u wil en moet liefhê, omdat u my vader, my alles is.**

16 Wat sal die vader nou sê en wel uit die diepste van sy hart? Sekerlik niks anders nie as:

**17 Ja, my geliefde seun, jou hart het myne vir jou geopen; <u>die wet was slegs `n proef</u>. Want, my seun, die liefde bevind haar nie in die wet nie, omdat hy wat slegs die wet onderhou, dit doen uit eieliefde om my liefde en my heerlikheid so met sy daadkrag te verdien. Wie die wet so onderhou, is nog ver van my liefde verwyder, want sy liefde gaan nie na my uit nie, maar na die beloning.**

18 Jy het jou binneste na buite gekeer, jy het die wet weliswaar nie verag nie, omdat jou vader haar opgelê het, **maar jy het jou bokant die wet verhef** en jou liefde het jou daarbo oorheen gevoer, terug na jou vader. Daarom sal jou broeder ook dan die akker en die wingerd kry en van **<u>my heerlikheid</u>** besit neem. Maar jy, my mees geliefde seun, sal kry wat jy gesoek het, **naamlik <u>die vader self en al sy liefde</u>**!

19 Ek dink, my beste vriend, dat uit hierdie gelykenis tog kristalhelder sal blyk wat waardevoller is, **die slegs droogweg nalewing van die wet, of die oorheersing daarvan en maar net die omhelsing van die liefde.**

20 As dit vir jou nog nie heeltemal duidelik is nie, dan vra ek jou die volgende: As jy die geleentheid sou hê om `n bruid uit twee jong dogters te kies en jy weliswaar daarvan oortuig is dat hulle albei van jou hou, maar tog nog nie heeltemal seker weet watter een die meeste van jou hou nie, sou jy dan nie graag wil weet wie jou die meeste liefhet om vervolgens daardie een te kies nie? Jy sê: Dit is wel duidelik, maar hoe moet jy dit aanvoer om dit agter te kom? Dit sal ons dadelik sien.

21 Kyk, eers gaan jy na die een. Sy is ywerig besig en sy weet geen raad met al die werk wat sy uit suiwer liefde vir jou verrig nie, want sy maak hemde, kouse, naghemde en nog meer van sodanige kledingstukke vir jou. Sy is so **druk daarmee besig**, dat sy daardeur dikwels nie, of maar skaars, merk dat jy na haar toe kom. Kyk, dit is die eerste. Die tweede werk baie traag. Sy werk ook wel vir jou, maar haar hart is soseer **met jou besig**, dat sy haar aandag moeilik by die werk kan hou. As jy haar besoek en sy jou van ver af sien aankom, is daar van werk geen sprake meer nie, want dan is daar vir haar niks wat waardevoller en belangriker is nie **as slegs jy**! Jy is slegs alles vir haar, vir jou gee sy die hele wêreld op! Sê my net, wie van hierdie twee sou jy kies?

22 Jy sê: Beste vriend, ek is duisendmaal liewer vir die tweede, want wat interesseer die paar hemde en kouse my? **Dit is duidelik dat die eerste my maar net probeer wen, deur die waardering vir haar verdienste van my te wil afdwing**. **<u>Maar die ander probeer my liefde te wen.</u>** Dit staan bo alle verdienstelikheid en ken niks hoër as my en my liefde nie. Haar sou ek dan ook tot vrou neem.

23 Goed, sê ek jou, my liewe vriend, sien jy nou nie duidelik die karakter van Martha en Maria hier nie? Sien jy wat die Heer gesê het vir Martha, wat druk volgens die wet besig was en vir Maria, wat niks gedoen het nie?

24 Daaruit kan jy dan ook begryp, wat die Heer, bo die wet uit, van elke mens verlang en hoe Hy tewens, duidelik te kenne gee waaruit die liefde van die mens vir God bestaan. Juis om die rede **vervloek die Heer selfs, innerlik geïrriteerd, die letterknegte van die wet (fariseërs en skrifgeleerdes),** prys die sondige tollenaar en maak vir diewe, hoereerders en egbrekers die hemelryk eerder toeganklik as vir **droë letterknegte**.

25 Daarom vra ek, as teenwerper, met die volste reg nou nog eens; volgens watter maatstaf moet mens God bo alles liefhê? Het ek die maatstaf, dan het ek alles, maar het ek nie die maatstaf nie, dan het ek lief soos iemand wat nie weet wat liefde is nie. Daarom nog eenmaal die vraag:

26 Hoe moet mens God bo alles liefhê? **<u>En ek, Johannes, sê:</u>** Om God bo alles lief te hê wil sê:

27 **Om God bo alle wette uit lief te hê!** Hoe, dit sal die vervolg aantoon.

# Lesing 22 - 19 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

Hoe mens God bo alles moet liefhê

**Hfs 102** Om egter deur en deur te ervaar en te begryp hoe mens **God bo die wet uit moet liefhê**, moet mens weet dat die wet op sigself niks anders is as `n saai weg na die eintlike liefde van God nie.

**2 Wie God in sy hart begin liefhê, het die weg reeds afgelê; maar wie God slegs deur die onderhouding van die wet liefhet, is met sy liefde nog steeds `n reisiger op die weg waar geen vrugte groei en waar rowers en diewe die wandelaar dikwels inwag.**

**3 Maar wie God suiwer liefhet, die het Hom al bo alles lief! Want om God bo alles lief te hê, beteken tog: Om God bo alle wette uit lief te hê. Wie buite op die weg is, moet voortdurend tree vir tree verder gaan om so op die moeisaamste wyse die vooropgestelde doel te bereik, maar wie God dadelik liefhet, die slaan die hele weg, dus die hele wet oor en op die manier het hy God bo alles lief.**

4 Mens sou nou miskien kan sê: Dit klink vreemd, want volgens ons begrip beteken, "Om God bo alles lief te hê": Om God meer lief te hê as alles in die wêreld. Goed, sê ek, maar vra dadelik daarby; volgens watter maatstawwe moet `n mens egter so 'n liefde meet? Die teenwerper het die maatstawwe, wat geld vir die hoogste moontlike liefde van die mense op aarde, duidelik genoeg in `n ry gesit en laat sien dat die mens op hierdie wyse glad geen maatstaf vir die “bo alles liefhê van God” kan aanlê nie.

5 Maar ek sê: Word daar nie duidelik deur die gegewe wet aangetoon hóé die mens homself, met sy begeerte met betrekking tot wêreldse dinge, moet gedra nie? In dié wet word alle dinge dus uitgebeeld en daarnaas word die regte beperking vir die liefde van die mens gegee, waarvolgens elke mens homself ten opsigte van wêreldse dinge moet gedra.

6 Wanneer iemand nou God bo die wet liefhet, dan het hy Hom sekerlik ook bo alle wêreldse dinge lief, omdat, soos gesê, juis deur die wet aangegee word hoe mens die wêreldse dinge moet gebruik en hoe `n mens homself ten opsigte daarvan, volgens die goddelike ordening moet gedra. Met `n kort aanvulling, aan die hand van `n vergelykbare situasie, sal die hele saak sonhelder word.

7 Die Heer het vir die ryk jongeling gesê: "Verkoop alles, verdeel dit onder die armes en volg My!" Wat wil dit sê? Met ander woorde, niks anders nie as; as jy, jongman, die wet nageleef het, verhef jou dan nou daarbo uit, **gee alle wette en al haar dinge aan die wêreld terug en bly jy by My, dan het jy die lewe!**

8 Wie sal nou nie begryp wat dit beteken om God bo die wet uit lief te hê nie?

9 Verder het die Heer aan sy leerlinge gesê; "As julle nie word soos hierdie kindjie nie, dan sal julle die ryk van God nie binnegaan nie". Wat wil dit sê? Niks anders nie as:

**10 As julle nie na My toe kom soos dié kindjie nie en daarby op niks of niemand let nie, nóg op die wet, nóg op die wêreldse aangeleenthede, en My soos dié kind met alle liefde omhels nie, dan sal julle die ryk van God nie binnegaan nie. Waarom nie? Wel, omdat die Heer Self weer gesê het: "Ek is die weg, die waarheid en die lewe!" Wie so tot My, as synde volkome één met die Vader, wil kom, die moet deur My, die stal oftewel die ryk van God, binnegaan.**

**11 Solank iemand dus nie die Heer Self omhels nie, kan hy nie by Hom kom nie, al sou hy rotsvas duisend wette standvastig in ag geneem het. Want wie nog op die weg is, is nog nie by die Heer nie; maar wie by die Heer is, wat sou hy nog met die weg te make het?**

12 Maar hier onder julle is dwase en wel baie honderd-duisende wat die weg veel hoër aanslaan as die Heer. En as hulle al by die Heer was, dan draai hulle weer om en verwyder hulle van Hom af, om maar weer op die ellendige weg te wees! Sulke mense belewe meer vreugde aan knegskap, slawerny en aan `n harde juk as aan die Heer, wat elke mens vry maak. Sy juk is besonder sag en Sy las is lig. Sag is die juk, sodat dit op die lewensweg nie mag druk op die skouers van die liefde vir die Heer nie, en baie lig die las, wat die enigste wet van die liefde is! Laat ons nog `n voorbeeld bekyk.

13 Die wetsgetroue fariseër prys homself op die weg, maar die tollenaar vind die hele weg besonder moeilik, want hy was nooit in staat om die doel daarvan te oorsien nie. Hy verdeemoedig hom voor die Heer in sy hart, hy erken sy swakte en onvermoë om die weg presies te volg. In plaas daarvan sluit hy God die Heer in sy hart in en maak so `n reuse sprong oor die hele moeilike weg en bereik daarmee sy doel!

14 Vir wie is dit nou nie duidelik voor die hand liggend, wat "om die Heer bo alles lief te hê" beteken nie? Dus gaan ons verder. Martha is op die weg, Maria by die doel! Hieroor hoef mens nouliks nog iets te sê nie, want dit is hier kristalhelder wat "om die Heer bo alles lief te hê" beteken.

15 Maar wil ons ten oorvloede die saak nog duideliker hê, laat ons dan nog eens na die skouspel kyk waarin die Heer driemaal aan Petrus gevra het of hy Hom liefhet. Waarom het Hy hom dan driemaal gevra? Die Heer weet tog al dat Petrus Hom liefhet en Hy weet ook dat Petrus al drie dieselfde vrae vanuit dieselfde hart en vanuit dieselfde mond gelykluidend sou beantwoord. Dit weet die Heer. Dit is dan ook nie die rede dat Hy hierdie vraag aan Petrus gestel het nie, maar **sodat Petrus sou erken dat hy vry is en die Heer bo alle wette uit liefhet**. En daarom beteken die eerste vraag:

A "Petrus, het jy My lief?" - **Petrus, het jy My op die weg gevind?** Dit bevestig Petrus en die Heer sê: "Laat My skape wei", dit wil sê: **Leer ook jou broeders om My so te vind! -**

B Die tweede vraag: "Petrus, het jy My lief?" beteken: **Petrus, is jy by My, staan jy by die deur**? Petrus bevestig dit en die Heer sê: “Laat dan My skape wei!" oftewel; bring dus ook jou broeders saam, sodat hulle by My mag wees by die deur na die lewe! -

C En vir die derde keer vra die Heer aan Petrus: "Het jy My lief?" Dit wil soveel sê as: **Petrus, staan jy bo elke wet? Is jy in My soos wat Ek in jou is?** Angstig bevestig Petrus dit en die Heer sê nogmaals: "Laat My skape dan wei en volg My!" Dit wil soveel sê as; bring dan ook jou broeders, sodat hulle in My mag wees en in My ordening en in My liefde mag woon soos jy.

16 Want om die Heer te volg, wil sê: Woon in die liefde van die Heer.

# Lesing 23 - 20 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Aanhalings uit Geestelike Son boek 2 aan J Lorber***

Twaalfde saal - twaalfde gebod. Die naasteliefde

**Hoofstuk 103:1** Ons is binne en sien hier in die middel van hierdie groot en pragtige saal ook weer `n sonbord, waarop in die middel in rooi stralende skrif geskrywe staan: **"Dit is gelyk aan die eerste, dat jy jou naaste sal liefhê soos jouself; daarin lê die wet en die profete."** Nou kan iemand dadelik opstaan en sê: Hoe moet `n mens dit begryp, om die naaste lief te hê soos jouself? **Die eieliefde is `n ondeug**, dus kan die daarmee gelykgestelde naasteliefde tog ook niks anders as `n ondeug wees nie, omdat, op hierdie wyse, die eieliefde tog kennelik as basis vir die naasteliefde geneem word. As ek soos `n deugsame mens wil lewe, dan mag ek myself nie liefhê nie. Wanneer ek myself egter nie mag liefhê nie, dan mag ek my naaste immers ook nie liefhê nie, omdat die liefdes-verhouding tot die naaste volkome moet ooreenkom met die verhouding tot die eieliefde. Dan sou "die naaste liefhê soos jouself" beteken dat jy die naaste gladnie moet liefhê nie, omdat mens homself ook nie moet liefhê nie.

2 Kyk, dit is so die gangbare teenwerping, wat sekerlik nie al te moeilik weerlê kan word nie. Omdat die eieliefde van elke mens soveel as sy eie lewe self is, is vanuit die perspektief gesien die natuurlike eieliefde vanselfsprekend, want om geen eieliefde te hê nie, sou soveel beteken as om geen lewe te hê nie!

3 **Dit gaan dus hier om die verskil tussen die <u>geregverdigde</u> en die <u>ongeregverdigde</u> eieliefde te sien.**

4 Die '**geregverdigde eieliefde**' is die eieliefde wat geen groter verlange het na die dinge van die wêreld as wat deur die **korrekte maatstaf** van die goddelike ordening aan haar toebedeel is nie; hierdie maatstaf word voldoende in die sewende, negende en tiende gebod aangegee. Verlang die eieliefde meer as wat hierdie maatstaf aangee, dan oorskry dit die vasgestelde grense van die goddelike ordening en dit moet reeds by die eerste oortreding as sonde beskou word. Volgens hierdie maatstaf moet die naasteliefde dus ook ingedeel word. As iemand `n broeder of `n suster bo hierdie maatstaf uit liefhet, dan begaan hy met sy broeder of suster afgodery en maak hom of haar daardeur nie beter nie, maar slegter.

5 Meestal is die gebieders wat oor die volkere heers, sowel die huidige as die van alle tye, vrugte van 'n buitensporige naasteliefde. Hoeso? `n Willekeurige volk het iemand uit sy midde, vanweë sy uitsonderlike talente, bo die geregverdigde maatstaf lief, maak hom tot heerser oor hulle almal en moes dit later verduur om deur hom of deur sy nakomelinge gevoelig vir hierdie ondeug gestraf te word.

6 Mens sal nou sê: Maar konings en vorste moet daar tog wees om die volkere te lei en hulle sou tog deur God Self aangestel wees? Dit sal ek nie direk ontken nie, maar hoe dit is en hoe dit sou moet wees sal ek hier by hierdie geleentheid toelig.

7 Wat het die Heer aan die Israelitiese volk gesê toe hulle `n koning verlang het? Niks anders nie as: "Aan alle sonde wat die volk teenoor My begaan het, het Ek ook nog die grootste toegevoeg, naamlik dat hulle, **ontevrede oor My leiding, `n koning verlang het**". Uit hierdie sin is, volgens my mening, voldoende om af te lei, dat die konings, nie as `n seën deur God nie, maar **as `n oordeel** aan die volk gegee was.

8 Vraag: Is konings aan God se sy noodsaaklik om die mensdom te lei? Op hierdie vraag kan dieselfde antwoord gegee word as op `n ander vraag, wat as volg lui: Het die Heer by die skepping van die wêreld en by die skepping van die mens een of ander helper nodig gehad?

9 Volgende vraag: Welke konings en vorste het deur al die tye, dus ook in die teenswoordige tyd, die Heer gehelp om die ordening van die wêrelde in stand te hou en dit in hulle bane te lei? Welke hertog het Hy nodig vir die winde, watter vors vir die verspreiding van die lig en watter koning ter bewaking van die oneindige ruimtes van die wêrelde en sonne? As die Heer egter sonder vorstelike of konink-like bystand by magte is om Orion toe te rus, die Groot Hond sy voedsel aan te reik en die groot volk van wêrelde en sonne in `n onwrikbare orde te handhaaf, sou Hy dit dan nodig hê, om by die mense van hierdie aarde, konings en vorste aan te stel wat Hom met Sy skeppinge sou moes help?

10 As ons teruggaan na die oergeskiedenis van die volkere, dan sal ons sien dat elke volk oorspronklik `n suiwer teokratiese grondwet gehad het, wat beteken dat hulle geen ander heer as slegs God bo hulle gehad het nie. Eers mettertyd, toe volkere hier en daar ontevrede geword het oor die baie vry en mees liberale regering van God, omdat dit daarby te goed met hulle gegaan het, het hulle begin om mekaar buitensporig lief te hê. En gewoonlik het een of ander persoon, vanweë sy besondere talente, aan die algemene liefde ten prooi geval. Die mens wou hom as leidsman hê. Maar dit bly nie by die leidsman nie, want die leidsman moes wette uitvaardig, die wette moes bekragtig word en so groei daar uit die leidsman `n heer, `n gebieder, `n patriarg en vervolgens `n vors, `n koning en `n keiser.

Keisers, konings en vorste is dus nooit deur God gekies nie, **maar slegs bevestig as `n oordeel vir die mense**, wat as gevolg van hulle vrye wil, sulke keisers, konings en vorste uit hulle midde gekies het en aan hulle, alle mag oor hulself verleen het.

12 Ek dink, dat hierdie toeligting voldoende sal wees om in te sien dat elke buitensporigheid van eie- sowel as naasteliefde `n gruwel vir God is.

13 Om die naaste lief te hê soos jouself wil dus sê: Om

jou naaste in die goddelike ordening lief te hê, dus volgens die regverdige **maatstaf wat oorspronklik deur God aan elke mens toebedeel was**. Vir diegene wat dit nog nie grondig kan begryp nie, sal ek nog `n paar voorbeelde daaraan toevoeg, waaruit hy duidelik kan aflei watter gevolge, die een sowel as die ander oordrywing met hom saambring.

14 Laat ons aanneem dat daar in een of ander dorp `n miljoenêr woon. Sal hy die dorp gelukkig maak, of sal hy hom in die ongeluk stort? Ons sal sien. Die miljoenêr sien dat die openbare geldmark wankel; wat doen hy? Hy verkoop sy obligasies en koop vervolgens onroerende goed, in die vorm van landgoedere. Die dorpsheer, waarvan hy vroeër slegs `n onderdaan was, bevind hom soos gewoonlik in groot geldnood. Ons miljoenêr word gevra, om kapitaal aan die dorpsheer te leen. Hy doen dit vir `n hoë rente, met as waarborg die verband van die dorpsheer self. Sy bure, die ander dorpsbewoners, het ook geld nodig. Hy leen dit aan hulle sonder besware na inskrywing in die verband-register. So gaan dit jarelank deur. Die dorpsheer word steeds minder vermoënd en die bure in die dorp minder welvarend. Wat gebeur daar? Ons miljoenêr gryp eers die dorpsheer en, omdat hy geen rooi sent meer besit nie, moet hy hom op genade of ongenade oorgee, kry hoogstens uit suiwer grootmoedigheid ietwat reisgeld en ons miljoenêr word die eienaar van die heerlikheid en tewens heer oor die wat by hom in die skuld staande bure. Omdat hulle nie in staat is om hom nóg kapitaal, nóg rente te betaal nie, word hulle besittings getakseer (belas) en verbeurd verklaar.

15 Hier het ons die baie natuurlike gevolge van die **geluk van `n miljoenêr, of iemand wat baie oordrewe eieliefde besit**, wat dit aan sy dorpsbewoners besorg het. Meer hoef mens nie daaroor te sê nie. Laat ons nou oorgaan tot die tweede geval.

16 Daar woon êrens `n baie arm gesin. Hulle het nouliks genoeg om in die daaglikse lewe die kop bo water te hou. `n Buitengewone ryk, en tewens besonder mensliewende man leer hierdie arme, maar origens brawe en agtenswaardige familie ken. Hy, in die besit van verskeie miljoene, ontferm hom oor die gesin en dink by homself; ek sal die gesin met één slag baie gelukkig maak. Ek sal hulle `n landgoed skenk en bowendien nog `n aansienlike vermoë van `n halfmiljoen. Bowendien sal ek die genoegdoening hê om te sien hoeseer die gesigte van hierdie arm mense sal opklaar. Hy voeg die daad by die woord. `n Hele week lank word daar in die gesin niks anders as vreugdetrane vergiet nie en ook vir Ons Liewe Heer word menigmaal "God sy dank" gesê.

17 Maar laat ons nou net so 'n jaar later na die gelukkige gesin gaan kyk: Ons sal dan by hulle ewegoed alle luukse ontdek wat mens altyd in die huise van die rykes kan vind. Hierdie familie word bowendien ook hardvogtiger en hulle sal hulle nou in die geheim **probeer wreek** op al diegene wat tydens die vroeëre armoede nie na hulle omgesien het nie. Die "God sy dank" sal verdwyn en uitrustings, bediendes in bediendedrag en dergelike kom in die plek daarvan.

18 Vraag: Het hierdie groot oordaad aan naasteliefde die arm gesin nou gebaat of geskaad? Ek dink dat die mens hier nie veel woorde nodig het nie, maar slegs alle luukse in oënskou hoef te neem om haarfyn te kan beoordeel welke voordeel die gesin vir die ewige lewe deur die aan haar verleende oormaat aan naasteliefde ontvang het. Hieruit word egter duidelik dat die mens hom met die naasteliefde, net soos met die eieliefde, moet beperk deur hom aan die **korrekte maatstaf** van die regverdige goddelike ordening te hou.

19 As `n man sy vrou oordrewe liefhet, dan sal hy haar bederf. **Sy word ydel, hoogmoedig en daardeur sogenaamd behaagsiek**. Die man sal hande kort om aan al die verlangens van sy vrou te kan voldoen.

20 Ook `n bruidegom sal sy bruid, wanneer hy haar te veel liefhet, onbesonne en ten slotte ontrou maak.

21 Daarom is die **korrekte maatstaf** in die liefde altyd noodsaaklik. Maar tog bestaan die naasteliefde uit iets baie anders as dit wat ons tot nou toe leer ken het. Waaruit die naasteliefde egter innerlik, geestelik beskou bestaan, sal ons in die vervolg duidelik van hierdie mededeling insien.

# Lesing 23 - 21 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Aanhalings uit Geestelike Son boek 2 aan J Lorber***

Waaruit bestaan die eintlike, ware naasteliefde?

**Hoofstuk 104:1** Om grondig te weet waaruit die eintlike, ware "**naasteliefde**" bestaan, moet mens eers weet en volledig begryp **wie nou eintlik `n naaste is**. Dit is die grootste probleem. `n Mens sal sê: Hoe sal ons dit agterkom? Want die Heer Self, wat as enigste die naasteliefde aanbeveel het, het nêrens iets naders aangegee nie. Toe die skrifgeleerdes Hom vra wie die naaste dan wel sou wees, het Hy hulle slegs in `n gelykenis getoon wie vir die bekende ongelukkige Samaritaan `n naaste was, **naamlik `n Samaritaan self**, wat hom na die herberg gebring het nadat hy sy wonde met olie en wyn versorg het.

2 Daaruit blyk egter dat slegs onder bepaalde omstandighede, ongelukkige mense "naastes" aan hulle weldoeners en hulle dus ook omgekeerd "naastes" vir hulle weldoeners is. As daar dus slegs onder hierdie omstandighede "naastes" bestaan, wie is die gewone mense se naaste dan, die wat nog self nie in `n ongeluk was nie en nog nooit êrens in `n situasie was waarin hulle `n ongelukkige kon bystaan nie? Is daar dan geen algemene teks wat nader aangee wie die naaste is nie? Want in hierdie gelykenis word slegs die hoogste nood en aan die ander kant `n groot welgesteldheid, gepaardgaande met `n goeie hart, as voorwaarde vir die begrip "naaste" gegee.

3 Daarom sal ons net kyk of daar nie meer uitgebreide tekste te vinde is nie. Daar is een en dit lui as volg:

4 "Seën hulle wat julle vervloek en doen goed aan julle vyande!" Dit is `n teks waaruit mens duidelik kan aflei dat die Heer baie ver met die naasteliefde gaan, waarby Hy selfs jou vyande en diegene wat jou vervloek, nie uitgesluit het nie.

5 Verder lui `n ander teks; "Maak vriende met die onregverdige Mammon". Wat wil die Heer daarmee sê? Niks anders nie as dat die mens geen geleentheid verby moet laat gaan om goed te doen aan sy naaste nie. Hy staan selfs in uiterlike opsig `n openlike vergryp aan goedere van `n ryke toe, as daardeur, weliswaar slegs in die uiterste geval van nood, baie of tenminste verskeie hulpbehoewendes gehelp kan word.

6 Verder vind ons `n teks waarin die Heer sê: **"Wat se goed julle ook maar aan één van hierdie armes gedoen het in My Naam, dit het julle vir My gedoen".** Hierdie sin word deur die Heer by die beskrywing van die "jongste" oftewel geestelike oordeel bevestig, wanneer Hy aan die uitverkorenes sê: "Ek het naak, hongerig, dorstig, siek, as `n gevangene en sonder onderdak na julle toe aangekom en julle het My opgeneem, versorg, geklee, gespysig en gelawe" en vir die verworpenes sê Hy dat hulle dit alles nie gedoen het nie. Die goeddoeners verontskuldig hulle, asof hulle dit nooit sou gedoen het nie en die slegtes, dat hulle dit wel sou gedoen het, as Hy maar net na hulle toe sou gekom het. En die Heer gee dan duidelik aan:

7 "**Wat julle ook maar in My Naam vir die armes gedoen het of nie gedoen het nie, dit geld vir My**".

8 Uit hierdie teks kom die eintlike naasteliefde reeds taamlik duidelik na vore en hier word aangegee wie dus die eintlike naaste is.

9 Ons sal egter nog een teks bekyk; en dit lui soos volg: "Wanneer julle `n gastemaal berei, nooi dan nie diegene uit wat dit julle weer met `n gastemaal kan vergoed nie. Daarvoor sal julle geen loon in die hemel ontvang nie, want dit het julle reeds op aarde gekry. **Maar nooi behoeftiges, kreupeles, gebrekkiges, dus in elke opsig arm mense uit, wat dit julle nie kan vergeld nie, dan sal julle julle loon in die hemel ontvang**. **So leen julle ook geld uit aan hulle wat dit nie vir julle kan teruggee nie,** dan sal julle daarmee woeker vir die hemel. Leen julle egter julle geld aan hulle wat dit vir julle met rente kan terugbetaal, dan het julle alreeds julle loon ontvang. Wanneer julle aalmoese gee, **doen dit in stilte en laat die regterhand nie weet wat die linker doen nie**. En julle Vader in die hemel, wat in die verborgene sien, sal julle daarvoor seën en beloon in die hemel!"

10 Ek is van mening dat uit hierdie tekste reeds kristalhelder blyk wie daar deur die Heer met "eintlike naaste" bedoel word. Daarom sal ons net kyk watter betekenis daaragter sit.

11 Oral sien ons dat daar deur die Heer slegs **armes teenoor welgestelde mense** geplaas word. Wat volg daaruit? Niks anders as dat deur die Heer die arm mense, ten opsigte van die welgestelde mense, as die eintlike naastes aangedui word en deur Hom as sodanig teenoor mekaar gestel word, en dus nie rykes teenoor rykes of armes teenoor armes nie. Rykes teenoor rykes kan hulleself slegs dan as naastes beskou, wanneer hulle hulle vir dieselfde goeie, God welgevallige doeleindes verenig. Arm mense is egter onderling ook naastes, wanneer ook hulle hulleself so goed as moontlik in geduld en in die liefde tot die Heer, broederlik onder mekaar verenig.

12 Die eerste graad van naasteliefde bly dus altyd dié tussen welgestelde en arm mense, tussen sterk en swak mense, en staan in dieselfde verhouding as die tussen ouers en kinders.

13 Waarom moet armes egter teenoor rykes, swakkes teenoor sterkes, net soos kinders teenoor hulle ouers as allernaaste beskou en behandel word? Om geen ander as die volgende baie eenvoudige rede wat die Heer as die allernaaste vir elke mens, Hom volgens Sy eie uitspraak op hierdie wêreld by voorkeur met die armes, die swakkes en die kinders vereenselwig het nie. Want Hy het immers self gesê: "**Wat julle vir die armes doen, het julle vir My gedoen"!** Ook al sal julle My nie altyd wesenlik, persoonlik by julle hê nie, tog **sal julle altyd armes in julle midde hê**, wat (wil die Heer sê) My in `n sekere sin volkome verteenwoordig.

14 So sê die Heer ook oor `n kind: "Wie so 'n kind in

My Naam opneem, neem My op.

15 Uit dit alles volg dat mense, **namate hulle deur die Gees van God vervul is, mekaar min of meer as "naastes" moet beskou.** Die Heer skenk Sy gees egter nie aan die rykes van die wêreld nie, maar altyd net aan die armes, swakkes en vir die wêreld onmondige mense. Die arme is al min of meer van God se gees vervul omdat hy arm is, want die armoede is tog `n hoofaandeel van die gees van die Heer.

16 **Wie arm is, het in sy armoede gelykenis met die Heer**, terwyl die ryke dit nie het nie. Die Heer ken hulle nie, maar die armes ken Hy. **Daarom moet die armes vir die rykes die naaste wees, waar hierdie rykes na toe moet kom as hulle nader aan die Heer wil kom**, want die rykes kan hulle onmoontlik as die naaste van die Heer beskou. In die verhaal van die ryk swelger het die Heer Self die oneindige kloof tussen Homself en die rykes laat sien. Slegs die arm Lasarus plaas Hy in Abraham se skoot, dus as die naaste aan Hom, die Heer.

17 Ook gee die Heer in die geval van die ryk jongeling aan, wie eers sy naaste sou moet wees, voordat hy weer tot die Heer sou mag kom om Hom te volg. En oral stel die Heer die armes, sowel as die kinders voor as sy naaste, of ook as Sy ware verteenwoordigers. Hulle moet die welgesteldes liefhê soos hulself, maar is nie ook dadelik hul gelyke nie. Want die Heer sê immers dat die gebod van die naasteliefde gelyk is aan die eerste, **waarmee Hy niks anders wil sê nie as; wat julle vir die armes doen, dit doen julle vir My!**

18 Dat rykes mekaar nie as naastes moet beskou nie, word duidelik as die Heer sê dat die rykes nie rykes as gas moet vra nie en hulle geld nie aan rykes moet uitleen nie, en dat Hy aan die ryk jongeling gesê het om sy goedere **nie onder die rykes, maar onder die armes te verdeel.**

19 Maar wanneer `n ryke sou sê: My allernaaste is tog my kinders, dan sê ek; gladnie! Want die Heer ontferm hom tog maar net oor `n arm kind wat langs die pad bedel en spreek: **Wie so 'n kind in My Naam opneem, neem My op! Met kinders van rykes het die Heer nooit iets te doen gehad nie.**

20 Om die rede begaan die ryke, wanneer hy angsvallig vir sy kinders sorg, **`n baie ernstige sonde teen die naasteliefde.** Die ryke sorg die beste vir sy kinders wanneer hy vir `n opvoeding sorg wat vir die Heer welgevallig is en sy vermoë nie vir sy kinders opspaar nie, maar dit grotendeels aan die armes bestee. Doen hy dit, dan sal die Heer sy kinders opneem en langs die beste weg lei. Doen hy dit nie, dan wend die Heer Sy aangesig van hulle af, trek Sy hande terug en laat hulle in hulle prilste jeug reeds oor aan die hande van die wêreld, dit wat egter beteken, in die hande van die duiwel. Dan word die kinders van die wêreld, wêreldse mense, dit wil sê dat hulle as`t ware self duiwels word.

21 As julle maar net geweet het hoe al die stamkapitaal en veral die onvervreembare erfgoed deur die Heer op `n verskriklike manier **tot in die laagste, derde graad van die hel vervloek is**, dan sou julle van skrik en angs verstar tot die hardheid van `n diamant!

22 Daarom moet alle rykes, waar hulle ookal mag wees, dit soveel moontlik ter harte neem, hulle hart soveel moontlik van hulle rykdom afwend, **en met hulle rykdom soveel moontlik goed doen,** wil hulle aan die ewig rokende hel ontkom. Want daar is in die hiernamaals twee soorte helle; **`n langdurige in duister oorde**, van waaruit slegs onbegryplike smal weë lei en waarop dit met die wandelaar nie veel beter gaan as met die kamele vir die oog van die naald nie. Daar is egter ook **`n ewige hel**, waaruit na my wete tot nou toe nog geen pad weglei nie. Laat die rykes, asook elkeen wat soveel besit dat hy nog altyd iets vir die armes kan doen, dit ter harte neem. **Hiermee is nou uiteengesit waaruit die eintlike naasteliefde bestaan**. So word hulle (die kinders) ook hier op die son geleer en voortdurend in praktyk gebring. Hoe dit gebeur, sal ons in die volgende van naderby beskou.

# Lesing 24 - 23 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Aanhalings uit Geestelike Son boek 2 aan J Lorber***

Praktiese onderrig in die naasteliefde vir die leerlinge in die hiernamaals

**Hoofstuk 105:1** Julle weet dat iets nêrens tot stand kom met slegs teoretiese kennis en geloof nie. Wat baat dit iemand, as hy sy kop met `n duisend korrekte teorieë volgestop het? Wat baat dit iemand, as hy alles wat in die boek des lewens geskrywe staan, as absoluut waar beskou? Daaraan het mens net soveel as wanneer mens hom letterlik die gehele musiek-teorie sy eie sou gemaak het en dan sou dink dat die mens, as mens hierdie teorie in praktyk sou bring, werklik die voortreflikste komposisies tot stand sou kon bring, of op sy minste `n prominente virtuoos op een of ander instrument sou kon wees. Vraag; sal mens met al hierdie grondige teoretiese kennis, maar sonder enige praktiese vaardigheid, in staat wees om een of ander waardevolle stuk te komponeer? Of sal mens selfs die eenvoudigste maat van `n komposisie somaar kan sing of op `n musiekinstrument kan speel? **Sekerlik nie, want sonder praktiese oefening het mens niks aan alle teorieë nie**.

2 Dit is dieselfde as wanneer daar `n dwase vader sou wees, wat weliswaar sy kind goed sou versorg en sy verstand ontwikkel, maar steeds sy voete aanmekaar gebonde sou hou. Vraag; sal die kind kan loop as hy ander sien loop en as hy alle maniere van loop en alle voetbewegings van `n Spaanse dansleraar teoreties sou leer ken het? Die eerste stap wat hy waag, sal al so onseker uitval dat die slegs teoreties opgeleide kind dadelik op die grond sal lê.

3 Hiermee is meer as duidelik aangetoon dat sonder die praktyk die kennis net nêrens heen dien nie! Dit is soos `n brandende kroonkandelaar in `n leë saal, wie se lig slegs vir homself brand, maar niemand tot voordeel strek nie. Daarom is die daadwerklike uitoefening van dit wat mens geleer het en wat mens weet, onweerlegbaar die hoofsaak. Aangesien dit in die ryk van die suiwerste geeste altyd vernaamlik op die doen aankom, en die handelinge volgens die naasteliefde die vernaamste beginsel van al die geestelike werke is, **word juis die gebod van die naasteliefde dan hier ook meer daadwerklik as teoreties geleer.**

4 Maar hoe? Hierdie, soos julle sien, reeds volwasse leerlinge, word by allerlei geleenthede deur die meer volmaakte geeste saamgeneem en moet veral by die nuutkommers vanaf die aarde die ware naaste, die wat minder naaste en dan ook die res leer onderskei. Hulle moet begryp, hoe hulle hulleself ten opsigte van die naastes, die wat minder naaste en die res behoort te gedra.

5 Soos bekend, is die gevoel van medelye op jeugdige leeftyd groter as op die kragtige, manlike leeftyd. Daardeur gebeur dit ook dat hierdie leerlinge elkeen wat hulle teëkom met diep medelye en groot barmhartigheid opneem.

6 Hulle sou elkeen dadelik die hemel wil binneskuif, omdat hulle nog nie uit ervaring geleer het dat die hemel slegs vir die waaragtige naastes `n besondere saligheid is, maar vir die minder naastes en die res `n groot, selfs allergrootste kwelling is. By hierdie geleenthede leer hulle dus eers volkome insien dat die eintlike naasteliefde hieruit bestaan, dat mens elke wese sy vryheid moet laat en mens hom dit moet gee waarna sy hart uitgaan.

7 Wanneer mens vir iemand iets anders wil doen as dit wat sy liefde verlang, bewys mens hom geen liefdesdiens nie. As iemand sy buurman vir `n jas vra en die buurman gee hom in plaas daarvan `n brood, sal die vraer dan daarmee tevrede wees? Seker-lik nie, want hy het slegs `n jas, maar geen brood gevra nie.

8 Wanneer iemand by `n familie kom en om die hand van `n dogter vra, sal hy dan tevrede wees en as mens hom, in plaas van `n bruid, `n mandjie vol sout gee? As iemand vir sake na `n in die noorde geleë plek sou wil reis, maar `n vriend neem hom in sy rytuig saam na die suide, sal die sakeman dan daarmee geholpe wees?

9 Daarom moet die geeste, voordat hulle hulle naasteliefde in praktyk wil bring, eers die geaardheid van die liefde van die geeste wat na hulle toe gelei word, deurgrond. Presies ooreenkomend met die geaardheid van hierdie liefde, moet daar dan ook gehandel word.

10 Wie in die hel wil wees, moet daarheen gelei word, want so is sy liefde, wat waarsonder daar vir hom geen lewe is nie. En wie in die hemel wil kom, moet die nodige leiding kry, waarmee hy dan op die korrekte weg gelouter en volkome bekwaam in die hemel kan kom en daar dan as `n waaragtige geheiligde burger kan bestaan.

11 Maar dit is ook nie voldoende om geeste na een en dieselfde hemel te bring nie, want die hemel moet baie noukeurig ooreenstem met die liefde van `n gees. In elke ander hemel sal die hemelburger homself nie tuis voel nie; hy sal daarin vergaan soos `n vis op droë grond.

12 Want die geaardheid van die liefde van elke mens is sy eie karakteristieke lewenselement. Vind hy dit nie, dan is dit spoedig met sy lewe gedaan. Daarom moet die naasteliefde in die ryk van die suiwer geeste ook uiters noukeurig en goed gelouter en gevorm word, voordat hierdie geeste eg in staat is om die nuut-kommers, net soos diegene wat hulle reeds langer in die geestesryk bevind, werklik besielend en verlewendigend in die goddelike ordening op te neem.

13 Die ontwikkeling van hierdie naasteliefde en haar loutering bestaan dus uit die deurvorsing en herkenning van die geaardheid van die liefde in die geeste, om daarmee dan ook die weë van die goddelike ordening te herken en te begryp langs watter weë en op watter manier hierdie geeste gelei

moet word.

14 Geen enkele gees mag ook maar enige geweld aangedoen word nie. Sy vrye wil, gepaard met sy insig, bepaal die weg, en die liefde van die gees bepaal die wyse waarop hy op die weg begelei moet word.

15 Wanneer geeste op die plek kom waarna hulle liefde uitgaan en daar boosaardig optree, dan eers word dit tyd, maar slegs volgens die aard van hulle boosheid, om straffend op te tree.

16 Wel nou, in alles wat die naasteliefde betref, word ons leerlinge baie nougeset praktykgerig onderrig. Het hulle `n sekere vaardigheid daarin verkry, dan word die onderrig afgesluit met die inwyding. Daarna word hulle op `n noukeurig vasgestelde, periode wat aan die omstandighede aangepas is, aan die mense wat op aarde lewe, as beskermgeeste toegewys, veral om hulle die geleentheid te gee om te kan oefen in die ware geduld van die Heer. Julle sal nouliks kan glo hoe moeilik dit vir so 'n hemelse opgeleide gees is, om met die halsstarrige mense van hierdie aarde so uiters toegeeflik om te gaan, dat hulle nooit merk dat hulle deur so 'n beskermgees op al hulle weë begelei en volgens hulle eieliefde gelei word nie.

17 Waarlik, dit is geen kleinigheid wanneer mens met alle mag en krag toegerus is en dan as beginner geen vuur van die hemel mag afroep nie, maar in die bewussyn van die eie mag en krag voortdurend moet toesien hoe die mens wat aan hom toevertrou is, hom in allerlei kwaad van die wêreld begewe en die Heer steeds meer vergeet.

18 `n Kindermeisie het met `n engelagtige, ondeunde kind werklik `n hemel vergeleke met die opgawe van `n beskermgees wat aan die begin van sy missie staan. Hoeveel trane moet hulle vergiet, want hulle hele invloedsmag enkel en alleen bestaan uit `n uiters sagte fluistering in die gewete, of by buitengewone geleenthede, hoogstens uit die voorkoming van bepaalde ongelukke, wat vir die sterfling op aarde deur die hel bewerkstellig word. In alle orige gevalle mag hulle nie ingryp nie.

19 Maar stel julle julleself nou net die dikwels bitter lot van `n sogenaamde huisleraar of hofmeester voor, as hy van die ruwe vlegsels kinders kry om op te voed. Is dit dan nie beter om `n houthakker te wees nie? Sekerlik, want die hout laat hom omkap en splyt volgens die wil van die houtkapper, maar `n onbehoue kind spot met die wil van sy meester. Tog is hierdie toestand nouliks `n flou afspieëling vergeleke by die van `n beskermgees, wie se beskermling `n vrek, dief, rower, moordenaar, speler, hoer of egbreker is. Want die beskermgees moet hulle gruweldade steeds lydsaam aansien, en hy mag, ondanks al sy mag, tog absoluut nie ingryp nie. En as daar al by sommige geleenthede `n ingryping geoorloof is, dan moet dit tog so verstandig uitgevoer word, dat die beskermling daardeur nie in die geringste in die vryheidsfeer van sy wil gehinder word nie, maar dat hoogstens die daadwerklike uitvoering van die wil beïnvloed word.

20 Kyk, dit is dus die tweede praktiese taak waarin ons gewyde leerlinge hulle in die naasteliefde, maar veral in die geduld van die Heer moet oefen. Wat daar verder met hulle gebeur, na hierdie geduldsoefening, sal die vervolg laat sien.

# Lesing 25 - 24 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Aanhalings uit Geestelike Son boek 2 aan J Lorber***

## Wese en gevolge van die kwaad

**Hoofstuk 106:1** Wanneer ons, in die geduld goed geoefende leerlinge, terugkeer van hulle taak in hierdie uiterlike wêreld, gewoonlik na die oorlye van een van hulle toevertroue beskermlinge, dan moet hulle solank in hulle nabyheid bly soos wat die natuurlik/geestelike toestand van die siel van een van hierdie oorlede mense sal duur. Op die oomblik van die ontmaskering of van die ontlediging, waarby elke gees sondermeer geheel aan homself oorgelaat word, keer die leerlinge dan weer na die geestelike son terug. Eers van daaruit gaan hulle weer na `n nuwe bestemming. Maar waarheen? Dit is baie maklik te raai as mens bedink, dat ons leerlinge tot nou toe voldoende geleentheid gehad het om die wetsoortredinge eers as leerlinge geestelik, wetenskaplik en daarna as beskermgeeste prakties te aanskou en te herken.

2 Dat daar agter die insig nog `n derde, en agter die derde nog `n vierde lê, moet duidelik wees vir iedereen wat weet dat die doel wat met elke kwaad bereik word, bepaalde gevolge met hom saambring en dit eers in die doel die grond- of hoofoorsaak van die kwaad herken word.

**As iemand die gevolge van die sonde nie herken het nie, dan is hy nog steeds nie so vry en standvastig om voldoende afkeer van die sonde te hê nie. Het hy egter ingesien dat die gevolg die resultaat van `n onveranderlike wetmatigheid is en het hy die reeds daarin verborge oorsaak herken, dan eers word hy vanuit sy vrye insig en sy vrye wil `n volkome standvastige teenstander van al die kwaad.**

3 Maar waarheen moet ons leerlinge gaan om dit in te sien? Hulle moet aan die sy van **magtige en baie ervare geeste** die helle deurtrek en wel vanaf die eerste tot en met die laaste of onderste (al drie). In die eerste en tweede sien hulle die gevolge van die kwaad en veral in die tweede, hoe binne die nog goed sigbare gevolge die oorsaak van die kwaad al steeds meer begin deur te skemer. Eers in die derde, onderste hel leer hulle die grond- of hoofoorsaak van al die kwaad ken.

5 Wanneer iemand byvoorbeeld heimlik besluit om iemand se geld te steel dan het **die liefde vir die geld en sy selfsug** hom tot hierdie handeling aangesit; dit was stellig die **oorsaak** van sy handeling. Het hy hom nou deur diefstal die geld toegeëien, dan is dit tog seker die **gevolg** van sy handeling. Dit was en is egter niks anders as die **gerealiseerde oorspronklike oorsaak** vir die handeling self nie.

7 Voor ons die voorbeeld gee, moet ons nog wel enkele stellings bekendmaak wat uit die goddelike ordening voortvloei en waarin van elke **handeling** van die ewigheid af die vasgelegde **gevolg** aangegee word en daarin word die oorsaak dan in ooreenstemming met die handeling sigbaar.

8 Die stellinge lui soos volg: Elke handeling het `n daarmee ooreenstemmende gevolg, wat deur God self vasgestel en bekragtig is. Dit gevolg is die onveranderlike oordeel wat aan elke handeling gekoppel is**. So is dus deur die Heer bepaal dat elke handeling hom uiteindelik self oordeel.**

9 Soos vir elke goeie handeling **slegs die Heer** as oorsaak beskou kan word, so lê dit ook vir elke slegte handeling. Elke slegte handeling het bygevolg ook altyd een en dieselfde oorsaak. Dit is die leerstelling.

10 Nou sal ons dit met voorbeelde toelig. Laat ons `n hoereerder neem. Hy bedryf solank as wat hy leef meedoënloos en sonder vergifnis ontug. Uiterlik kon niemand die gevolge van die kwaad aan hom sien nie, want op die liggaam is daar nie altyd `n afspieëling daarvan te sien nie. Tog het hierdie man deur sy sondige handelswyse sy gees geheel en al tot `n growwe vleeslike materiële liefde omlaag gebring en daardeur sy lewenskragte, materieel en geestelik gesien, verspil. Wat bly daar ten slotte nog vir hom oor? Niks anders nie as die polieplewe (seekatlewe) van sy siel nie. Hy beland in die hiernamaals met niks anders nie as sy sinlike, vleeslike genotsug. Sy strewe is dan die van `n poliep, naamlik om op sy manier ononderbroke te bly geniet. Van `n geestelik geleide reaksie is geen sprake meer nie, omdat die gees tydens sy lewe in die liggaam reeds tot op die laatste druppel met die sinlike siel saamgesmelt het.

11 Vraag; kan `n sodanige siel in die hiernamaals nog tot `n hoëre vorm van lewe toeganklik of bekwaam wees? Wie dit eg wil weet, moet maar net `n poliep uit die see opvis en probeer of hy hom in die lug kan laat spring. Hierdie poging sal sekerlik by niemand slaag nie, want sodra hy die poliep uit sy modder-element opvis en op `n droë plek in die suiwer lug geplaas het, sal die poliep spoedig afsterwe, ineen skrompel, vergaan en ten slotte tot `n leemagtige kluit opdroog.

12 Kyk, presies dieselfde is ook die geval met so 'n wellustige, genotsugtige siel. Hy is `n modderpoliep, wat slegs één lewenswekkende begeerte het, naamlik die van genot. Sy hele intelligensie is hierop gerig om vir homself genot te verskaf. Wat is die gevolg hiervan? Niks anders as die ellendige en hoogs beklaenswaardige toestand van die siel self, naamlik die steeds dieper terugval in `n aller ordinêrste en laagste dierlike toestand. En dit is nou juis hierdie toestand, wat mens die "eerste hel" noem. Dit is dus die **baie natuurlike**, volgens die regverdige ordening bereikte **gevolg**, sodat die siel deur hierdie verbode handelswyse ten slotte terugkeer na die onderste, dierlike toestand van waaruit sy vroeër langs soveel trappe deur die Heer opwaarts tot `n vry mens verhef was.

13 Hierdie resulterende toestand word egter, met betrekking tot die genotsug, besonder bekommer-

wekkend deur die Heer beskou, sodat daardeur die gees, wat hom nog steeds in die siel bevind, hom **steeds meer van die sinlikheid sou kon losmaak**. Hierdie operasie is die enigste waardeur so `n siel, saam met haar gees, moontlikerwys nog te red is. Word die siel naamlik nog meer gevoed en haar begeerte steeds sterker, dan sal daar van `n redding van die gees verseker vir ewig geen sprake meer kan wees nie.

14 Wat is in die ergste geval, gewoonlik die tweede gevolg van hierdie noodsaaklike handelswyse?

15 Luister! Aangesien die gees van so `n siel volkome een met haar was, het sy hele liefde ook in die begeerlikheid van sy siel oorgegaan. Word hy nou deur die vasting van die siel vryer, dan tree hy boosaardig en baie diep beledig en gekrenk op, omdat mens hom, deur die onthouding van voeding aan sy hoogs eie siel, dit laat oorkom om hom sodoende te beteuel.

16 Omdat hy beledig en gekrenk is, word die gees **woedend en verlang skadevergoeding**. Maar waar vind hy dit? **In die tweede hel!**

17 Wat is nou die **tweede hel? Niks anders as die gevolg van die eerste nie.** En deur die gevolg word die eintlike oorsaak van die eerste handelswyse reeds sigbaar.

18 Want die **toorn** is niks anders **as die vrug van die buitensporige eieliefde** en het haar wortels in die **heerssug**, wat die dryfveer van al die kwaad is, en sy woonplek is die **derde of onderste hel**. Hoe daar ten slotte uit die tweede hel ook nog `n derde ontwikkel en hoe ons leerlinge dit alles prakties moet aansien en ervaar, sal ons in die vervolg sien.

# Lesing 26 - 25 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Aanhalings uit Geestelike Son boek 2 aan J Lorber***

## In die tweede hel

**Hoofstuk 107** Weet julle waarom die mense op aarde **gehoorsaam** is? Die antwoord is baie maklik te gee. Miskien uit groot agting vir die persoon wat heers? O nee, want op hulle wat mens hoog ag, skel mens gewoonlik nie in die geheim nie; nog minder vervloek en verwens mens hulle. Tog word dit dikwels by onderdane teenoor hulle konings gedoen. Wie mens egter nie uit hoogagting gehoorsaam nie, gehoorsaam mens nog minder uit liefde. Daarom kan ons hier geen ander rede vir die gehoorsaamheid vind as **vrees** nie.

2 Waarop is die vrees gebaseer? Dit is ten eerste gebaseer op eie onmag, ten tweede op die oormag van die heerser en derdens op die feit dat die mens weet dat `n koning by bepaalde omstandighede nie omsigtig met die lewe van sy onderdane omgaan nie. `n Heerser, wat dikwels oor meer as een miljoen moordwerktuie kan beskik en aan niemand verantwoording hoef af te lê vir die dood van één of baie mense nie, is in ieder geval nie erg te vertrou nie, want die toorn van `n maghebber kan vir baie duisende die dood beteken.

3 Wanneer ons die saak bekyk soos dit is, dan blyk daaruit steeds meer **dat die angs vir die dood die hoofmotief vir gehoorsaamheid is.**

4 Gestel dat daar in `n staat suiwer volkome wedergebore, geestelik gewekte mense sou wees. Dan sou dit met die angs vir die doodstraf baie anders gelyk het. Die maghebber sou dan baie ander maatreëls moes tref as hy die leier van sy volk wou bly.

5 Maar waarop is die doodsangs van die mense dan gebaseer? Ek sê vir julle: Op niks anders nie as uitsluitlik op die onsekerheid of daar na die verlies van die lewe, **nog `n ander lewe is (dus op ongeloof).** Wie van julle is bang om aan die slaap te raak, hoewel die slaap niks anders is as `n periodieke dood van die liggaam nie? Waarom is `n mens nie vir die slaap bang nie? Omdat mens uit ervaring weet dat mens na die slaap weer in dieselfde, in `n sekere sin nuwe lewe ontwaak. Sou mens hierdie ervaring kan wegneem, dan sou elke mens net soveel angs vir die slaap gehad het as vir die liggaamlike dood. So is daar ook werklik mense op aarde wat glo dat hulle `n meertallige lewe het wat elke dag vergaan, en dat iemand anders die volgende dag in hulle huid sou wees.

7 Sou die mens `n gewekte gees hê, dan sou hy hom ewemin oor die wegval van sy liggaam bekommer of daarvoor bevrees wees, as wat `n gewone mens hom oor die slaap bekommer en dit vrees. Want die ervaring van die gees is die ewige lewe, wat onverwoesbaar is, en die ervaring van die siel is dat die slapende liggaam die volgende dag weer ontwaak, waardeur sy dan ook geen angs vir die slaap het nie.

8 Die vrees vir die dood as `n moontlike vernietiging van die bestaan, lê dus in die siel solank die gees nie in haar ontwaak is nie en as in haar derhalwe ook `n ander bewussyn opgewek is.

9 Laat ons nou met hierdie voorkennis weer na ons eerste hel teruggaan. Hierin is die siel niks anders nie as `n genot- of vreetpoliep en wel uit suiwer stom **selfsug en eieliefde**, omdat sy naamlik, as sy haar genotsug nie kan verwesenlik nie, voortdurend die moontlikheid tot vernietiging voor oë het.

10 In die tweede hel is, soos ons weet, die begerige siel deur die stewige **vastingkuur**, steeds meer ineengestrengel en het met haar versmelte gees deur hierdie afsonderingsmetode meer vryheid gekry. In `n selfde voorkomende, beste geval keer `n gees hier om, versterk hom en verhef sy siel dan hoe langer hoe meer. In die gangbare, ergste geval ontwaak die gees weliswaar, maar omdat hy by die ontwaking in so `n verontagsaming van sy siel, besonder gekrenk en beledig voel, begin hy ook self verontagsaam te voel. **Daardeur word hy vertoornd** en laat in sy toorn die idee steeds meer in hom ontkiem dat die Godheid `n nouliks te meet genoegdoening aan hom verskuldig sou wees vir die onreg.

11 Hoe meer die gees egter deur die idee in beslag geneem word, des te hoër stel hy sy eise en ook hoe meer ontevrede word hy oor elke voorstel tot ewige genoegdoening wat hom gebied word.

12 Uit hierdie steeds groter vordering, wat haar oorsaak vind in die steeds groter ontevredenheid, gaan die steeds meer wakker geworde gees dan oor in `n op wraak gesinde gevoel van self genoegdoening. In die geval word hy steeds meer `n "veragter van God". Hy sien ook steeds meer in, dat hy nie vernietig kan word nie en versterk hom met die idee dat die gees hom, deur die intensivering van sy denkbeelde en die verhoging van sy eise, tot in die oneindige kan versterk. Vanuit die gevoel ontstaan dan selfs die sataniese idee dat die godheid vir die steeds groeiende mag van sulke geeste bang sou wees, hulle daarom sou verberg en hulle magtige vyande deur bepaalde vreesagtige en swak spioenasiegeeste heimlik in hulle doen en late sou laat bespied. As die situasie bedenklik word, dan sou die godheid hom weer verder terugtrek en probeer om hom op alle moontlike maniere teen `n oormagtige aanval van sulke kragtige geeste te beskerm.

13 Deur die idee word die alles oorheersende gevoel van eiewaarde van die gees steeds sterker en die wraakgevoel ten opsigte van `n veronderstelde geslepenheid van die godheid steeds groter. Die godheid word dan natuurlik steeds magteloser, ja, die gees begin die godheid as`t ware verafsku, begin haar te minag en bitter te haat, en begin homself egter as `n hoër wese te beskou!

14 As dit sovêr gekom het, dan is die derde hel ook al `n feit. Hoe dit hom langs hierdie weg ontwikkel, moet ons leerlinge op die weg van die goddelike, beskermende voorsienigheid in die geheim saam waarneem en dan in die onderste hel alles, tot op die eintlike bodem van die kwaad, langs die weg van die ervaring leer deursien. Hoe die eintlike oorsaak van die kwaad hom egter ten slotte in hierdie onderste en mees kwaadaardige van alle helle openbaar, sal die vervolg laat sien.

# Lesing 27 - 26 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

## In die hele skepping is daar niks voorhande wat vernietigbaar is nie

108 Menigeen sou nou kan vra: Hoe kan mens nou dink en as moontlik beskou dat een of ander, in die hoogste mate ondergeskikte lewenskrag vanuit die sfeer van haar bewussyn teen `n oneindige, absoluut volmaakte lewenspotensie in opstand kan kom; want die lae lewenspotensie moet tog seker iets daarvan weet en daarvan bewus wees dat `n minimum van lewenskrag homself nooit staande sal kan hou teenoor die oneindige nie en dat daar van `n oorwinning tog ewig geen sprake kan wees nie! Goed, sê ek, die teenwerping klink nie sleg nie, maar berus nog in `n groot mate op onwetendheid. In `n uitsonderlike geval kan mens haar wel by benadering aandui, maar aangesien daar in die suiwer geesteryk geen hipotese en dus ook geen benaderings bestaan nie, maar slegs waarhede, kan dit dus ook geen volledige antwoord waardig wees nie.

2 `n Geestelike antwoord is `n volle waarheid, maar as dit nie in die vraagstelling beslote lê nie, kan daar ook nie geantwoord word nie. Die vraagsteller sal weliswaar `n antwoord kry, maar nooit `n regstreeks op sy vraag passende antwoord nie, dog slegs as `n indirekte waarheid. So is dit ook hier. As die antwoord daar is, dan sal die bewustelike (betrokke) teenwerping hom vanself oplos.

3 Of dus `n laer of soos hier, `n uiters ondergeskikte lewenspotensie in opstand kan kom of nie en of dit deur die oneindige lewenspotensie volledig vernietig kan word, sal dadelik aan die hand van enkele klein voorbeelde toegelig word.

4 Hoe swaar `n hele rotsgebergte is, hoef mens werklik nie aan iemand, wat wel eens `n paar kleiner klippe gedra het, van naderby uit te lê nie. Waaruit bestaan `n klein rotsgebergte dan? Uit suiwer atomiese klein deeltjies wat deur die wedersydse aantrekkingskrag stewig aanmekaar kleef. Wanneer ons van onder af in die gebergte omhoog grawe tot by die plek waarop die hoogste, dus swaarste bergtop rus, dan ontdek ons daarby oral goedbewaarde en buitengewone stewige klipwande. Neem ons uit hierdie stewige klipwande slegs `n klein deeltjie, plaas dit op `n staalplaat of op `n klip en slaan dan `n bietjie met `n hamer daarop, dan sal die deeltjie tot stof word.

5 Vraag: Waarom het die deeltjie geen weerstand teen die slaan van die hamer gebied nie, terwyl dit voorheen duisende jare lank aan `n nie te berekende groot druk van die swaar gewig van `n hele gebergte weerstand kon bied? Mens sal sê: Onder die gebergte was dit `n konkrete deel van die gehele massa en dit kon derhalwe die algehele druk met die hulp van die ander dele weerstaan. Maar net, sonder hulp sou dit daarom al onder `n geringe druk beswyk het. Goed, maar het hierdie geringe druk die deeltjie volledig vernietig? Volstrek nie, maar net in nog veel kleiner deeltjies verdeel.

6 Sou mens dan nie `n sodanige druk kan uitoefen om hierdie deeltjies volledig te vernietig nie? Ook dit is nie moontlik nie, nóg deur druk, nóg deur watter ander kragaanwending dan ook, want langs die een weg kan dit slegs in die kleinste deeltjies verdeel word, maar langs die ander weg in `n eenvoudige en vervolgens nog minder vernietigbare element verander word.

7 So rus ook die hele gewig van die aarde op haar klein, nietige middelpunt. Hoe kan dit dan die swaartekrag, wat so van alle kante daarop inwerk, weerstaan? Om die eenvoudige rede, dat volgens die ewige goddelike ordening daar niks in die hele oneindige skepping voorhande is, wat vernietig kan word nie en die allerkleinste homself voortdurend teenoor die allergrootste kan handhaaf, so nie in hierdie nie, dan tog weer in `n ander vorm.

8 As ons nou hierdie klein deeltjies `n volkome bewussyn toedig, waardeur haar realisering ewig nie vernietig kan word nie, dan is die vraag; watter krag kan sy dan aan bande lê en wat kan sy oorwin? Of verloor `n hele gebergte dalk iets, as sy kleinste basisdeeltjie onvernietigbaar is? Sekerlik nie, want sou één atoom vernietig kan word, dan sou dit ook vir die ander geld en op hierdie wyse sou dit ook met die hele groot gebergte gedaan wees.

9 Dit sou ook die geval wees met die aarde, en met God Self sou dit ten slotte nie beter gaan as daar in Sy hele oneindigheid êrens iets voorhande sou wees wat vernietig sou kan word nie.

10 Volgens die onveranderlike, ewige goddelike ordening kan die allerkleinste dus naas die allergrootste bestaan. Wanneer dientengevolge die kleinste lewenspotensie in haar geestelike sfeer besef dat sy nie gedood en nie vernietig kan word nie, dan het sy ook geen angs meer vir die allerhoogste lewenspotensie nie. En die bewussyn besorg dan die laagste lewenspotensie `n gevoel van heerssug waarin sy sê: Ek is vir die opperste lewenspotensie, wat hom as Godheid sien, so noodsaaklik en onontbeerlik, dat hy nie sonder my kan bestaan nie. As ons, as verskeie, ja talloos baie lae lewenspotensies, ons tot een geheel verenig, dan kan ons vanuit die sentrum werk en die vermeende opperste potensie tot die laagste maak. Die kan ons dan net so goed aanbid, net soos wat hulle dit nou van ons verlang. As mens moontlikerwys die binneste van `n wêreld na buite kan keer, dan moet dit ook met ons, lewenskragte, die geval kan wees. As ons, lae potensies, onsself verenig en groot beroering na buite toe veroorsaak, dan sal die Godheid soos `n lae lewenspotensie aan ons voete lê.

11 Kyk, dit is jou reinste helse filosofie en tewens die eintlike oorsaak van al die kwaad, en haar naam is heerssug!

12 Met die begrip het ons nou ook **die hele wese van die onderste hel leer ken** en die wese stem ooreen met die uiterlike verskyningsvorm van `n hemelliggaam. Op die oppervlak is die eerste graad van die hel in die poliepagtige genotsug duidelik te herken, want daar is alles wat julle sien op vraatsug gerig. In die meer inwendige kors van die aarde openbaar die vasting en maer word; daar bestaan nêrens plantegroei nie. Daar lê alles soos in `n star en op wraak gesinde dood; hoogstens is hier en daar oonde en warmwaterbronne te sien as ooreenstemmende beelde van die reeds oral deurskemerende toorn van die geeste van hierdie hel.

13 Gaan ons na die inwendige van die aarde, dan ontdek ons niks anders as `n aanhoudende, geweldige chaotiese verwarring. Die een vuur steek die ander aan en verstik dit weer. Elke waterdruppel wat daarin beland, verander onmiddellik in `n gloeiende hittige damp.

14 Hoe meer homself egter hier afspeel, des te groter is die reaksie bo die aardoppervlak en dit temper al hierdie inwendige reaksies altyd met die grootste gemak. En op die manier word alles so wys deur die Heer gelei, dat ook al hierdie helle, ondanks hulle sterkste weersin, Hom tot ewige behoud van die dinge moet dien. En die dwangmatige dien, wat aan die helse geeste welbekend is, is hulle grootste kwelling, omdat hulle goed kan insien, dat ondanks hulle afkeer, al hulle aktiwiteite deurgaans volkome met die goddelike ordening moet ooreenstem.

15 Dit is egter tewens ook die oneindige liefde en wysheid van die Heer, want slegs langs hierdie weg is dit moontlik om aan die heerssugtige handelwyse van hierdie boosaardige wesens paal en perk te stel. Want as hulle sien dat die Heer hulle mees boosaardige ondernemings altyd ten goeie kan keer, word hulle kwaad en doen heeltemal niks meer nie, totdat hulle weer `n nuwe plan gesmee het om teen die Heer ten uitvoer te bring. Die Heer weet natuurlik ook om dit net soos die vorige te benut. Dit is teoreties beskou die aktiwiteit en die wese van die onderste hel.

16 Hoe dit homself egter alles in `n verskyningsvorm openbaar, sal ons in die vervolg van naderby beskou en wel in al drie helle!

# Lesing 28 - 27 November 2020 - Die lot van kindertjies in die hiernamaals

***Aanhalings uit Geestelike Son boek 2 aan J Lorber***

## Beelde van die eerste en die tweede hel

**Hoofstuk 109:1** Hoe die verskyningsvorm van die eerste hel lyk, het julle tydens die verloop van die mededeling oor die son al eens gesien, net soos die binnegaan in die eerste hel op verskillende maniere. Ek moet net nog daaraan toevoeg dat die ywer van die helse geeste wat julle in die eerste hel gesien het, **by voorkeur slegs gerig is op genot en vreet**. Hierdie toestand lyk soos op die aarde, waarin die mense ook al die moontlike doen om, soos julle gewoonlik sê, brood op die planke te kry.

2 Daar is die verskillende soorte bedrywe opgestel, ander aas op een baan as beampte, weer ander op `n goeie huwelik. Dit alles doen hulle nie vanweë die goeie nie, maar uitsluitlik terwille van hulself en die daaglikse brood. In hierdie toestand bekommer hulle hulle weinig oor een of ander prag of glorie, maar dit gaan vir hulle veral om `n sekere broodwinning.

3 Op die hemelse manier is mens enkel en alleen **besorg oor die liefde en die ken van God**. Vir al die ander sorg die Heer! Volgens die helse manier maak die mens hom egter juis besorg oor die teenoor-gestelde. Mens wil `n sekere versorging hê en dink in die beste geval; as ek eers maar van alle uiterlike behoeftes verseker is, dan sal ek wel sien of die gees met hierdie versorging tevrede is. Wanneer iemand dan `n uiterlike versorging, wat gewoonlik met een of ander beskeie besit verbonde is, verkry het, **dan gaan hy baie gou tot `n hoogmoed oor wat aan sy besit verwant is,** wat hy midde in `n sekere praal steeds meer versterk. Om die rede begin jong beamptes dan ook net soos nuwe bedryfvoerders, elkeen natuurlik op sy eie gebied, **steeds meer te spog**. Baie spoedig weet hulle nie meer hoe hulle moet sit, staan, loop, kyk, luister en spreek nie, sodat `n mens al dadelik merk en in `n sekere sin sal erken en van hulle gesig aflees, hoe bemiddeld hulle is en welke belangrike amp hulle beklee.

4 As sulke mense op hierdie manier van alles voorsien is, dan hoef hulle vir niks meer te sorg nie, want hulle het hulle vaste inkomste en hulle daaglikse brood. Nou sou hulle moet begin om vir die geestelike te sorg. Maar inteendeel, nou het die **pronk- en heerssug** hulle intrede met die versorging gemaak. Daarom sorg hulle nou meer as ooit daarvoor om steeds maar hoër op te kom en net soos die bedryfsvoerders, steeds ryker te word. In hierdie situasie word hulle vervul met **afguns en innerlike haat** teenoor diegene wat hulle op een of ander manier in die weg staan.

5 Die naasteliefde gaan by hulle sovêr, dat menige ondergeskikte beampte niks vuriger wens as die dood van die hoëre beampte wat bo hom geplaas is, om dan by so 'n geleentheid die plek van sy meerdere te kan inneem. Die fabrikant wens niks vuriger as die saaklike ondergang van sy kollegas nie, sodat hy dan die hele handel na hom toe kan trek. Ja, sy naasteliefde gaan sovêr dat hy, as dit maar ietwat moontlik sou wees, al sy mededingers in `n druppel water sou wil verdrink. Hy onderneem ook alles wat maar denkbaar is om, waar en hoe maar moontlik, **sy naaste mededinger te ruïneer.**

6 As julle hierdie wêreldse gedrag `n bietjie van naderby belig, dan sien julle **die eerste hel met haar vraatsug** reeds heeltemal voor jou en ook sien julle haar skerp uitgebeeld hoe dit in **die tweede hel in haat, toorn, nyd en heerssug oorgaan**. Julle hoef hier niks anders te doen as om die uiterlike morele en burgerlike staatswette te deurstreep nie en julle het die eerste en tweede hel letterlik en figuurlik voor oë.

7 Wat op aarde, onder die dekmantel van morele en burgerlike wette, nog van `n sekere beskawing getuig, ontaard hier by die wegval van hierdie wette dadelik in **oorlog, roof- en moordlus**. Siedaar – die perfekte beeld van die eerste hel.

8 Wil julle die beeld van die tweede hel sien, doen dan dieselfde. Julle sal dadelik oral **verborge listigheid** begin te ontdek en nêrens sal julle mense of geeste saam sien, wat nie mekaar se **doodsvyande** is nie. Ook al bejeën hulle mekaar **uiterlik vriendelik en vol hoflikheid** en ook vol **skynbare** wederkerige liefde, dan is al hierdie liefde tog **niks anders as suiwer haat nie**. Want dit is alles **politiek** om die teenstander rustig te stem en hom fyntjies te ontwapen, om hom dan meer verseker sonder teenstand te kan oorval en ten gronde te rig.

9 Kyk op julle aarde maar net na die sogenaamde **onderkruipers en hakskeenlekkers**. Dit is gewoonlik die ergste vyande van diegene **voor wie hulle kruip**. Hulle tel hulle op, om dieselfde rede as wat die gier (tipe arend) die skildpad optel om hom, wanneer hy die korrekte hoogte met hom bereik het, op `n skandelike manier te laat val en so nog meer deur sy val te wen.

10 Kyk, dit is weer letterlik en figuurlik **die suiwer helse liefde van die tweede graad**. Daarom word daar in hierdie hel ook **allerlei bedrieglike kunste** uitgehaal om mekaar daarmee te vang en ten gronde te rig, in die dwase veronderstelling dat mens deur die val van ander, op watter wyse dan ook, steeds meer sou kan wen.

11 Op hierdie manier leer ons leerlinge die helle ook eers teoreties en daarna prakties deur en deur ken. En so het ons ook op die kortste moontlike manier die **verskyningsvorme van die eerste twee helle in oënskou geneem**. Wie nog ietwat oor hierdie beskrywing sal nadink, sal alles sonhelder voor hom hê. Wat die verskyningsvorm van die derde hel egter betref, daaraan sal ons `n aparte beskouing wy, want dit moet die beste begryp word, omdat dit die oorsaak van al die kwaad is.